

ASPEKTE VAN DIE AFRIKAANS VAN
RIEMVASMAKERS

deur

JACOBA JOHANNA FOURIE

Verhandeling voorgelê ter nakoming
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier : Prof H.G.W. du Plessis

Desember 1985

B E D A N K I N G

Hiermee betuig ek my opregte dank aan:

- Prof. H.G.W. du Plessis, my studieleier, vir sy inspirerende leiding en nuttige wenke waarby hierdie verhandeling tegnies en inhoudelik gebaat het;
- die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële steun aan die projek oor Suidwesafrikaans;
- die Instituut vir Taal- en Letterkundige Navorsing van die PU vir CHO vir finansiële hulp om die onkoste met veldwerk te dek;
- die Raad van die Akademie vir studieverlof tydens die eerste helfte van 1985;
- Wilfred Haacke vir belangstellende en sinvolle gesprekvoering;
- Pastoor Eiseb vir insiggewende gesprekvoering;
- Sachos Simons vir die hulp wat hy met die veldwerk verleen het;
- Frances Burger en Brigitte Giffin wat die tikwerk onder groot druk moes afhandel;
- Janet de Lange en Lente Coetzee vir die versorging van die prente op die vraelys;
- die Riemvasmakers vir hulle spontane deelname aan die navorsingsprogram;
- Johan, Jan, Wilna en Jaco vir hulle ondersteuning, meelewing en inspirasie.

I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK I	:	ALGEMENE OORSIG	1
		1.0 Inleiding	
		2.0 Doel	1
		3.0 Oorsig	1
		4.0 Hipotese	3
		5.0 Doelstelling met die studie van Riemvas- maakafrikaans	7
		6.0 Riemvasmaakafrikaans	11
		7.0 Standaardafrikaans	12
		8.0 Variasietaal	14
		9.0 Vereenvoudiging en kom- pleksiteit in Riemvas- maakafrikaans	15
		10.0 Metodiek	22
		11.0 Slot	41
HOOFSTUK II	:	HISTORIESE OORSIG	42
		1.0 Inleiding	42
		2.0 Doel	43
		3.0 Oorsig	44
		4.0 Afrikaans as omgangstaal in SWA/Namibië	58
		5.0 Afrikaans as eerstetaal vir Riemvasmakers	59
		6.0 Redes vir taalverplasing by die Riemvasmakers	59
		7.0 Hervestiging van die Riemvasmakers in Damara- land	61
		8.0 Slot	64

HOOFSTUK III	: SINTAKSIS EN MORFOLOGIE	66
	1.0 Inleiding	66
	2.0 Doel	67
	3.0 Oorsig	68
	4.0 Naamwoorde	68
	5.0 Die Voorbepaling	78
	6.0 Genitiefsvorm	80
	7.0 Anaforiek	83
	8.0 Ontkenning	90
	9.0 Setselgroepe	91
	10.0 Werkwoorde	104
	11.0 Bysinne	124
	12.0 Slot	
HOOFSTUK IV	: DISKOERS	133
	1.0 Inleiding	133
	2.0 Doel	133
	3.0 Wat is diskoers?	134
	4.0 Metode	145
	5.0 Diskoersorganisasie	145
	6.0 Riemvasmaakafrikaans vanuit 'n diskoersbena- dering	164
	7.0 Diskoersmerkers	175
	8.0 Leksikon	191
	9.0 Slot	192
HOOFSTUK V	: SINOPSIS	194
BYLAE I	: VRAELYS - Afdeling A	196
	- Afdeling B	201
	- Afdeling C	216
BYLAE II	: KODEVERMOËRESULTAAT	219

BYLAE III	:	KAART 1	220
		KAART 2	221
		KAART 3	222
BYLAE IV	:	DISKOERSEENHEDE	223
		A 'n Beskuldiging: 'n Informant vertel	223
		B 'n Byenes word uitgehaal: 'n Informant beskryf	224
		C 'n Vertelling van 'n eie ervaring	225
		D Verduideliking van die pad	226
		E 'n Beskrywing van 'n moontlike beskuldiging	228
		F 'n Verhaal	229
BIBLIOGRAFIE			231

H O O F S T U K 1

A L G E M E N E O O R S I G

S A M E V A T T I N G

1.0	INLEIDING	1
2.0	DOEL	1
3.0	OORSIG	1
4.0	HIPOTESE	3
5.0	DOELSTELLING MET DIE STUDIE VAN RIEMVASMAAK- AFRIKAANS	7
6.0	RIEMVASMAAKAFRIKAANS	11
7.0	STANDAARDAFRIKAANS	12
8.0	VARIASIETAAL	14
9.0	VEREENVOUDIGING EN KOMPLEKSITEIT IN RA	15
10.0	METODIEK	22
10.1	Dataversameling	22
10.1.1	Voorlopige ondersoek	22
10.1.2	Geografiese verspreidingsopname	23
10.1.3	Apparaat	24
10.1.4	Transkripsies	24
10.1.5	Opnames	24
10.1.6	Informante	25
10.1.7	Veldwerkers	26
10.1.8	Die onderhoud	28
10.1.9	Die vraelys	29
10.1.9.1	Afdeling A	30
10.1.9.2	Afdeling B	35
10.1.9.3	Afdeling C	37

	10.1.10	Veranderlikes	37
		• - Sintaksis	
		- Morfologie	
		•- Diskoers	
	10.1.11	Aktualiteit	38
11.0	SLOT		41

BYLAE I : Vraelys: Afdeling A, B en C

BYLAE II : Resultaat van die Kodevermoëtoets

1.0 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word uitgegaan van die standpunt dat die Afrikaans van Riemvasmakers (RA) 'n variasie van Afrikaans is wat veral ooreenkomstoon met die Afrikaans soos dit deur ouer Griekwas en deur die mense in die Noordwes-Kaap gepraat word. Daar word dus uitgegaan van die hipotese dat RA 'n vorm van Oranjerivierafrikaans is (vgl. Van Rensburg 1984:514).

2.0 DOEL

Die doel van hierdie hoofstuk is om die navorsingsprosedure uiteen te sit en 'n oorsig te gee van die moontlike veranderlikes soos dit sintakties en morfologies in die diskoers van Riemvasmakers voorkom.

Navorsing is gedoen aan die hand van 'n vraelys wat

- a) hul kodevermoë getoets het;
- b) hul gelei het tot gesprekvoering oor bepaalde onderwerpe om sodoende voldoende materiaal te kon bekom vir sintaktiese en diskoersontleding en ook
- c) om op 'n formele wyse morfologiese gegewens te kontroleer.

Taalgebruik wat op hierdie wyse bekom is, is verwerk en deur vergelyking met ander variasievorme van Afrikaans word daar ten slotte 'n opsomming van moontlike veranderlikes ten opsigte van die sintaksis, morfologie en diskoers van die Riemvasmakers se Afrikaans gegee.

3.0 OORSIG

Die voorgeskiedenis van die Riemvasmakers dui op 'n Afrikaansverbonde verlede waarin verskeie faktore daartoe bygedra het dat hierdie groep tans uitsluitlik Afrikaans as algemene omgangstaal en as huistaal gebruik.

In enige gemeenskap speel die omgewing 'n baie belangrike rol met betrekking tot die taal wat deur die mense in daardie gebied gepraat word. Ten opsigte van die Riemvasmakers was dit sowel die omgewing waaruit hulle afkomstig is, as die omgewing van die Oranjerivier waarbinne hulle later gevestig geraak het waardeur Afrikaans binne die groep sy beslag gekry het. Al die vroeëre stamvaders het ontvlug uit 'n Afrikaansgeoriënteerde SWA/Namibië waar Afrikaans 'n bestaan

gehad het en hulle kom by die Oranjerivier in aanraking met Afrikaanssprekende Blankes en Oorlams.

Volgens Odendal (1983:27) gaan die "grootste invloed uit van die taal wat deur die ekonomies, militêr of kultureel sterkste groep gepraat word". Om dan 'n ekonomiese voortbestaan te verseker, het werksomstandighede werknemers genoodsaak om Afrikaans te bemeester, maar volkome assimilasië met die inwoners in die omgewing kon ook net deur middel van Afrikaans geskied. Daarom weerspieël die Riemvasmakers se kultuur ook hierdie dubbele aanpassing: Blankes se eetgewoontes, kerk en skool, maar Nama-oorlams se invloed spreek duidelik uit bepaalde seremoniële gebruike rondom die huwelik, geboortes, sterftes, reënseremonies, ens. Om ekonomiese redes moes die vlugtelinge Afrikaans leer ten einde werk te kon kry, maar kultureel moes hulle ook aanpas by die reeds gevestigde sterkste werkersklasgroep wat Afrikaanssprekend was - die Oorlams. Dit verklaar dan waarom die kerk en skool reeds sedert die vroegste jare slegs deur die medium van Afrikaans kon funksioneer.

Hoewel die eerste amptelike skool en sendingstasie eers in 1933 in die Riemvasmaakreservaat geopen is, het kinders reeds in 1923 en selfs vroeër, in Keimoes in Afrikaans skoolgegaan. Daarom was daar, volgens Zaby (1982:124), met die aankoms van die Riemvasmakers in SWA/Namibië "schon manche der etwa zwanzigjährigen (wat) nicht mehr Nama sprechen konnten". Uit opnames het dit egter geblyk dat daar ook sestigjarige en selfs enkele ouer persone was, wat hoogstens 'n baie gebrekkige kennis van die Namavariasie van die Riemvasmakers gehad het. ⁽¹⁾

(1) Hier word van 'n Namavariasie gepraat, nie soseer omdat dit baie Afrikaanse woorde bevat nie, maar juis omdat dit ouer Namataalvorme insluit wat nie vir die gewone Nama/Damaraspreker in SWA/Namibië meer bekend is nie. (Aldus Levi Namaseb wat Nama by die Akademie doseer)

4.0 HIPOTESE

Op grond van hierdie historiese feite kan 'n mens uitgaan van die standpunt dat Riemvasmakers 'n soort Afrikaans praat wat in sommige opsigte met die taal van ander Oorlamsgroepe, soos die Griekwas of die Basters, kan ooreenkom, maar in ander opsigte kan RA ook moontlik verband hou met standaardafrikaans (SA) en ander variasies in die Noordwes-Kaap. So 'n aanname is moontlik op grond daarvan dat Riemvasmakers se kultuur kenmerke van al hierdie groepe weerspieël en "a society's language is an aspect of its culture" (Hudson, 1982:83). In watter mate RA met enige van hierdie variasies gaan ooreenkom of verskil, sal afhang van wat Hudson (1982:15) onderskei as hul individualisme of gelykvormigheid. Hy sê: "The amount of variation actually found within any given community will depend on the relative strengths of these two forces, so that conformity will predominate in some communities and individualism in others."

Aangesien die Afrikaans van Riemvasmakers uit alle ouderdomsgroepe en van verskillende opvoedingspeil ondersoek is, kan groter gelykvormigheid aangetoon word as in Griekwa-afrikaans (GA) (1984: Griekwaverslag) maar veranderlikes wat dan tog voorkom, beklemtoon dan juis die algehele individualisme van hierdie variasie. Baie Riemvasmakers is nog ongeskoold en heelparty het slegs laeronderwysopleiding deurloop. Daarom is dit tog moontlik dat die krag van individualisme redelik sterk in hierdie variasie teenwoordig kan wees. Teenoor GA sal RA groter gelykvormigheid vertoon, maar teenoor SA sal die individualisme van hierdie variasie duidelik spreek.

Daar kom variasie op alle taalvlakke voor - foneties, morfologies, sintakties, leksikaal, semanties, maar ook ten opsigte van kommunikatiewe vaardighede en strategieë - want omdat die kulturele kennis verskil, kan hul individualisme tog in 'n funksionele taalgebruiksvorm op alle taalvlakke weerspieël word.

Taalondersoek sal in hierdie studie toegespits word op die gesproke omgangstaal van die Riemvasmakers. Alle gesproke taal is 'n vorm van kommunikatiewe gedrag wat taalkennis, interaksionele vaardighede sowel as intuïtiewe kulturele kennis veronderstel.

By die individu behels taalkennis 'n kennis van die interne sowel as die eksterne struktuur van die taal. Ten opsigte van RA sal, in die ontleding van hulle taal, gekonsentreer word op die interne struktuur van hierdie variasie sodat slegs aandag gegee sal word aan gebruikspatrone wat sistematies en frekwent in die sintaktiese en morfologiese struktuur van hulle taal voorkom. Dit impliseer nie dat eksterne faktore, soos sosiale merkers en nie-verbale kenmerke 'n minder belangrike rol in hul taalaanwending speel nie; intendeel: gebare, oogkontak of gesigsuitdrukking vorm 'n samehangende geheel met die verbale oordrag in dié sin dat dit help om ander komponente van taalhandeling te manipuleer tot nuwe betekenis.

Volgens Van Rensburg (1983:267) kan die verbale gedeelte van 'n gesprek slegs vir 7% van die kommunikasiesukses verantwoordelik wees. Klankaspekte speel 'n veel groter rol in die bereiking van 'n gespreksdoel (38%), en 55% van die sukses in gesprekvoering lê op die vlak van liggaamstaal. Indirek steun die spreker dus baie swaarder op die eksterne taalgebruiksvaardighede as die interne taalstruktuur om suksesvol te kommunikeer, maar dit was nie moontlik om ook hierdie eksterne faktore ten opsigte van RA te ondersoek nie.

Ook sosiale merkers, soos ouderdom, geslag, beroep, ens. is eksterne faktore wat 'n invloed kan hê op die taalgebruiker se kode. Hierdie is egter nie 'n suiwer sosiolinguistiese studie nie en daarom sal hierdie aspekte nie altyd in aanmerking geneem word nie.

Dit is ook nodig om daarop te wys dat die taalondersoek ten opsigte van RA gedoen is met behulp van bandopnames wat nie altyd persoonlik deur die ondersoeker self gedoen is nie. Daarom is dit hoofsaaklik die verbale aspekte van hulle taal wat ondersoek kan word, maar ten einde 'n sinvolle beskrywing van die variasie in RA te kan gee, is verwysing na ander variasievorme soos GA en SA ook 'n noodsaaklikheid want dit is slegs moontlik om die omvang en funksionaliteit van grammatikale of interaksionele variasie te illustreer as dit in kontras met ander variasievorme gebring word en deur middel van 'n multidialektometodologie aangepak word (vgl. Du Plessis, 1984:40). Ongelukkig bestaan daar, wat 'n volledige studie van variasietaalvorme

betref, slegs een redelik volledige beskrywing van so 'n soort Afrikaans, nl. GA, en daarom is verwysing na die standaardvariasie ook noodsaaklik in die beskrywing van RA.

Daar bestaan wel dialektstudies oor die variasie van die Rehoboth-Basters van SWA en die Griekwas soos Rademeyer dit in 1938 beskryf het. Die fonetiese variasie van die Basters se taalgebruik is in 1984 deur Van Schalkwyk beskryf. Hierdie studie van Van Schalkwyk het nie vergelykbare materiaal bevat om in 'n multidialektologiese benadering ter beskrywing van die Riemvasmakers se variasie te kon benut nie.

Rademeyer het wel die taalvariasie van die Griekwas en die Basters ten opsigte van verskillende taalvlakke aangeraak, maar die navorsing was slegs toegespits op die taalgebruik van die ouer sprekers en voorts is dit bykans bloot 'n opsomming van variante vorme. Hoewel Rademeyer nie verontagsaam is nie, is die Griekwaverslag 'n meer resente en wetenskaplike ontleding van die Griekwas se huidige taalgebruik. Dit bevat dus die geskikste materiaal om in 'n multidialektologiese studie te betrek.

Links (1984) het die variasie van die Kharkams beskryf. Dit is die Afrikaans van 'n geslote groep sprekers wie se taal groot ooreenkoms met ander Oranjerivierafrikaanse variasies vertoon. Na hierdie werk word nie verwys nie, maar ten opsigte van sintaktiese en morfologiese variasie is daar groot ooreenkoms tussen hierdie groep se Afrikaans en GA.

Omdat kommunikatiewe taalvermoë ook 'n kulturele taalvermoë veronderstel, is variasietaal een van die simboliese sisteme van 'n kultuurnetwerk en daarom behoort die strategieë wat aangewend word om die gespreksdoel te bereik, juis deur middel van variasieverskil of variasieooreenkoms 'n historiese kultuurverband tussen Riemvasmakers en Griekwas te kan uitwys.

Binne die konteks van 'n bepaalde situasie kan paralinguistiese kenmerke, soos tempo, toonhoogte, stiltes, aksente en die intensiteit waarmee woorde geuiter word, moontlik dui op so 'n strategie vir sover dit verband hou met 'n vervangingsrelasie tussen linguistiese en nie-linguistiese handeling. In hierdie studie sal in hoofsaak gekyk word na woordkeuse, sintaktiese en diskoersverskynsels wat

as strategieë die variasievorm funksioneel kenmerk. Daar is reëls vir die gebruik van geskikte vorme in bepaalde situasies of met betrekking tot bepaalde onderwerpe en dit is hierin dat daar ook variasiekenmerke ten opsigte van ander variasietaalvorme uitgewys kan word.

Van hierdie taalvermoë is sprekers nie bewus nie, maar hulle het net 'n nuwe persepsie van hierdie veranderlike beperkings en pas dit nie konsekwent toe nie (Labov, 1970:60), maar interpretasie daarvan is tog wel moontlik indien die taalgebruik onbewustelik en spontaan is. Daarom is met die vrae op die vraelys gepoog om juis net vrae in te sluit oor onderwerpe waarvoor informante graag en met gemak kon of wou gesels.

Wat die sintaksis betref, vertoon die struktuur van die sintaktiese eenhede selde dramatiese variasiepatrone soos moontlik ten opsigte van die leksikon, morfologie of die fonologie waargeneem kan word (Hudson, 1982:46). Daar word nogtans in die gesproke taal dikwels sinne gevorm wat nie die model van die geskrewe vorm weerspieël nie, en dit is op grond van sodanige halwe sinne, onvoltooide sinne, "foutiewe" meervoudsvorme, invoeging van "leë" woorde, ens. dat Labov (1972:34) by implikasie beweer dat die gesproke taal uit ongrammatikale sinne opgebou is.

Gesproke taal behoort egter beoordeel te word teen die agtergrond van wat "a speaker does with a sentence, what act he carries out, and what assumptions he has in carrying out the act" (Kempson, 1979:42). Die spreektaal is wel afhanklik van die struktuur wat in die geskrewe vorm aanwesig is, maar ook van 'n struktuur wat slaan op bepaalde wyses van gebruik. Daarom is dit nodig om in variasiestudie ook eenhede groter as die sin te beskryf, want ofskoon 'n sin 'n bepaalde struktuur vertoon, word hierdie struktuur ook gevorm en gebruik in samehang met die konteks van die gespreksgebeure. Of die gesproke taalvorm snaaks lyk in 'n geskrewe vorm, is nie te beoordeel as ongrammatikaal teen die agtergrond van 'n geskrewe variant nie, maar dit vorm 'n samehangende geheel deur interpretasie en op dié wyse kan dit fyn gespreksdetail op verskillende vlakke openbaar. Op dié wyse is diskoers georganiseer en gestruktureer en kan variasie in terme van interaksionele strategieë en verskillende diskoersvaardighede verklaar word.

Deur RA binne die raamwerk van universele beginsels aan gespreksbeginsels van die ander Afrikaanse variasies te meet, kan die eienskappe van diskoers in RA verklaar word. In die geval van die Riemvasmakers verskil hul norme, kulturele geskiedenis en leefstyle van ander groepe en daarom is dit moontlik dat ook hul taalaanwending (as deelsimbool van hul kultuur) variasie kan toon ten opsigte van taalkennis en interaksionele vaardighede en dit kan heenwys na historiese verbintenisse, want "a communicative act has a function with respect to both the structure of the interaction of which it forms a part and with respect to the attitudes, feelings and beliefs of the speaker making it" (Edmondson, 1981:82).

5.0 DOELSTELLING MET DIE STUDIE VAN RA

Die doel met die studie van RA is dan om 'n analise te maak van grammatiese en diskoersverskynsels in hierdie variasie deur dit in verband te bring met hoofsaaklik SA en GA. Daar sal ook na die algemene omgangstaal van Afrikaanssprekende blankes verwys word ten opsigte van gebruiksgevalle waar daar navorsingsmateriaal oor sulke variasies beskikbaar is.

Die beskrywing van RA sal gedoen word na aanleiding van spontane taal soos dit uit alledaagse omgangstaal opgeteken is. Waar dit onmoontlik is om in die omvang van 'n verhandeling na alle variasie-aspekte van so 'n variasietaal te verwys, word die beskrywing van RA beperk tot 'n tweeledige funksie-omskrywing.

(1) In die studie van hierdie variasie word in die eerste plek beoog om 'n beskrywing te gee van die frekwentste patroonmatighede soos dit in die sintaksis en morfologie van RA voorgekom het. Ten einde bepaalde vorme as variasievorme te kan identifiseer, sal interne linguistiese funksies in die grammatika (ten opsigte van bogenoemde komponente), in verband gebring word met ander variasietaalvorme soos SA en GA. RA sal met die standaardvariasie vergelyk word omdat dit die doelwitvariasie is, en 'n vergelyking van RA met AG is nodig omdat van laasgenoemde variasie 'n volledige variasiestudie in Afrikaans gedoen is, maar ook omdat daar op grond van historiese gegewe, 'n groot ooreenkoms tussen dié twee variante taalvorme vermoed kan word.

Deur die vergelyking van RA met ander variasietaalvorme, sal die oppervlakteorganisasie van die sintaktiese en morfologiese gegewens volgens 'n multidialekmetodologie ondersoek word om op kwantitatiewe wyse ooreenkomste en verskille tussen die verskillende variasietaalvorme uit te wys. Uit die mate waarin hierdie twee grammatiese eenhede ten opsigte van ander variasietaalvorme varieer, kan variasie ook ten opsigte van die ander aspekte binne die taalsisteem vermoed word.

'n Transformasionele en strukturele benadering tot taal dui op 'n homogeniteit van tale. Sociolinguistiek het ter aanvulling bepaalde sosiale aspekte van taal uitgewys wat juis die heterogeniteit van taal beklemtoon. As daar na 'n enkele volmaakte teorie onder die linguistiese teorieë gesoek word, sal telkens teen tekortkominge in elkeen van hulle gestuit word. Uit die gesamentlike toepassing van die verskillende teoretiese benaderings, kan egter moontlik iets oor die spreektaal as 'n dinamiese entiteit gesê word.

Na aanleiding van die Chomskiaanse struktureel-analistiese benadering tot taalontleding, stel Searle (1969:17) dit dat "(die) study of those formal features without their role in speech acts, is necessarily incomplete" waardeur hy by implikasie aan so 'n benadering, naas dié van 'n taalhandelingsteorie bestaansreg gee as 'n teorie vir taalbeskrywing. Ook Chambers en Trudgill (1980:47) beklemtoon andersyds die verband tussen die sociolinguistiese benadering en hierdie soort struktureel-analistiese benadering deur daarop te wys dat 'n "lect (can) be distinguished not only by the presence or absence of a variable, but also by the frequency with which some variable occurs in one lect by contrast to another". Deur slegs "vreemde" verskynsels in 'n taalvorm uit te wys, sê nie veel nie, tensy dit deur middel van 'n struktuurbenadering as 'n frekwente en funksionele veranderlike bewys is in terme van ander variasievorme. As 'n mens ook Stubbs (1984:3) se siening hiermee in verband bring, nl. dat taal, handeling, situasie en kennis 'n onlosmaaklike eenheid is, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat

'n struktuurontleding nodig is ten einde die frekwensie van die voorkomsgevalle van veranderlikes te kan bepaal. In vergelyking met ander variasietaalvorme kan frekwente veranderlikes heenwys na die individualisme van die variasie, terwyl die taalhandelingsteorie variasietaalvorme kan verklaar in terme van die wyse waarop sekere keuses uitgeoefen word om taalgebruik ten opsigte van bepaalde gebruiksgewone deur middel van die aanwending van strategieë as 'n variante taalvorm te kan kenmerk.

- (2) Die tweede doelstelling met die ondersoek van RA is dan om te bepaal tot watter mate sintaktiese en morfologiese strukture deur gespreksgedrag gemanipuleer word om gespreksdoelwitte met ander betekenis te bereik.

Aangesien alle taal 'n indirekte handelingsfunksie het wat 'n onderliggende sosiale funksie kommunikeer, kan interaksionele vaardighede juis nie by die ondersoek van die variasietaal buite rekening gelaat word nie. Deur die verband tussen 'n bepaalde variante sintaktiese of morfologiese struktuur en die handelingsfunksie aan te toon, kan 'n bepaalde uitdrukking in 'n verskeidenheid situasies en kontekste 'n korrelasie uitwys tussen uitdrukkingsvermoë in die variasie en kontekstuele parameters. Daar bestaan dus die moontlikheid dat die handelingsfunksie van variante vorme sal wissel afhangende van die onderwerp wat gekommunikeer word. Op dieselfde wyse sal die keuse van 'n bepaalde strategie verander om by die gespreks- onderwerp binne die sosiale konteks aan te pas.

Omdat taalhandelinge nie deur Searle en Austin as sodanige sosiale entiteite beskou is nie, kan hul teorie-uiteensettings nie sonder meer op die beskrywing van variasietaal toegepas word nie, want variasietaal is natuurlike taal wat in reekse handelinge verbind en verwys nie na geïsoleerde handelinge wat uitgedink is en buite die konteks van hul gebruik staan nie. Volgens Stubbs (1984:147) bestaan daar 'n verband tussen die linguistiese vorm van 'n uiting en die sosiale netwerk. Hierdie verband moet nie uit die oog verloor word nie, en

taalgebruik moet daarom in terme hiervan binne die gesprekskonteks en selfs in strukturele eenhede bo die sin beskryf word.

Na aanleiding van die bogenoemde siening van Stubbs sal RA ook beoordeel word wat die groter eenhede betref. Daar sal in die ontleding van diskoerseenhede waarin reekse sinne verbind tot 'n samehangende geheel, rekenskap gegee word van die handelingsfunksie wat deur 'n metateks gekommunikeer word. Daar is 'n bepaalde manier waarop een uiting op 'n ander volg om 'n samehangende geheel te vorm. Hoe hierdie uitings op mekaar gaan volg, sluit ook strategie in en aangesien variasietaal nie slegs tot bepaalde sisteme in die taal beperk is nie, is veranderlikes ook ten opsigte van diskoersaangeleenthede nie onmoontlik nie.

Vroeëre beskrywers van variasietaalvorme, soos Von Wielligh en Rademeyer (Du Plessis, 1984:43), het die klem laat val op die eenvoudigheid en minderwaardigheid van die variasie van die Griekwas. Uit 'n diskoersontleding van die taal van die Riemvasmakers kan juis die teendeel bewys word. Variasietaalvorme illustreer die heterogeniteit van taal, maar bly steeds "geskik vir die gemeenskap wat dit praat". Deur die gebruik van bepaalde lekseme, grammatiese strukture, bindingsmiddele en strategieë, word 'n variasietaalvorm as 'n variasie gekenmerk en dit vertoon steeds 'n struktuur wat onderliggend aan elke geval van taalgebruik is en waarsonder kommunikasie uitgeslote sou wees (Odendal, 1983:51). Ook in variasietaal is betekenis "constructed, not built up by adding one symbol to another; it is bargained for between two or more people who have enough in common to make discussion possible but who have enough disagreement to make progression inevitable" (Gray, 1977:214).

'n Variasievorm is daarom nie in alle opsigte 'n vereenvoudigde vorm van die standaardvorm nie, maar variasieverskil moet eerder gekoppel word aan verskillende tipes van sosiale doeltreffendhede wat in die variasievorm vergestalt word en wat dit van SA laat verskil.

Die omvang van sintaktiese en morfologiese variasie hang saam met sosiale faktore wat bepalend is vir die keuse van 'n vorm, maar in die bereiking van die gespreksdoel kan die aanwending van variante strategieë die variasievorm ook binne die diskoersraamwerk kenmerk.

6.0 RIEMVASMAAKAFRIKAANS

Ten einde te bepaal in watter mate die Riemvasmakers 'n variasie van Afrikaans praat, is dit nodig om hul taal in die eerste plek aan SA te meet. M.C.J. van Rensburg (1983:15) stel dit dat die "poneer van 'n standaardtaal maak 'n meting moontlik want variante kan nie bestudeer word, sonder verwysing na die norm waarvan hulle variante sou wees nie".

Dat Riemvasmakers 'n variasie van Afrikaans praat, is (soos reeds beredeneer) hoogs waarskynlik en logies afleibaar selfs nog voor enige diepgaande taalondersoek gedoen hoef te word. In die Riemvasmaakgemeenskap kom talle ongeletterdes voor wat net die spreektaal ken en nie-standaardvorme is in die reël nie-geskrewe vorme. As 'n mens dan ook in ag neem dat hulle 'n groep sprekers is wat \pm 1600 km van hul geboorteplek af hervestig is - 'n plek waarmee hulle tevore geen kontak gehad het nie - dan is dit moontlik dat hulle taal ook van die taal in die omgewing sou verskil. Verder het geeneen van die Riemvasmakers in Damaraland 'n TV nie, en slegs enkele besit 'n radio. Daarom is W.J. de Klerk se uitspraak dat "die druk van die SAUK op die uitspraakvorme al hoe sterker word" (De Klerk, 1978:220) nog nie op die "Rieme" van toepassing nie. Ook tydskrifte en koerante is 'n luukse en gevolglik is dit so dat die territoriale individualisme van die Riemvasmaakvariasie selfs nog na 12 jaar in SWA/Namibië bewaar gebly het. Hulle praat, om Van Rensburg (1984:514) se "hanteerbare gerieflikheidsterm" (Du Plessis, 1984:iii) te gebruik, Oranjerivierafrikaans.

Hiermee wil 'n mens nie voorgee dat ander Afrikaanssprekendes langs die Oranjerivier, nie ook soos hulle praat nie. 'n Mens kan nie summier ontken dat Blankes, Kleurlinge en ander groepe in daardie omgewing, se taal nie ook variasiekenmerke insluit wat juis die RA in die omgewing van SWA/Namibië tipeer nie; intendeel,

daar kan moontlik verrassende ooreenkomste wees tussen RA en die taal van die Blanke langs die Oranjerivier enersyds; en die taal van die Riemvasmakers en die Griekwas en ander groepe andersyds. Daarom sou 'n term soos Riemvasmaakafrikaans te eng wees om hierdie variasie te beskryf, maar dis 'n gemaklike verwysingsterm waardeur die variasie territoriaal getipeer kan word.

Volgens De Klerk (1978:219) veronderstel "die onderskeid tussen AB en dialek 'n sekere tradisie wat Afrikaans as kultuurtaal nog nie het nie", maar die tradisie van Afrikaans as kultuurtaal lê juis daarin dat daar reeds 'n onderskeid gemaak kan word tussen SA en 'n variasie. Die proses van akkulturasie is in RA baie duidelik waarneembaar. Geletterdheid is in hierdie gemeenskap nog nie 'n vanselfsprekendheid nie en juis daarom word die tradisie van Afrikaans as kultuurtaal duideliker weerspieël.

Voordat taalvariasie by die Riemvasmakers egter in besonderhede ondersoek kan word, is dit nodig om eers die norm, nl. SA, beter toe te lig.

7.0 STANDAARDAFRIKAANS

Hudson (1980:32) stel dit dat "standard languages are the result of a direct and deliberate intervention by society. This intervention, called 'standardization', produces a standard language where before theré were just 'dialects' (i.e. non-standard varieties)". Dit is vir elke taal noodsaaklik om 'n gestandaardiseerde dialek te hê wat hoofsaaklik as die eenvormige geskrewe taal kan dien - die dialek wat deur die regering tot offisiële en amptelike status verhef word en gevolglik ook die taal is waarin die letterkunde en media publiseer; die taal van die opvoedkundige inrigtings, die regsweese, kerk en die wetenskap. (Hudson, 1980:33; Van Schalkwyk, 1984:28; Odendaal, 1983:44; Van Rensburg, 1983:135).

Standaardisering van 'n bepaalde dialek, beteken dat hierdie dialek 'n vorm van die taal veronderstel soos dit deur "toonaangewende sprekers gepraat behoort te word" (Van Rensburg, 1983:135) en as so 'n taalvorm aanvaar is, "word daar meestal aan hom geskaaf en verfyn (ook deur die bemoeienis van taalkundiges); (en) daardeur

1.4
kry die A.B. 'n sekere kunsmatige en vaster karakter as die dialekte" (Odendal, 1983:44) en word dit "the least interesting kind of language for anyone interested in the nature of human language", want standaard-tale is "pathological in their lack of diversity" (Hudson, 1980:34).

SA is nie werklik 'n spreektaal nie. Dis 'n soort abstraksie van spreektaalvorme en daarom gebeur dit dat wanneer mense probeer om hierdie "supra-dialektiese taalvorm as gesproke algemene omgangsvorm" te gebruik (Odendal, 1983:46), hulle hulle meestal skuldig maak aan hiperkorreksie in die vorm van letteruitspraak en ongeassimileerde vorme en praat hulle so onnatuurlik "soos 'n boek" (Odendal, 1983:73).

Hoewel standaardafrikaans dan die gestandaardiseerde vorm is met 'n tradisie van grammatiese studie en met vasgestelde norme van die ortografie, het dit wel as gevolg van hierdie gespesialiseerde funksies, 'n hoër prestige, maar hierdie funksies dien hoofsaaklik om maksimale verstaanbaarheid vir die hele gemeenskap te bewerkstellig en impliseer nie noodwendig 'n "waarde-oordeel oor die afwykende vorme" nie. Dit is 'n soort abstraksie juis omdat hierdie variasie nie van ander variasies onderskei word op grond van linguistiese kenmerke nie, maar omdat die verskil tussen SA en ander variasies van Afrikaans op normatiewe grondslae berus waardeur Afrikaanse se homogene aard as vergelykingsbasis weerspieël word.

Webb (1985:195) huldig die standpunt dat die standaardtaal 'n objektiewe werklikheid is met werklike sprekers (gegraduateerdes) en daarom ook heterogene eienskappe vertoon soos enige ander variasie. Waar heterogeen egter slaan op variante wat buite die omvang of "voorskrifte" van die norm val, kan slegs van variasie sprake wees. Tog kan daar binne die norm van die standaardtaal wel wisselvorme of stylverskille voorkom. Ten opsigte van die wisselvorm sterfling of sterweling is daar nie sprake van stylverskil wanneer 'n bepaalde vorm gekies word nie. Op dieselfde wyse is die aanhef van 'n brief telkens binne die norm van die standaardvariasie as dit in die geval van formele korrespondensie sou begin met Geagte Meneer / Meneer, of as Beste in informele briewe die aanhef vorm. As die

brief egter met Dagsê of Goeienaand sou begin, word afgewyk van die norm. Die standaardtaal laat wel wisselvorme binne die norm toe, maar nie afwyking nie. Ook stylwisseling is moontlik in dié sin dat 'n predikant 'n bepaalde soort formele styl (binne die voorgeskrewe norm) kan gebruik en die professor 'n ander stylnorm in sy lesinglokaal kan handhaaf, terwyl 'n informele praatjie 'n informele styl binne die norm kan weerspieël. Nogtans bly dit homogeen as dit binne die norm bly.

Die toonaangewende, gegradueerde sprekers (Webb, 1985:197) kan wel daarna streef om die gestandaardiseerde standaarddialek te praat, maar 'n mens moet nie uit die oog verloor nie dat taal, situasie, kennis en handeling 'n onverdeelbare eenheid is (Stubbs, 1984:4) en daarom is dit haas onmoontlik dat sodanige sprekers die kennis en kommunikatiewe vaardighede van 'n langdurige taalverwerwingsproses kan beperk of verskraal tot die inhoud van 'n standaardvariasie. Om in 'n verskeidenheid situasies met 'n verskeidenheid van gespreksge-note telkens die gespreksdoel te bereik, veronderstel by alle sprekers 'n soort kennis van gevarieerde taalvorme, kennis van die gepaste styl en moontlik selfs kennis van die geskikte kode.

Dit is so dat sprekers met hoër opvoedkundige kwalifikasies, juis as gevolg van die langdurige gebruik van die geskrewe vorm, ook in hul spreektaal neig tot die gebruik van hierdie norm. Nogtans lyk dit onmoontlik dat sprekers alleenlik die norm in alle situasies kan gebruik en nog in alle situasies kommunikatief suksesvol kan wees.

8.0 VARIASIETAAL

Tradisioneel is taal buite die sosiale konteks bestudeer. De Saussure het wel die onderskeid tussen "langue" (wat naastenby ooreenkom met Chomsky se "competence") en "parole" (Chomsky noem dit "performance") getref, maar dit het steeds in albei gevalle 'n abstrakte benadering tot taal gebly veral omdat die studie op die taalvermoë gerig is, waardeur eerder die homogeniteit tussen tale beklemtoon is as die heterogeniteit tussen 'n standaardvariasie en ander variasies.

Deur 'n studie van die "parole" (taalgebruik) van 'n taal te maak, kon daar, volgens De Saussure, die taal van enige bepaalde individu

beskryf word, terwyl Chomsky hom in die beskrywing van taal gehou het aan die beskrywing van die "competence" (taalvermoë) van sprekers. In albei gevalle is die sosiale aard van taal heeltemal buite rekening gelaat.

Wat wel van belang is, is dat taalondersoek wat op hierdie wyse gedoen is, 'n strukturele raamwerk daargestel het, 'n norm, waaraan variasies gemeet kan word. Variasievorme weerspieël die heterogene aard van taal en dit is nie net 'n algemene kenmerk van alle variasies nie, maar "it is the natural result of basic linguistic factors" (Labov, 1970:42).

Omdat variasie die inherente eienskap van alle natuurlike taal is, is dit nodig om spreektaal by taalondersoek in te sluit en dit deur 'n multidialekmetodologie te beskryf. Deur meer variasies by die ondersoek van variasietaal te betrek, kan juis verhoed word dat vorme wat anders is, as minderwaardige "afwykings" van die "korrekte" standaardtaalvorm beskou sal word (Van Schalkwyk, 1984:28).

Muriel Saviile-Troiike (1982:72) beskryf die verskil tussen die standaardtaal en die variasie in terme daarvan dat die "grammar of the H variety is more complex, more highly inflected". Daarenteen het Du Plessis (1984:52) in sy navorsing oor die sintaksis van die Griekwawariasie aangetoon dat sintaktiese vereenvoudiging nie as sinoniem vir sintaktiese eenvoud opgeneem moet word nie. Hy haal Burling (1970:129) aan en toon aan dat sintaktiese vereenvoudiging wel "as sneller optree vir sintaktiese kompleksiteit anders sou tale hulleself vroeër of later eenvoudig uit bestaan uit vereenvoudig".

Op die oog af lyk dit asof die grammatika van die gesproke variant 'n eenvoudiger sisteem as die geskrewe standaardvorm vertoon. Die rede hiervoor is dat 'n sosiale werklikheid aan 'n abstraksie gemeet word.

9.0 VEREENVOUDIGING EN KOMPLEKSITEIT IN RA

Soos Muriel Saviile-Troiike (1982:72), maak ook Labov (1970:84) die aanname dat taal kompleksier raak namate die variasie nader aan die standaardtaal beweeg. Labov spreek hom uit oor die taal van

middelklassprekers wie se taal "show more verbal planning, more abstract arguments, more objective viewpoint, show more logical connections, and so on. But one does not uncover the logical complexity of a body of speech by counting the number of subordinate clauses. The cognitive style of a speaker has no fixed relation to the number of adjectives or conjunctions that he uses" (Labov, Ibid.). Hy beskou taal as 'n te groot abstraksie om dit met kunsmatige indekse te kan meet. Al wat, volgens hom, van belang is, is dit wat met sinne gedoen word en die aantal kere wat dit gedoen word.

Ook Du Plessis (1984:101) sê dat 'n meting van die lengte van T-eeenhede en die opstelling van 'n onderskickersindeks nie 'n presiese weergawe van die kompleksiteit van 'n variasie gee nie, maar bewys tog dat daar 'n korrelasie bestaan tussen die resultaat van so 'n meting en die kompleksiteit van die variasietaalvorm. Hy maak gebruik van die metode soos Van den Broeck dit gee en vergelyk die lengte van T-eeenhede en die onderskickersindekse van SA en GA.

'n T-eenheid is 'n hoofsin plus die bysinne daaraan verbonde of daarby ingelyf. Die gemiddelde lengte van so 'n T-eenheid word dan bereken deur die aantal woorde in 'n stuk (versprekings uitgesluit) te deel deur die aantal T-eeenhede (Du Plessis, 1984:99).

Die onderskickersindeks word verkry deur die totale aantal bysinne te deel met die totale aantal T-eeenhede (Du Plessis, 1984:100).

As moontlike tekortkominge in sy ondersoek, noem Du Plessis dat hy slegs rekenskap gegee het van die laeklasspreker in GA; dat tekste sosiaal en kontekstueel nie identies was nie; dat slegs die sintaktiese komponent in aanmerking geneem is en dat konseptuele en perseptuele aspekte buite rekening gelaat is.

Hoewel in RA ook nie konseptuele en perseptuele aspekte in ag geneem is nie, is die taal van informante uit die verskillende taallae in die gemeenskap met betrekking tot dieselfde konteks en situasie in so 'n meting betrek.

Uit 'n vergelyking van die gemiddelde lengtes van T-eenhede en die onderskikersindekse soos Du Plessis (1984:99) dit gee, met soortgelyke tellings van RA, het die volgende geblyk:

VERTELLINGS	TIPE SPREKER	GEM. LENGTE VAN T-EENHEDE	ONDSKIKKERS-INDEKS
Uit: (Du Plessis, 1984:99) SA:			
1. Schoemanstuk (geskrewe Afr.)	Hoëklasspreker	18,071	2,571
2. Cloetestuk (gesproke Afr.)	Hoëklasspreker	11,11	0,519
Griekwaververtelling	Laeklasspreker	6,879	0,090
Riemvasmaakvertellings			
1. Storie van Jakkals en Wolf	Onderwyseres	19,75	1,111
2. Eie ervaring met 'n leeu	Skoolhoof	20,6	1,1
3. Eie ervaring met leeus	Boervrou (st. 4)	13,4	0,438
4. Eie ervaring met leeus	Boer (Sub B)	11,43	0,588
'n Ander man se ervaring met leeus		8,35	0,375
Storie van Jakkals		8,95	0,197

Uit die bostaande tabel is dit duidelik dat:

- a) daar 'n korrelasie bestaan tussen kompleksiteit en opvoedingspeil. Die taal van die Blankes en Riemvasmakers van hoër opvoedkundige peil toon 'n duidelike ooreenkoms ten opsigte van die bg. veranderlikes.
- b) kompleksiteit korreleer met die situasie, want as die situasie 'n eie ervaring weerspieël (vgl. die tabel op bl. 17), is die taal kompleks.
- c) daar 'n korrelasie bestaan tussen kompleksiteit en bekendheid van die onderwerp. As die vertelling verband hou met abstrakte kennis, weerspieël die genoemde veranderlikes 'n minder komplekse sisteem met betrekking tot sinsinlywingspatrone.

Na aanleiding van die voorafgaande kan Du Plessis se uitspraak dat "die verskil tussen sintaktiese kompleksiteit van GA en SA dieper lê as 'n stilistiese verskynsel verklaarbaar in terme van 'n klasse-verskil", ook van toepassing wees op RA, maar dit hou ook verband met Labov se uitspraak (vgl. bl. 15).

Sonder om tot 'n "kunsmatige telling" oor te gaan, was dit tog uit die vergelyking van al die vertellings van RA duidelik dat daar in die vertellings van "SA-sprekers" min of geen versprekings voorkom nie; by die laeklasssprekers (soos 3 hierbo), is die versprekings frekwenter; en herhalings, omstellings en versprekings is algemeen kenmerkend van die sprekers van groep 4 - swakgeskooldes - dus, swakker "verbal planning". Hierdie laasgenoemde groep het dit ook moeilik gevind om na aanleiding van 'n prent 'n eie ervaring te abstraheer (hieroor meer by die bespreking van die vraelys), en hulle kon nooit objektief vertel van hulle situasie in Damaraland nie. Daarteenoor vertoon gedeeltelikgeskooldes se gesprekke 'n objektiewer benadering tot hierdie onderwerpe en die hoogste geskooldes kan die voor- en nadele van hul verblyf in Damaraland teen mekaar opweeg. Ook leksikale en semantiese kompleksiteit ten opsigte van SA en RA word met behulp van die kodevermoëtoets (soos later bespreek sal word) geïllustreer.

Hoewel kompleksiteit van die standaardvariasie teenoor 'n ander variasie nie in besonderhede meetbaar is nie, is die kompleksere sis-

teem van die standaardvariasie logies afleibaar uit die feit dat dit 'n abstraksie is (sonder werklike sprekers) van alle variasies, en daarom behoort dit 'n kompleksere sisteem te veronderstel. Indien die indekstabel as uitgangspunt geneem sou word, vertoon die taal van die hoëklasspreker die kompleksste sisteem. As die telling van RA dan ook met GA vergelyk word, kan 'n mens verder verwag dat RA minder variasie ten opsigte van die standaardvariasie sal vertoon.

Die voorafgaande dui dan aan dat variasietaalvorme soos GA of RA nie eenvoudig is in terme van die standaardvariasie nie, maar tog minder abstrak. Daarom word die verhouding tussen kompleksiteit en vereenvoudiging steeds in enige variasievorm behou deurdat vereenvoudiging ten opsigte van 'n bepaalde aspek van die taalvorm juis as sneller optree om kompleksere strukture ten opsigte van 'n ander aspek te kan lewer.

In hierdie verband illustreer Du Plessis (ibid.) dat veralgemening van die tempusreël in GA so 'n vereenvoudiging is. In SA word die reël nie in dieselfde mate veralgemeen nie. Dit kom daarop neer dat die gebruik van het en ge- in SA nie 'n algemeen-geldende reël is nie, en hierdie reël word in GA veralgemeen om ook voorbeelde soos het gehet te lewer. Vir hierdie vereenvoudiging sowel as vir vereenvoudiging wat verband hou met voorsetselweglatings en die opheffing van geslagsonderskeiding tussen die manlike en vroulike voornaamwoorde, word in GA gekompenseer deur 'n kompleksere struktuur in die sintaktiese strukture van die medewerkwoorde en bepalinge.

Hieruit kan dan afgelei word dat vereenvoudiging in die sintaksis verband hou met 'n eenvormiger sintaktiese struktuur en kompleksiteit met 'n veelvormiger sintaktiese struktuur as die standaardvariasie. In RA kan sintaktiese vereenvoudiging nie in terme van tempusvereenvoudiging beskryf word nie, want dit is in hierdie variasie nie van toepassing nie. Ook lidwoord- en voorsetselweglatings kom baie beperk voor. Suiwer sintaktiese vereenvoudiging in hierdie variasie het slegs betrekking op die geslagsopheffing van manlike en vroulike voornaamwoorde en kompleksiteit kan, soos in GA, ook in die

medewerkwoordstrukture en bepalings uitgewys word.

Hoewel Labov (1970:84) beweer dat daar nie 'n vaste relasie tussen die kognitiewe styl van 'n spreker en die aantal bysinne of voegwoorde is wat hy gebruik nie, en dat dit daarom nie deur 'n telling gemeet kan word nie, kan 'n soort korrelasie van die bg. aspekte tog uit die berekening van die lengte van T-eenhede en die opstelling van 'n onderskickersindeks afgelei word. Sintaktiese vereenvoudiging het in RA nie slegs betrekking op stukvariasiestrukture nie, maar lê hoofsaaklik daarin dat bysinsinlywing 'n vereenvoudigde sintaktiese proses is. In hierdie variasie word in 'n baie geringe mate van onderskickers gebruik gemaak om bysinne in te lyf, want die leksikale indeks van onderskickers is feitlik beperk tot dat en omdat, terwyl die direkte rede as strategie aangewend word om in vertellings die gebruik van voegwoorde te omseil, bv.

1. Daar het een Blanke gekom wat gesê het: "Julle behoort geheel nie hier nie."
2. Toe sê die Boer: "Al loop die Here vandag op die aarde, vandag sal julle trek."
3. Toe sê hy: "Julle is Riemvasmakers. Dis nie Riemvasmaak hierie nie. Dis Damaraland."
4. Toe vra die poliese hom: "Hoekom het jy die man gestamp?"

Uit die ondersoek van die struktuur en funksie van verskeie veranderlikes, blyk dit dat vereenvoudiging en kompleksiteit nie slegs intersistemies kompenseer nie. Dialekverskil is gewoonlik 'n semantiese verskil (Kempson, 1979:5) en daarom kan 'n vereenvoudigde sintaktiese struktuur juis inhou dat die semantiese sisteem kompleksere kwaliteite sal vertoon.

In RA word kom, loop en nou op dieselfde wyse gebruik as in GA (vgl. Du Plessis in die Griekwaverslag). Dit dui op 'n kompleksere sintaktiese patroon as wat in SA aangewend word, dog hierdie strukture kan in hulle variasiegebruik nie losgemaak word van hul semantiese variasiekenmerke nie (vgl. Van Jaarsveld, 1984:201).

Dieselfde geld vir die opheffing van geslagsonderskeiding. Hy word baie frekvent vir sy gebruik, maar hierdie wisseling is nie willekeurig nie. Dit is nie 'n veralgemening nie, juis omdat dit 'n te sterk korrelasie met die konteksbetekenis het. 'n Mens sou dus kon aanvoer dat die vereenvoudiging van die sintaktiese struktuur in hierdie geval, as die sneller optree om 'n kompleksere semantiese struktuur te stel. Die ingewikkeldheid van die gebruiksaanwending lê daarin dat 'n vreemdeling nie die hy/sy - omruiling "korrek" sal kan doen nie.

Burling (1970:16) verwys na die skynbaar ingewikkelde voornaamwoord-sisteem van die Palaung se meervoudige voornaamwoorde. In vergelyking met SA en dan in 'n groter mate, met RA, vertoon die voornaamwoorde van hierdie taal 'n baie kompleksere strukturele sisteem, maar semanties is dit juis 'n eenvoudiger struktuur aangesien enige dubbelsinnige interpretasie uitgeskakel word. By implikasie kom die vereenvoudiging of kompleksiteit in 'n variasie dan daarop neer dat dit 'n intersistemiese betrekking het deurdat 'n gelykvormiger sintaktiese struktuur, noodwendig 'n semanties-komplexere struktuur veronderstel en omgekeerd. Die manlike vorm word ook vir die vroulike vorm gebruik, maar die betekenis omvat nie slegs die betekenis [+ vroulik] nie, maar ook [+ toegeneendheid], bv.

5. jy moet hom(haar) waardeer soos jou ma
6. as jy nie met hom(haar) klaarkom nie,
7. al is hy(sy) so, gee hom(haar) vir ons

Vergelyk in hierdie verband ook die funksie van lidwoordweglating soos dit in die volgende hoofstuk beskryf word.

Die beginsel van kompleksiteit en vereenvoudiging dui op die beginsel van gelykheid. Alle variasies, hetsy SA, GA, of RA, is tot op 'n sekere vlak gelyk. Waar die een 'n kompleksere sintaktiese struktuur het, sal dieselfde variasie (ten opsigte van daardie bepaalde struktuur) 'n vereenvoudigde semantiese struktuur teenoor een of meer van die ander variasies vertoon, en omgekeerd. Sintaktiese kompleksiteit in RA hou verband met die onderwerp of die formaliteit van die situasie en behoort slegs

teen die agtergrond van 'n intersistemiese korrelasie beoordeel te word.

10.0 METODIEK

'n Suiwer sosiolinguistiese studie van taalvariasie veronderstel 'n studie wat die korrelasie tussen linguistiese en sosiale veranderlikes sal aandui (vgl. onder andere Du Plessis, 1983:84). Die doel met hierdie studie van RA is in hoofsaak om 'n teoretiese raamwerk van die sintaksis en die morfologie van hierdie variasie te interpreteer teen die agtergrond van ander spreektaalvariasies. Verder val die klem op variante diskoersverskynsels en spreektaalstrategieë.

Vir die doel van hierdie opdrag was dit dan nodig om sinne en groter eenhede as sinne van informante te verkry. In hoofsaak is gekonsentreer op die versameling van gesproke taal in die vorm van vertellings van volksverhale, gebeurtenisse wat verband hou met eie ervaring, beskrywings en tegniese verduidelikings, want soos Stubbs (1984:213) sê: "any general theory of general discourse will have to take into account as wide a variety of discourse as possible". Waar dit hier gaan om die interne struktuur van sinne, maar ook om die verspreiding van sinne in die verband van 'n groter taaleenheid, en die mate waarin die spreker se taalkennis hierdie verspreiding beïnvloed, is die kwantiteit van die materiaal van groter belang as die kwaliteit.

10.1 Dataversameling

10.1.1 Voorlopige ondersoek

In SWA/Namibië slaan geografiese verspreiding van bevolkingsgroepe ook op 'n etniese verspreiding. Die Riemvasmakers woon in Damaraland tussen Nama/Damarasprekers. Daarom was 'n voorlopige ondersoek nodig om die geldigheid van taalondersoek ten opsigte van hierdie groep te bevestig.

Uit die voorondersoek het dit geblyk dat taalondersoek in hulle geval nie net moontlik is nie, maar noodsaaklik. So 'n ondersoek sou nie slegs hul taal- en historiese verband

met ander Oorlamsgroepe kan aantoon nie, maar ook hul vreemdheid in die huidige omgewing beklemtoon. Hoewel hulle as Damaras geklassifiseer is, is hul taalverband eerder Afrikaans as Nama/Damara.

Dat Afrikaans hul eerste taal is, is afleibaar uit vertellings oor hul verhuising van Riemvasmaak af Damaraland toe. Zaby (1982:128) gee so 'n vertelling in Nama. Die oorgeskrewe gesproke Namavertelling is so deurspek van Afrikaans sodat dit selfs vir die leek van die Namataal 'n volgbare storie is. Andersyds dui die kommunikasieprobleme wat Damaras en Riemvasmakers onderling het, juis ook op die swakker hantering van die Nama/Damarataal. Ofskoon baie van hierdie mense dan sê dat hulle eerste taal Nama is, was dit al gou duidelik dat hulle die vaardigste uitdrukkingsvermoë in Afrikaans het, want geen Afrikaanse vertelling het ooit 'n Namawoord bevat nie.

10.1.2 Geografiese verspreidingsopname

Die droogte van die afgelope paar jaar en die beperktheid van werkgeleentheid in Damaraland, het talle van die jonger Riemvasmakers genoodsaak om elders 'n heenkome te probeer vind. Nogtans het die grootste enkele sametrekking van Riemvasmakers steeds in Khorixas en omstreke agtergebly. 'n Formele telling is nie gedoen nie, maar uit navrae kan afgelei word dat heelwat Riemvasmakers in Windhoek woon en werk (waar sekerlik die meeste werkgeleentheid is), terwyl daar ook in die myne van Uis en Rössing heelparty werksaam is.

Suidwes-Afrika is 'n uitgestrekte gebied. Om één besoek aan elkeen van die bg. plekke te bring, sou daarop neerkom dat 'n afstand van \pm 3000 km. afgelê moes word. Daarom is besluit om die navorsing te beperk tot die twee grootste sentra: Windhoek, maar veral Khorixas en die hinterland waar die kern van die groep bly. Heelwat opnames is op De Riet gedoen - 'n plaas wat ongeveer 130 km wes van Khorixas geleë is en waar 'n kerk en kliniek vir die plaasmense

gebou is. Verder is gekonsentreer op die omgewing van Bergsig (waar die hoofman bly en waar 'n skool, kerk en winkel is). Op dié wyse is die grootste groep mense van verskillende beroepe en ouderdomme betrek en so 'n verspreidingskeuse het dan ook finansiële besparing ingehou deurdat reiskoste so laag as moontlik gehou is en tyd ook nie verlore gegaan het in die aflê van afstande nie (vgl. Bylae III).

10.1.3 Apparaat

'n Sanyo Model 3000 -kassetbandmasjien is gebruik om die opnames te maak. Die opnames was duidelik genoeg om woorde en sinne met gemak te kon onderskei.

In hierdie studie is nie op fonetiese aspekte gekonsentreer nie, want die omstandighede waaronder opnames soms gedoen moes word, sou opnames kon lewer wat moontlik onduidelik kon wees vir klankonderskeiding. Gedurende die vooronderzoek is toe besluit om fonetiese aspekte buite rekening te laat want "the ear is a very poor instrument for judging the absolute quality of isolated sounds. But given an understanding of the syntax and the morphemes intended, the ear is a superb instrument for judging which of several possibilities are realized" (Labov, 1970:41).

10.1.4 Transkripsies

Aangesien fonetiese gegewens nie vir die doel van hierdie navorsing van toepassing was nie, is transkripsies op 'n konvensionele manier gedoen - selfs ook by segmente is fonetiese transkripsie vermy. Ten einde dan van fonetiese variasie rekenskap te kan gee, sal latere navorsers in dié verband noukeurige en toepaslike transkripsies moet doen. Die kassette sal bewaar bly.

10.1.5 Opnames

Volgens Labov (1970:43) se bevindinge, is dit so dat "the basic patterns of class stratification, for example, emerge

from samples as small as 25 speakers. Extremely regular errays of stilistic and social stratification emerge even when our individual cells contain as few as five speakers and we have no more than five or ten instances of the given variable for each speaker".

Die vraelys is in drie afdelings verdeel en die hoeveelheid opnames verskil ten opsigte van elke afdeling. Dit kom daarop neer dat 45 informante die eerste afdeling beantwoord het, 32 het afdeling B voltooi en 25 het afdeling C beantwoord. Soms was daar ter wille van kruisverwysing 'n oorvleueling sodat sommige informante twee, ander drie en party net een afdeling beantwoord het.

Volgens wat Labov bevind het, sou hierdie opnames as 'n verteenwoordigende monster beskou kan word aangesien die volume van hierdie opnames relatief groot is (\pm 200 bladsye getranskribeer), en dit ook 'n goeie verspreiding van nie-linguistiese veranderlikes vertoon sodat "the analysis of the variation will (not) lack explanatory power" (Cheshire, 1982:10).

10.1.6 Informante

Informante is gekies om alle ouderdomsgroepe, sosio-ekonomiese klasse en beide geslagte te verteenwoordig. Deur die gebruikmaking van 'n vraelys is dieselfde verskeidenheid gespreksonderwerpe ten opsigte van die meeste informante gedek en deurdat onderhoude deurgaans in die huis van die informant gevoer is, was die onderhoudsituasie ook telkens dieselfde.

Hoewel linguistiese vs. nie-linguistiese veranderlikes vir die doel van hierdie studie nie onder die loep kom nie, is die gedeeltelike dekking van sosiolinguistiese aspekte tog gedoen en kan die versamelde materiaal moontlik tog bruikbaar wees vir latere sosiolinguistiese studies.

Van Rensburg (1984:14) beveel in die Griekwaverslag aan dat die oudste sprekers eerste by die ondersoek betrek

behoort te word omdat hulle lewensverwagting die kortste is en op diē wyse kan die navorser verseker wees van die oudste taalvoorbeelde uit die variasie. Waar dit moontlik was, is hierdie uitgangspunt gevolg. Dit was die regte benadering, want ouma Anna Booyen (99 jaar) is kort na die onderhoud oorlede.

Verder is gekonsentreer op informante wat graag wou praat. Dit is so dat Riemvasmakers uit die onaangename ervarings van die verlede, soms skepties staan teenoor Blankes met onverwagte versoeke en voorstelle. Gevolglik is 'n persoon slegs eenmaal genader en as onwilligheid gesprek het uit sy/haar optrede of geblyk het uit 'n meer direkte weiering, is sodanige persone buite rekening gelaat vir verdere ondervraging aangesien geen spontane taal uit 'n dwangsituasie kon voortspruit nie.

Volgens Labov (1964:535) is dit nie die aantal informante wat belangrik is nie, maar die metode waarvolgens hulle gekies word, en daarom sē hy, is vyf informante wat graag wil deelneem, sekerlik 'n beter keuse as vyftien uit wie inligting gesukkel moet word. Dit is die ouer mense van die groep wat verlang na die belangstelling en geïnteresseerdheid van die Blanke in hulle gemeenskap. Hulle praat veral graag oor hulle verlede wat heg verbonde was aan 'n blanke samelewing en as senior lede van die groep, is hulle ook nie meer so vatbaar vir intimidasie as die jonger geslag nie.

Andersyds beweer Labov (Ibid.) dat "patterns of variation are likely to be more consistent in the speech of adolescents than in the speech of older subjects". Ten opsigte van hierdie stelling is juis die teendeel bewys (vgl. ook Cheshire, 1982:9). In RA is dit veral die taal van die ouer persone en die ongeletterdes wat (uit alle ouderdomsgroepe) die grootste variasiebehoudendheid vertoon.

10.1.7 Veldwerkers

Gewoonlik toon sprekers die neiging om etniese merkers

uit hul taal te weer as hulle met 'n dominante groep geassosieer wil word. Sprekers gebruik gemerkte en ongemerkte vorme afhange van die groep waarmee hulle in 'n bepaalde situasie geïdentifiseer wil wees (Muriel Saville-Troike, 1982:87). Aangesien Riemvasmakers hulleself juis ten opsigte van taalkeuse met 'n blanke groep geïdentifiseer wil hê, is dit moontlik dat hulle etniese merkers uit hulle taal sal wil weer veral waar hulle in gesprek met 'n Blanke is.

Daar is nie voorskrifte waarvolgens die ideale veldwerker uitgewys kan word nie en daarom is veldwerkers vir hierdie navorsing op grond van die volgende kenmerke gekies: kennis van die variasie of lid van die gemeenskap. Die meeste van die opnames is gedoen deur 'n Riemvasmaker wat as maatskaplike werker op Khorixas werksaam is. Hy ken al die mense uit verwantskap of deur middel van sy werk en het geweet wie om te nader en hoe om die mense aan die praat te kry. Uit sy opleiding en ervaring as maatskaplike werker, het hy met die tegniek van onderhoudvoering geen probleme ondervind nie. Sy jeugdige ouderdom kon moontlik deels bygedra het tot die sukses van sy opnames, want die oumense het graag vertel vir die kind wat wou hoor, en vir die jongeres was hy die maat met wie hulle kon gesels. Hy het geen diepgaande taalkundekennis gehad nie en daarom is moontlike beïnvloeding van sy kant af (indien daar was) slegs baie skraal.

'n Tweede veldwerker het in die suide van Suidwes opgegroeï en het later in die omgewing van Khorixas (op De Riet) gewoon. Sy ouers se taal weerspeël talle kenmerke van Oranjerivierafrikaans. As veldwerker kon hy sy taal aanpas om 'n dialektiese kleur te kry en kennis van beide omgewings wat vir die Rieme van belang was, het as aansluitingspunt gedien om spontane taal te ontlok.

Ander veldwerkers wat gehelp het met die eerste voorafopnames, was prof. H. du Plessis (professor in die Afrikaanse Taalkunde), sy vrou, en die ondersoeker het self ook

deur die loop van die navorsingsprogram 'n aantal opnames gemaak om hoofsaaklik die werkbaarheid van die vraelys te toets.

Hiermee kan 'n mens nie impliseer dat die ideale veldwerkers bestaan nie. Daar was wel tekortkominge in die opnames. Aanvanklik het sommige veldwerkers te veel gepraat, maar wat belangrik is, is dat die veldwerker emosioneel, tekstueel en situasioneel moet kan meelewe met die spreker. Dit is voorwaar 'n kosbare eienskap wat enige veldwerker behoort te hê. Enige tekortkominge in die navorsingsmateriaal, kan daarom nie soseer aan enige van dië genoemde veldwerkers te wyte wees nie. Waar soms van die vraelys afgedwaal is, was dit omdat 'n bepaalde situasie vereis het dat die gesprek so 'n loop moes neem.

10.1.8 Die onderhoud

Die onderhoud is gevoer aan die hand van 'n vraelys waardeur gepoog is om spontane taalgebruik te ontlok. Aangesien die vraelys lank was, is dit in twee fases afgehandel.

Die twee fases van die onderhoud kan geregverdig word op grond daarvan dat die eerste besoek hoofsaaklik 'n kennismaking was waartydens afdeling A van die vraelys afgehandel is. Uit die beantwoording van hierdie deel, het die doel van die besoek duidelik gespreek en daarom kon 'n tweede besoek die belofte inhou van 'n hartliker en spontaner ontmoeting te wees. Dit het dan, in die gevalle waar aan hierdie volgorde gehou is, inderwaarheid so verloop.

Ten einde die gesprek natuurlik en kontinuerend te hou, is nie ingemeng met wat die spreker wou vertel nie. Daar is sover moontlik gehou by die vrae op die lys, maar ook gepoog "to insert questions at natural points in the flow rather than having a rigid schedule of questions to follow" (Muriel Saville-Troike, 1982:125). Soms het dit uit die loop van 'n gesprek geblyk dat 'n persoon oor interessante inligting beskik en daarom is die

gesprek dan verder in daardie rigting gestuur om sodanige inligting te bekom. Op dié wyse is die waarnemersparadoks in 'n mate uitgeskakel, want dis maklik en lekker om te vertel as daar een is wat belangstel in wat jy sê. Dit is juis deur die formele formulering van vrae dat die waarnemersparadoks onoorbrugbaar word (Van Schalkwyk, 1983:101) en daarteen is voortdurend gewaak. Die doel van die onderhoud was om die vraelys deur te werk, maar nie ten koste van spontane taalgebruik nie.

10.1.9 Die vraelys

(Bylae I: A, B en C.)

Die doel met die vraelys was om spontane taalgebruik te versamel. Hierdie versamelde materiaal moes geskik wees vir die sintaktiese, morfologiese en diskoersontledings van die taal van alfabete en analfabete.

Die gebruik van 'n vraelys het die voordeel dat materiaal wat so versamel is, in 'n groter mate vergelykbare taal sal lewer.

Cheshire (1982:7) en Petyt (1980:141) wys egter ook op die tekortkominge van die bandmasjien en die heel formele vraelys waar van die informante verwag word om woordlyste en ander geskrewe materiaal te lees. Ofskoon persone vriendelik en ontspanne mag voorkom, bly so 'n onderhoud 'n formele situasie waartydens van spontane taal beslis nie sprake kan wees nie.

Die vraelys aan Rieme was nie gemik op uitspraakvariasie, sosiale style of registerverskynsels nie. Dit was ook onmoontlik om enige leeswerk in so 'n lys in te sluit aangesien daar etlike informante was wat nie kon lees nie. Vir RA is 'n vraelys gebruik wat deurgaans mondeling gevra, en mondeling beantwoord is en dit is in drie afdelings aangebied. Hieronder volg 'n bespreking van probleme wat met die lys ondervind is.

10.1.9.1 Afdeling A

Uit die aard van die saak, is sintaktiese variasie 'n moeilike saak om te hanteer in die ondersoek van variasietaal. In dié verband reken Cheshire (1982:8) dat 'n lid van die gemeenskap die beste resultate kan verkry, want dan hoef die taalkundige nie self teenwoordig te wees nie. Haar beswaar lê egter daarin dat "the analysis of morphological and syntactic variation imposes some specific constraints on the fieldwork techniques" sodat die teenwoordigheid van die ondersoeker nie werklik ontbeerlik kan wees nie. Vervolgens voer sy aan dat dié tipe ondersoek groot hoeveelhede data vereis ten einde 'n voldoende aantal veranderlikes te lewer. Labov (1968 : soos aangehaal deur Cheshire) stel voor dat 'n klubhuis of iets dergeliks gekoop word sodat voortdurende opnames die nodige veranderlikes kan uitwys. In die Suidwesnavorsingsituasie en veral in Khorixas, is so 'n moontlikheid nie net onmoontlik nie, maar ondenkbaar.

Stubbs (1984:235) is van mening dat baie meer aandag gegee behoort te word aan wat sprekers oor hulle eie taal wil sê. In aansluiting hierby, en by wat Du Plessis in die Griekwaverslag gedoen het (1984:54-57), is aan die sprekers die geleentheid gegee om iets oor hulle eie taal te sê en terselfdertyd sintaktiese inligting deur middel van 'n kodevermoëtoets te verkry.

Die toets het nie sonder probleme verloop nie. Die lys is eers in 'n toetslopie aan informante voorgehou. Hieruit het dit geblyk dat die lys in die eerste plek te lank was, maar ook dat die vyf antwoorde waaruit sprekers die toepaslike antwoord moes kies, te moeilik was om mondeling te kon hanteer. Die formulering van die antwoorde was ook te moeilik vir veral die analfabete om uit die vuis te kon onthou. Gevolglik moes die antwoorde vereenvoudig word (vgl. afdeling A in Bylae I) sodat die vyfkeusige antwoord eintlik op drie keuses berus het:

- (1) Dit is Afrikaans / Dit is nie Afrikaans nie. Indien die keuse in 1 daarop gedui het dat die sin wel Afrikaans is, is oorgegaan tot die tweede keuse:
- (2) Ek het dit al gehoor maar weet nie wat dit beteken nie / Ek het dit nog nooit gehoor nie. As die informant nou sou sê dat hy dit al gehoor het, moet hy die derde keuse maak:
- (3) Ek hoor ander praat so / Ek praat self so. Op dié manier het dit nie net gewerk nie, maar informante het dit geniet "om in die skool te wees". Nogtans was dit baie tydrowend, want so 'n toets neem 'n analfabeet selfs meer as 'n uur om te voltooi.

Resultaat van die kodevermoëtoets

Die doel met die kodevermoëtoets was om aan sprekers van RA 'n geleentheid te gee om hulleself oor hulle eie taalgebruiksgewoontes uit te spreek. Op dié wyse kon sintaktiese en morfologiese veranderlikes gekontroleer en bevestig word deur die sprekers self.

In Bylae II word die toetsuitslag saamgevat. Die antwoordkeuse by elk van die 50 sinne, word in terme van 'n gesamentlike persentasie uitgedruk, maar die antwoorde van verskillende ouderdomsgroepe en geslagte is ook apart behandel sodat antwoorde ook met betrekking tot hierdie veranderlikes en teen die agtergrond van die informante se opvoedingspeil geïnterpreteer kan word.

GEVOLGTREKKING

Wanneer slegs die resultate van sinne, waar 80% en meer van die informante die vorm self gebruik, in aanmerking geneem word, is die volgende sinne tiperend van die algemene omgangstaal van die Riemvasmakers. (Vgl. sinnummers van die kodevermoëvraelys.)

1. het meneergoed daar gebore
7. ons het hom hiervandaan loop begrawe
10. sy's te sleg om te werk
11. die Bassonse, Dawidses en die Klimse bly daar
20. ek het in Kakamas gebore
28. dat ons nie kan verstaan mekaar nie
31. dis wat julle se kinders moet doen
34. ek slaan hom met 'n sambok saam
50. ek het gevergeet om te vra, maar gelukkig het jy geonthou

Indien in gedagte gehou word dat meer geskooldes as ongeskooldes in die toets betrek is, kan die gesamentlike telling van antwoorde 1 en 2 ten opsigte van nog 'n aantal sinsinhoude as eie aan die Riemvasmaakvariasie aanvaar word. Die geskooldes sê hulle praat nie so nie, maar dis tog opvallend dat so 'n groot persentasie ook goed bekend is met die volgende taalgebruik:

4. dis moeilik om te daar wegkom
5. ons is hier ver kom ingegooi
8. hy steek die vuur brand
9. darie predikant van ons het vir hulle daar ontmoet
19. toe ons klaar sing het die skool uitgekome
25. dan is daar 'n plekkietjie wat ons die peule insit
33. toe kom die kinders met hulle se paens en maens
35. toet ek moes skoolgegaan het, wou ek nie
43. ek weet eens nie wie so gesê het nie
46. wat lê slaap jy so?

Die frekwensie-indekse in Hoofstuk III is bereken uit voorkomsgevalle soos dit in vloeiende gemeensame gesprek voorgekom het. Indien die indekssyfers van Hoofstuk III met die uitsprake van die informante hierbo vergelyk word, bestaan daar 'n baie noue korrelasie.

Uit die resultate blyk dit ook baie duidelik dat hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasies, hoe 'n groter verskeidenheid antwoorde kan verwag word. Meer as 50% van die manlike informante in die ouderdomsgroep 21 - 29 jaar ontken die bestaan van die sintaktiese variante in die volgende sinne:

17. dis meer beter om daar te bly

30. kom ugoed-hulle van Windhoek af?

Hierdie sinne is werklike gebruiksgevalle soos dit in gesprekke voorgekom het. Die informante sê dat dit glad nie Afrikaans is nie.

Dit wil dus lyk asof kwalifikasies die eerlikheid van antwoorde beïnvloed. Sprekers distansieer hulle van die spreektaal omdat hulle die norm wat SA stel, hoër aanslaan en daarmee geassosieer wil word. Hierdie nie-standaardvorme is sosiaal gemerk en die geletterdes is bewus daarvan dat hulle uit die instemming van hierdie vorme sosiaal gestigmatiseer word.

Sinne 14, 36 en 45 val vir geskoold en ongeskoold buite die ervaringsveld van hulle milieu. Dat so baie sin 23 as nie-Afrikaans bestempel, kan moontlik toegeskryf word aan 'n foutiewe woordkeuse in die sin. Dit moes gelui het: die poliese het dit stopgesit en waarskynlik sou die uitslag dan geheel 'n ander antwoorduitslag gehad het. Sin 45 en 17 het werklik nooit in die spreektaal voorgekom nie. Dit is nie kenmerkende variante van RA nie.

Hoewel sin 13 volgens Riemvasmakers nie baie frekvent is nie, moet in gedagte gehou word dat dit 'n term is wat meestal onder die veeboere frekvent voorkom. Indien hier ook die geleerdes se uitsprake vir 'n oomblik agterweë gelaat word, lyk die antwoord ook al anders.

Die kodevermoëtoets was nie sonder foute nie, tog het dit redelik aan die doel beantwoord, nl. om sintaktiese en morfologiese variante uit te wys. Ter aanvulling en kontrolering van data het dit geblyk 'n suksesvolle metode te wees. Hoewel dit in hierdie geval nie die doel was nie, is dit tog moontlik om heelwat sosiolinguistiese inligting uit so 'n tipe vraelys te verkry.

10.1.9.2 AFDELING B

Hierdie afdeling is ook eers in 'n toetslopie getoets deur dit aan 8 persone voor te hou. Die direkte vrae, wat vertellings of beskrywings vereis het, het spontaan verloop, maar die prente het wel probleme gelewer.

1. Die prente is deur sommige oumense geassosieer met 'n vorm van "boeregoed" en ouma Anna Booysen het summier geweier om eers daarna te kyk. Sy het wel later ingestem om op band opgeneem te word. Ander ongeskooldes het dit weer in verband gebring met skoolse dinge waarvan hulle niks weet nie en het reeds, selfs voordat hulle na die prente gekyk het, besluit dat hulle nie hierdie "soort goed" sal kan doen nie.
2. Baie van die oumense se oë is ook te swak om sonder 'n bril besonderhede op 'n prent te kan onderskei. Gevolglik was die prente vir diegene te onduidelik om duidelike interpretasies te kon maak.
3. Ongeskooldheid en die invloed van die kulturele milieu kon moontlik ook bygedra het tot die persepsuele gevolgtrekkings wat informante na aanleiding van die prente op die vraelys gemaak het.

Bruner (1971:20 - 51) haal verskillende voorbeelde aan om die invloed van die kulturele milieu en ongeskooldheid ten opsigte van die kognitiewe ontwikkeling by verskillende kultuurgroepe te illustreer. Dit kom daarop neer dat dieselfde skets of handeling by ongeskoolde kinders uit verskillende kultuurgroepe ook verskillende reaksies ontlok omdat die persepsuele perspektief telkens verskil. By sulke ongeskoolde kinders ontbreek die Westerse selfbewustheid sodat "they do not distinguish between their own thought or statement about something and the thing itself. Thought and the object of thought seem to be one. Consequently, the idea of explaining a statement is meaningless; it is the external event that is to be explained" (Bruner, 1971:26).

Hoewel Bruner dit noem dat die bogenoemde denkwysse deur skoling of volwassenheid uitgeskakel word, wil dit tog voorkom asof hierdie stelling ook ten opsigte van sommige ongeskoolde Riemvasmakers waar kan wees, juis omdat sodanige sprekers gewoonlik nie taal in 'n pragmatiese funksie gebruik om denke en handeling te lei nie en dan vind 'n mens "forms of intellectual functioning that are adequate for concrete tasks but not so for matters involving abstract conception" (Bruner, 1971:50).

Vergelyk enkele voorbeelde uit RA om by die bostaande aanname aan te sluit:

- a) Van 'n meisie wat aan die houtstomp vashou om nie te verdrink nie, word gesê:
- sy swem met 'n blok saam
 - sy't in die water geval
- b) Van die seun wat in die bed lê en slaap terwyl hy veronderstel is om te leer, sê hulle:
- hy is soet
 - die een wat slaap
 - die kind slaap / is aan die sterwe
 - lê en lees

c) Die prent van die dieretuin was heel vreemd en die meeste het dit 'n wildtuin of plaas genoem.

d) Die prente van die droogte en tiers wat 'n bees vreet (op een bladsy, maar los van mekaar), kon niemand in verband bring met die pasafgelope droogte en die byna daaglikse aanvalle van wilde diere op hulle eie kuddes nie. Daarvan sê hulle:

- dis in die veld
- hulle vreet die boonste beeste se maat
- lyk op 'n plaas
- tiere wat 'n bok vreet (dit was 'n bees)
- tiere en goed wat 'n dier gevang het

Ofskoon hulle traumatiese ervarings beleef het met die droogte, en gereelde aanvalle van wilde diere moes afweer, kon niemand die droogte in die prent sien, of 'n verband tussen die tier wat 'n dier verskeur en hulle eie ervaring abstraheer nie.

Dit lyk dan tog of daar 'n korrelasie bestaan tussen kompleksiteit van taal en die vermoë om abstrakte afleidings te maak.

Ook die sosiolinguistiese vrae soos dit in Labov se vraelyste gebruik is, het geen noemenswaardige reaksie ontlok nie. Daarom is die vraelys verander om slegs 'n inhoud te lewer wat neerkom op herkomsinformatie, beskrywings van hul eie situasie in Damaraland, uitsprake oor menslike verhoudings, tegniese beskrywings en taaluitsprake. Vir die interessantheid daarvan is tog 'n paar prente behou, maar die opdrag is beter omlin en eerder op abstrakte redeneringsvermoë gerig as op die verkryging van sosiolinguistiese informasie.

Op dié wyse is genoeg taalgebruik versamel waarin talle sintaktiese en morfologiese veranderlikes voorgekom het en die langer stukke taal het genoegsame materiaal vir diskoersanalises gelewer.

10.1.9.3 AFDELING C

Ofskoon morfologiese veranderlikes frekvent en deurlopend in informele gesproke taal voorgekom het, is na aanleiding van hierdie voorkomsgevalle ook die taalkennis ten opsigte van 'n formeler gebruikskennis getoets. Daaruit het dit geblyk dat die morfologiese veranderlikes, veral wat die verkleiningsvorm aanbetref, hoofsaaklik 'n stylverskynsel is. Hieroor sal later in die sintaksis- en morfologiehoofstuk uitgebrei word.

10.1.10 Veranderlikes

Na aanleiding van die Griekwaverslag en met behulp van die vraelys is die volgende veranderlikes in RA geïdentifiseer as frekwente patroonmatigheede wat die kenmerkende eienskappe van hierdie variasietaalvorm weerspieël:

Sintaksis

1. Voornaamwoordgebruik
2. Die werkwoordpatroon (veral medewerkwoorde)
3. Adjunkte
4. Bysinne

Morfologie

1. Meervoudsvorming
2. Verkleining

Diskoers

1. Veranderlikes soos dit in die sintaksis en morfologie voorgekom het
2. Diskoersmerkers, bv.
 - wat en wat / dit en dat / hoe
 - ontkenning
 - deiktiese elemente
 - leksikon

- saamgetrokke vorme

10.1.11 Aktualiteit

Oor die algemeen gesien, is die studie van enige variasietaal sinvol omdat die beskrywing van een variasie bydra tot groter begrip van alle taalgebruik. In hierdie verband sê Labov (1970:41): "The more that is known about language, the more we can find out about language."

Deur die taal van die Riemvasmakers in verband te bring met SA en GA word juis bewys dat variasietaalvorme nie blote afwykings van 'n taalstruktuur is nie, maar dat almal 'n integrerende deel is van die Afrikaanse taal as 'n geheel.

Op so 'n wyse kan die oordenking van die taalgebruik van die Riemvasmakers bydra om die totaal van Afrikaanse linguistiese vorme in die standaardtaal beter te verstaan, maar ook om dialektologiese kennis uit te brei.

Dialekte, aan die ander kant, weerspieël gewoonlik ouer taalvorme en die resultaat van variasieondersoek kan om dié rede moontlik teoretiese implikasies vir beide die sinchroniese as die diachroniese of panchroniese taalstudie inhou (Cheshire, 1982:1) en daarom verdien dialektstudie om verstaan te word binne 'n raamwerk van funksionele gebruik.

In hierdie studie is aandag gegee aan die sintaksis, morfologie en diskoersverskynsels. Cheshire (1982:1) en Labov (1970:73) is beide van mening dat variasiestudie nie slegs tot fonologiese ondersoek beperk behoort te word nie, maar ook behoort uitgebrei te word om sintaktiese, morfologiese en diskoersverskynsels by so 'n ondersoek te betrek. Dan eers sal ook van die sosiale aard van taalgebruik as 'n vorm van gedrag rekenskap gegee kan word.

Waar variasiestudies gewoonlik slegs konsentreer op fonetiese aspekte of waar 'n taalhandelingsteorie nie met werklike gesproke taal werk nie, is in albei gevalle die tekortkoming dat daar nie rekening gehou word met die werklike sosiale aard van die spreektaal nie. Die grootste kritiek teen Austin

se teorie van taalhandeling lê daarin dat hy nie met taal gewerk het wat natuurlik in geordende reekse voorgekom het nie. Ook Searle se teorie was om dieselfde rede nie volmaak nie. Hulle het die buitetekstuele invoegings soos wel, ek kan net sê, ens., buite rekening gelaat. Daarom behoort daar in die studie van variasietaal ook na die werklike gebruik van algemeenhede verwys te word - algemeenhede wat konvensionele funksies het, en moet daar gewys word op die wyse hoe hierdie funksies uitgebrei of herbevestig word.

'n Studie van RA sluit dan juis ook 'n studie van SA in, want deur vergelyking kan onbewuste taalgedrag van hierdie groep lig werp op kommunikatiewe gebruike wat as natuurlik aanvaar is, maar kultureel uniek en tog konvensioneel soos die taalkode self is.

Muriel Saville-Troike (1982:84) beweer wel dat hoewel "the development of mass communication and rapid transportation has done much to retard the forces of regional differentiation, local forces remain most powerful during the early years of language acquisition and hence are unlikely to be entirely offset". Dit is so dat massakommunikasie in die afsienbare toekoms moontlik nie ten opsigte van RA so 'n belangrike rol sal speel in terme van taalversteuring nie, want Khorixas het nog nie TV nie en koerante en radio's is nog nie 'n daaglikse vanselfsprekendheid nie. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat Riemvasmakers nie in die geheel 'n werkersklasgroep is nie. Geskooldheid is die algemene ideaal wat elke Riemvasmaakouer vir sy kind koester. Om die kinders hierdie voorreg te gee, beteken dat kinders vir beter opleiding of werkgeleentheid na die groter sentra beweeg - met ander woorde uit die kern van die variasietaalgroep uit, en in so 'n situasie het die sterker variasie 'n sterker invloed op die jeugdige. Daarom kan die Riemvasmaakvariasie 'n kenmerk wees van sy huidige sprekers, maar ook beperk bly tot sy huidige sprekers.

In die Griekwaverslag sê Van Rensburg (1984:7): "Dit sou vir latere navorsing interessant wees om te sien of daar enige verskil bestaan tussen die Afrikaans van die Griekwas, oorspronklik van hoër op aan die Oranjerivier, en die Afrikaans van die sprekers wat nog Nama ken, laer af teen die Oranjerivier." Riemvasmakers is van dié groep wat van laer af teen die rivier afkomstig is en praat nog 'n gebroke Nama. Daarom is die studie van RA juis van toepassing om in die raamwerk van 'n breë strategiebeplanning in te pas.

Waar die Riemvasmakers aan die Oranjerivier in voortdurende kontak met ander etniese groepe (soos Blankes, Griekwas en Kleurlinge) was wie se taal dieselfde of gedeeltelik-dieselfde kenmerke vertoon het as hulle eie variasie, het hierdie gedurige "inspuiting" uit die omgewing die voortbestaan van hierdie variasietaalvorm verseker. Die vreemde milieu van SWA/Namibië kan moontlik die lewensduur van dié variasie beperk, aangesien almal met wie Riemvasmakers buite hulle eie gemeenskap kontak maak, 'n ander soort Afrikaans as hulleself praat. Soos reeds genoem, noodsaak werkgeleenthede en die benutting van opvoedkundige geleenthede in groter sentra, juis die jonger mense om vir langer tydperke uit die kern van die gemeenskap te beweeg. Dit kan (soos die kodevermoëtoets ook aangetoon het) tot gevolg hê dat die "eie" taalvorm gaandeweg vreemd raak namate die kwalifikasies van die jeug verbeter.

Taalbeïnvloeding van die kant van Suidwesters is reeds in die taal van die Riemvasmakers te bespeur - en dit slegs na twaalf jaar. Kommunikasie tussen die verskillende kultuurgroepe in die lingua franca van Suidwes, sal dan noodwendig die voortbestaan van 'n vreemdsoortige variasietaal van 'n minderheidsgroep in die rigting van 'n meerderheidsgroep se variasie laat verdwyn.

Dit is moontlik dat die nageslag van die huidige Riemvasmaakouers 'n eenvormiger "Suidwesvariasie" sal praat,

maar so 'n aanpassing hou ook by implikasie in dat sosiolinguistiese variasie daarvoor gaan kompenseer. Du Plessis (1983:49-62) bewys met voorbeelde van Johannesburgse omgangstaal hoedat die groter en vreemde invloede van die stad ook 'n groot sosiolinguistiese verskeidenheid laat ontwikkel as gevolg van verskillende werksituasies, sosio-ekonomiese klasse en inkomstegroeperings. Hy haal aan uit Fishman (1971:285) en sê: "verstedeliking kan verskillende soorte differensiasie voed en uit dié differensiasie ontwikkel daar gewoonlik sosiolekte." Op dieselfde wyse sal RA dan moontlik later moet plek maak vir groter sosiolinguistiese verskeidenheid.

Verder moet RA ook gesien word as een van die verskeidenheid van Afrikaanse variasies in SWA/Namibië en kan die studie van hierdie variasie ook 'n sinvolle deel vorm van die geheelbeskrywing van al hierdie variasies. Die P.U. vir C.H.O. is tans in samewerking met die Akademie besig met so 'n navorsingsprojek wat betrekking het op alle variasietaalvorme in SWA/Namibië. As deel van Suidwesafrikaans is die studie van RA 'n sinvolle bydrae tot die geheel.

11.0 SLOT

Die ondersoek van die Afrikaans van die Riemvasmakers het getoon dat die variasie van hierdie groep groot ooreenkoms toon met die Afrikaans soos dit deur die Griekwas en die mense in die Noordwes-Kaap gepraat word.

'n Vraelys is vir die taalondersoekprogram gebruik en dit het baie duidelik uitgewys dat 'n vraelys en die metode van ondersoek wat moontlik by een taalgroep suksesvol werk, nie noodwendig in alle taalgemeenskappe met dieselfde vrug gebruik kan word nie. 'n Vraelys moet aangepas word om die doel van die navorsingsprojek na te streef, maar boweal moet dit ook aanpas by die aard van die gemeenskap.

H O O F S T U K I I

H I S T O R I E S E O O R S I G

S A M E V A T T I N G

1.0	INLEIDING	42
2.0	DOEL	43
3.0	OORSIG	44
3.1	Stamfamilies	45
1.	Dawids	45
2.	Basson	48
3.	Damara	48
4.	Adams	48
5.	Loeriesfontein	49
3.2	Ander Riemvasmakerfamilies	49
3.3	Vroeë Geskiedenis	50
3.4	Wat is 'n naam?	54
3.5	Samevatting	57
4.0	AFRIKAANS AS OMGANGSTAAL IN SWA/NAMIBIë	58
5.0	AFRIKAANS AS EERSTETAAL VIR RIEMVASMAKERS	59
6.0	REDES VIR TAALVERPLASING BY DIE RIEMVASMAKERS	59
7.0	HERVESTIGING VAN DIE RIEMVASMAKERS IN DAMARA- LAND	61
8.0	SLOT	64

BYLAES III: Kaart 1

Kaart 2

Kaart 3

1.0 INLEIDING

Die Riemvasmakers is 'n gemeenskap wat uit 'n vermenging van 'n verskeidenheid bevolkingsgroepe ontstaan het, soos onder andere die Herero's, Ovambo's en Xhosas, maar die dominantste herkoms-groepe waaruit hierdie vermenging plaasgevind het, was sekerlik die Damaras en dan in 'n mindere mate die Nama of Nama-oorlams. Die verskeidenheid het deur ondertrouery versmelt geraak sodat daar in die huidige volksgroepeneenheid nie meer 'n bepaalde etniese groep onderskei kan word nie. Hulle praat uitsluitlik Afrikaans, beoefen talle Nama- en Koranagebruike en is feitlik deur die bank lede van die Rooms-Katolieke Kerk.

Hoewel die Riemvasmakers vandag nie meer met die vroeë Khoekhoe, slawe en vryswartes van die sewentiende en agtiende eeu te verbind is nie, kan hierdie vroeë geskiedenis, sowel as die geskiedenis van vroeë SWA/Namibië in die agtiende en negentiende eeu, tog die huidige situasie in perspektief plaas. Die een is 'n uitvloeisel van die ander.

Die Khoekhoe, slawe en vryswartes het in Van Riebeeck se tyd as gevolg van 'n akkulturasieproses geleer om Hollands of vroeë Afrikaans te praat (Du Plessis, 1984:6). Hulle het onderling vermeng geraak, maar andersyds ook met Blankes ondertrou sodat 'n hele nuwe sosiale struktuur ontwikkel het. Vir die assimilasie van hierdie groepe is nie beplan nie en gevolglik het vermenging groepe soos die Basters, Griekwas en ander Oorlams genoodsaak om uit die Kaapse distrikte te begin wegtrek. Die Oorlams wat tot in Namibië getrek het, het met die inheemse volke in 'n magstryd gewikkel geraak en dit het veroorsaak dat van die inheemse bevolking, maar ook van die verslane Oorlams, teruggevlug het oor die Oranje om eers suid daarvan rond te trek en uiteindelik in Riemvasmaak 'n groep te vorm - daar te vestig as die Riemvasmakers. Almal (Herero, Damara, Nama, Oorlams of Xhosa en later ook enkelinge uit ander etniese groepe wat buite stamverband 'n heenkome moes vind) het by die groep aangesluit.

Uit die huidige taal en kultuur asook die aanwesigheid van talle Oorlamsname en -vanne by die Riemvasmakers, is dit duidelik dat Nama en Oorlams asook die Blanke 'n groter rol gespeel het in die ontstaan en tradisies van hierdie groep as wat op die oog af die vermoede

kan wees. Hulle ontstaansgeskiedenis toon ooreenkomste met ander Oorlamsgroepe, maar daar is ook 'n duidelike verskil tussen die Riemvasmakers en die ander Oorlamse.

2.0 DOEL

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon dat die Riemvasmakers in hul oorsprong 'n gemengde etniese eenheid was wat deur vermenging biologies verbind geraak het en sedert die begin van die eeu Afrikaans as die algemene omgangstaal van die groep aanvaar het. Deur die verlies van kennis van die taal van hul eie onderskeie groepe, het ook gevolg die verlies van hul eie oorspronklike identiteit(e) (Du Plessis, 1984:165) en dit het uiteindelik bygedra tot die moeilike aanpassing van die groep waar hulle in Damaraland hervestig is.

Die verplasing van die aanvanklik verskillende moedertale met Afrikaans, het 'n groep met 'n nuwe identiteit laat ontwikkel en gevolglik is dit te verstane dat Riemvasmakers met hul hervestiging in Damaraland, nie geredelik kon aanpas nie. Du Plessis (Ibid.) sê dat taalhandhawing nie neerkom op 'n "bewuste teenwerking van taalverplasing nie". In Damaraland is dít juis die rede vir die moeilike aanpassing van die groep. Nama/Damara moet terugverplaas word waar Afrikaans die merker van hul identiteit geword het, en dit is onaanvaarbaar waar dit die eie identiteit van die groep bedreig. Die handhawingsbeleid van die Damaraonderwysstelsel ten opsigte van moedertaalonderwys, en werkgeleenthede ten voordele van die Damarataalsprekers, het juis tot gevolg gehad dat Afrikaans as huistaal tot dusver by Riemvasmakers gehandhaaf bly.

Deurdat werkgeleenthede in Damaraland beperk is, en dan ook nog beperk word tot meestal Damarasprekers, kan Afrikaans steeds die eerste taal van die groep bly. Dit noodsaak jeugdiges om elders te gaan werk waar die taalvoorkeur Afrikaans, die lingua franca van SWA/Namibië is, en al sou die individuele karakter van RA daardeur bedreig word, het Afrikaans as eerste taal van die Riemvasmakers, 'n kans op oorlewing. Die teenkanting van die regeringsbeleid, is dan juis die handhawingsinspuiting ten voordele van Afrikaans as huistaal van hierdie groep.

3.0 OORSIG

Volgens Muriel Saville-Troike (1982:115) moet enige studie van die taal van 'n bepaalde taalgemeenskap voorafgegaan word deur "data on the historical background of the community, including settlement history, sources of population, history of contact with other groups, and notable events affecting language issues or ethnic relations. A general description is also generally relevant, including topographical features, location of important landmovement, sources and places of employment, patterns of religious affiliation, and enrollment in educational institutions". Daarom is dit nodig om oorsigtelik na verskeie moontlikhede te verwys wat die vestiging van die Riemvasmakers aan die Oranjerivier geraak het, en ook gaandeweg uit te kom by hul hervestiging in Damaraland.

Die Riemvasmakers het hoofsaaklik ontstaan uit Oorlams-, Nama-, Herero-Damara-, Xhosa- en Kleurlingvoorouers wat saam gaan woon het om so 'n eiesoortige groep te vorm. Hulle was 'n groep van "verschiedenen genetischen Beiträgen wobei das Nama-Element den Ausschlag gab und alles beherrschte" (Zaby, 1982:37), maar deur middel van die Afrikaanse taal.

Hierdie Riemvasmaakgemeenskap het voor Augustus 1973 in 'n reservaat in die omgewing van die Augrabiese waterval gewoon (Bylae III, Kaart 1 en 3). Teen die einde van 1973 en die begin van 1974 is hulle onder hul leier, Jakob Basson, in Damaraland in die omgewing van Khorixas hervestig. (Bylae III, Kaart 1 en 2.)

Die hervestiging van hierdie groep in Damaraland was polities, ekonomies, opvoedkundig en geskiedkundig gemotiveerd. Volgens die huidige RSA-regering se tuislandbeleid, was hierdie mense in 'n gebied waar hulle nie behoort het nie; as gevolg van 'n vinnige bevolkingsaanwas, kon kleinboere nie meer in 'n halfwoestyng gebied 'n ekonomies-selfstandige bestaan voer nie; by die gebrek aan voldoende opvoedkundige instellings kon nie aan die toenemende getal skoolkinders die nodige fasiliteite beskikbaar gestel word nie en waar 'n oorsprongsgeskiedenis gedui het op 'n afkoms uit SWA/Namibië, het dit geblyk dat vir die Riemvasmakers in SWA/Namibië 'n heenkome gevind moes word.

Na 'n lang tydperk van onderhandeling († sedert 1969) is die Rieme in Januarie 1974 uitbetaal vir vaste eiendom en treinvervoer is beskikbaar gestel om alles wat hul besit het, uit die Kaapkolonie na Damaraland te vervoer.

Vader Alfred Zaby se etnohistoriese bydrae is die enigste bron waarin spesifiek teorieë oor hul herkoms, kultuur en geskiedenis beskryf word. Hy bepaal hom in hoofsaak by die kulturele gebruike wat deur hierdie groep beoefen is/word, maar gee ook 'n gedetailleerde uitleg van die herkoms van wat hy beskou as die "stamfamilies" van die gemeenskap.

Sy weergawe is egter nie altyd wetenskaplik betroubaar nie. Hy skryf emosioneel oor hul verhuising en sien die enigste rede vir hul verskuiving as politieke geïnspireerd; intendeel, hy maak nêrens melding van die feit dat daar ook ander faktore was wat moontlik tot so 'n verhuising kon aanleiding gegee het nie. Sy bronverwysings is wat die geskiedenis aanbetref, beperk tot uitsprake van die regeringsopposisie in die Hansard, subjektiewe weergawes van die Cape Times en mondelinge informasie van Riemvasmaakinformante. Verder ontbreek 'n duidelike feitlike verband tussen ware geskiedkundige gebeure en die stamfamiliegeskiedenis en gevolglik word na sekere implikasies nie binne so 'n historiese verband verwys nie. Ook die kulturele gebruike wat soms gegee word as eie aan die groep, is selfs vir die ouer mense vreemd.

As toets is aan 'n paar informante gevra wat die breekgewoonte behels. Niemand kon sê dat dit 'n manier is om 'n hegte vriendskap te sluit deur 'n stokkie saam met so 'n persoon te breek nie.

Daarom sal daar in die beskrywing van die geskiedenis van die Riemvasmakers, ten opsigte van hierdie studie, 'n wyer aanloop en benadering gevolg word.

3.1 Die Stamfamilies

1. DAWIDS

Volgens Zaby (1982:12) het die Riemvasmaakgroep ontstaan toe Dawid Dawids gedurende die Oorlamsoorloë in Namibië, dit wil sê rondom 1870, vanaf Gibeon suid gevlug het en by Schuitdriest

die Oranjerivier oorgesteek het om aan die oorkant 'n beter heenkome te vind. Die doopregister in Keimoes gee sy geboortejaar as 1840 aan, maar gegewens oor sy geboorteplek en afkoms ontbreek. Op honderdjarige leeftyd is hy op 12 Januarie 1940 in Riemvasmaak oorlede.

Volgens Zaby (1982:17) was Dawid Dawids 'n Herero wat saam met sy vrou as krygsbuit deur die Nama-oorlams weggevoer is. Dit is hoe hy in Gibeon beland het. Hy staaf sy aanname deur daarop te wys dat Dawids eers 'n Hereronaam, nl. Katjupa, gehad het; Dawids se vrou uit die omgewing van Okahandja afkomstig was; Damaras sowel as Herero's vroeër deur die Namas Daman genoem is en dat Riemvasmakers self nie bewus was van die feit dat Nama en Damara dieselfde taal is nie. Hy meen dat hulle met die laasgenoemde aanname juis uitwys dat Dawid 'n Herero was. Hulle het met Damara, eintlik na Herero verwys.

Katjupa is klaarblyklik 'n Hererovan, want gewoonlik eindig Damaravanne op -b (manlike uitgang) of -s (vroulike uitgang). Dit kan dus wees dat Dawid Dawids 'n Herero was, maar indien 'n Damara by 'n Herero werkgewer gewerk het, kan dit ook wees dat hy sy Hereromeester se van aanvaar het juis om nie as vlugteling uitgeken te word nie. Volgens ouma Anna Booyesen (99 jaar) was haar vader 'n Damara en sy oorspronklike van was Kandjo. Dit is ook 'n Hererovan.

Vanaanpassings is tans ook nog aan die orde en dit is nie snaaks dat 'n Damaraman byvoorbeeld 'n Herero- of Afrikaanse van kan hê nie. Die ma is gewoonlik alleen verantwoordelik vir die opvoeding van die kinders en as 'n Damaravrou met 'n Herero getroud is, kan die kinders 'n Hererovan hê, maar hulleself as Damaras beskou omdat hulle in die Damaragewoontes opgegroeï het. 'n Hererovan hoef dus nie noodwendig op Hereroafkoms te dui nie (persoonlike mededeling deur pastoor Eiseb van die Akademie se departement Afrikatale).

'n Mens behoort ook nie uit die oog te verloor nie dat heelwat Herero's (die Oorlams-Daman) tans nog in die suide van SWA/Namibië woon. Hulle praat geen Herero meer nie, maar het Hererovanne en praat Nama. Hierdie Herero's is ook reeds so te sê deur die omgewing opgeneem, maar beoefen steeds bepaalde Hererogewoontes. Daarom is dit net vreemd dat Dawid Dawids en sy Hererovolgelinge glad nie enige Hererotradisie in die Riemvasmakers se kultuur laat voortleef

het nie.

Volgens Zaby (1982:15) het Dawids verarmd oor die Oranjerivier gevlug en by plaasboere begin vee oppas om 'n bestaan te maak. Vir ongeveer twintig jaar het hy in die omgewing van Upington en Kenhardt rondgeswerf waarna hy (rondom die draai van die eeu) in Riemvasmaak gaan bly het. Gedurende hierdie twintig jaar moes hy in noue kontak met die Afrikaanssprekende Blanke geleef het, want hulle was sy werkgewers. 'n Mens moet ook in gedagte hou dat daar baie Oorlamsreste in daardie omgewing gevestig was. In hierdie tyd kon Dawid Dawids moontlik Afrikaans leer praat het, maar dit is ook waarskynlik dat hy reeds (voor sy vlug) in SWA/Namibië met Afrikaans kennis gemaak het (vgl. par. 4.0). Afrikaans was toe reeds 'n prestigetaal in die gebied en as ontvoerde sou hy sekerlik die taal van sy Oorlamsontvoerders moes leer praat.

Tussen 1900 en ongeveer 1914 was Dawid Dawids en sy familie op Riemvasmaak woonagtig en het "in negentienveertien se oorlog" (Zaby, 1982:25) om een of ander onverklaarbare rede weggetrek om in die omgewing van Lutzputs en Toeslaan rond te trek. Dit is onseker of die Dawidsfamilie in hierdie tyd die enigste inwoners van die Riemvasmaakgebied was en of sy nakomelinge die vertrekdatum reg het, want in geskrifte van vader P. Fages wat die groep in 1923 amptelik daar gevestig het, meld hy dat hy ook verskeie kere tussen 1917 en 1918 die gebied besoek het (Zaby, 1982:26). Vir Zaby (1982:12) lyk dit egter of Fages die groep in 1923 vir die eerste keer ontmoet het. Tog noem hy (1982:43) dat Dawid Damara in 1915 die eerste dopeling was ten opsigte van wie Riemvasmaak as woonplek aangegee word. Tussen 1914 en 1923 het daar dus wel mense in hierdie gebied gewoon.

Die ander vier stamfamilies, nl. Damara, Basson, Adams en Loeriesfontein het iewers na 1914 by die Dawidsfamilie aangesluit en vader Fages "berichtet von dreissig Mann mit Familien, mit Wagen, mit Gross- und Kleinvieh, die Männer waren bewaffnet" (Zaby, 1982:26).

Hulle almal is saam met Dawids in Riemvasmaak geplaas toe vader Fages in 1923 met die magistraat van Upington gaan onderhandel het om Riemvasmaak vir die vlugteling as blyplek te verkry.

2. BASSON

Jan Basson (Ou Karimo) en sy vrou, Ou Mariros, was ook Herero. Sy is in Okahandja gebore en hulle het selfs later op Riemvasmaak nog Herero in die huis gepraat. Dit is nie seker wanneer Basson Namibië verlaat het nie, maar hy het eers noord van Riemvasmaak rondgetrek en rondom 1910 het hy en sy familie hulle noord van Kakamas in die omgewing van die huidige Bassonsdrift gaan vestig (Zaby, 1982:29) en later by die Dawidsgroep aangesluit.

3. DAMARA

Oor die herkoms van die ander stamfamilies is selfs minder duidelikheid as oor dié van Dawid Dawids. Frederik Damara was volgens Zaby ook Herero. Sy naam was eers Ou Sererob (Vaalbos), broer of neef van Jan Basson. Hy het gedurende die Bondel-swartopstande by Bakrivier oor die Oranje gevlug (Zaby, 1982:28).

4. ADAMS

Ook Adam Adams was 'n vlugteling uit SWA/Namibië. Sy vlug moes ook ongeveer tussen 1880 en 1894 plaasgevind het. As vlugteling het hy eers in die omgewing van Springbok, Bitterfontein, Jagdrift en Swartkop rondgetrek en ongeveer in 1912 by die Molopo naby Riemvasmaak uitgekom. Dit is nie bekend wat sy etniese verband was nie, maar sy vrou, Leentjie, was 'n Nama en sy seun, Adam was met 'n Nama getroud - die dogter van Matheus Marengo (Zaby, 1982:30). Hierdie groep was dus van Nama-oorsprong. Zaby gee twee Adamslinies aan wat so deureenloop dat albei groepe (hoewel daar skynbaar geen verband tussen die twee is nie) moontlik op Nama-afkoms kan dui. Sou 'n mens jou by Adam en Leentjie bepaal, dui hulle omswerwinge ook op 'n redelik lang kontakfase met die Afrikaanssprekende Blanke. Net soos Dawids

was dit moontlik dat die Adamse ook reeds 'n gebruikskennis van Afrikaans sou gehad het nog voor hul vlug en/of die vestiging van die groep op Riemvasmaak.

5. LOERIESFONTEIN

Volgens Zaby (1982:30) was Jakob Loeriesfontein en sy vrou Sara, Herero's. Hy noem spesifiek dat hulle bietjie Nama, maar geen Afrikaans kon praat nie. Jakob se naam was eers Tjongombe (sy afstammeling sê Tjongabe) en hy het saam met Jan Basson tot op Loeriesfontein gevlug. Daar is die twee families uiteen om dan in 1923 saam met die ander families by Dawids aan te sluit.

3.2 Ander Riemvasmaakfamilies

Na aanleiding van 'n brief van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling (1985:1-2) het die etniese samestelling van die Riemvasmaakfamilies in 1961 soos volg daar uitgesien:

"NAMA	74	
DAMARA	126	
HERERO	14	(Nama-Daman - dit wil sê
KLEURLINGE	42	Namasprekende Herero en
XHOSA	47	etniesgesproke dus Nama)
TSWANA	11	
SUID-SOTHO	1	
SHANGAAN	1	
ZULU	1	
RATSI	1	
GRIEKWA	1	
	TOTAAL	<u>319</u>	"

In die bogenoemde brief word gemeld dat die "mense van Riemvasmaak geen 'suiwer' ras (was) nie. Vir etlike geslagte was daar 'n ondertrouery tussen die verskillende etniese groepe. Ongeveer 80% van die mense was Afrikaanssprekend en selfs die Ciskeiers kon Xhosa verstaan, maar beswaarlik praat" (Ibid.).

Na aanleiding van die statistiek kan aangeneem word dat die Kleurlinge en Herero's nie meer etniese "suiwer" rasse was nie, en op grond daarvan kan ook geredeneer word dat die Damara en Nama wat as sodanig geklassifiseer is, ook nie meer "suiwer" rasse was nie. Omdat die Afrikaansheid van die groep skynbaar in 1961 al 'n merkwaardigheid was, wil dit voorkom asof dié taal al vir 'n geruime tyd die omgangstaal was. Dit is daarom nie onmoontlik dat Dawids en Adams met Afrikaans op Riemvasmaak aangekom het nie. Dit is ook nie onmoontlik dat Adams 'n Oorlams-Nama was nie. Die Oorlams het moontlik 'n groter aandeel aan die Afrikaansheid van die groep gehad as wat dit op die oppervlak lyk. Daarom kan 'n terugblik op die herkoms en geskiedenis van die Oorlams, moontlik bydra om baie Afrikaanshede by die Riemvasmakers te verklaar.

3.3 Vroeë Geskiedenis

Die Oorlams is gedeeltelik afstammeling van die Khoekhoe wat hul oorsprong in noordelike Botswana gehad het (Elphick, 1979:5). 'n Geleidelike "migrational drift" (Elphick, 1977:14) het hulle suidwaarts na die Oranjerivier gevoer waar 'n groep verder suid is na die Kaap, terwyl die res wes beweeg het. Nog 'n splitsing het plaasgevind en een deel is suidwaarts teen die kus af om later weer by die eerste groep aan te sluit en die ander is noord oor die Oranje om hulle in Namibië te gaan vestig (Elphick, 1977:16, 135 en Du Plessis, 1984:6-8). Hendrik Hop het gedeeltes van hierdie groep in sy 1761-ekspedisie langs die Visrivier raakgeloop en tussen 1775 en 1779 tref Wikar drie groepe Namas in Namibië aan, nl. die Bondelswarts, die Velskoendrers en 'n leidende groep, bekend as die Rooinasie.

In hierdie tyd is daar reeds ook melding gemaak van die Herero's en hoewel Pieter Brand eers in 1791 die Damaras raakloop (Bruwer, 1965:46), was hulle van die vroegste inwoners in SWA/Namibië (Suidwester, 18:10:85). Die Damaras het as een groot groep die land binnegekom en later in kleiner groepe verdeel en verspreid in Suidwes gaan woon. Een so 'n kleiner groepie het in die suide gaan woon. Hulle was die !Garidaman waaruit die hedendaagse Nama-Damara en die !Hâu- Nâin (Riemvasmakers) afkomstig is.

Vedder (1981:119, 133) en Bruwer (1965:46) maak melding van die feit dat Damaras in vroeë SWA/Namibië vir die Herero's en Namas gewerk het. Volgens Haraseb (Suidwester, 18:10:85) was dit so omdat die Damaras nie 'n oorlogsugtige volk was nie en gevolglik die georganiseerde Nama- en Hererobendes ten prooi geval het. Die Damaras was ook die enigste groep wat ystersmeewerk kon doen en daarom het die ander inheemse volke hierdie klein nomadiese groepe oorrompel om hulle dan vanweë hulle kundigheid te benut.

Die !Hâu- Nâin (en ook ander inheemse volke in die suide van SWA), moes dan van die eerste groepe in SWA/Namibië gewees het om met die Oorlams, wat van die Kaap af ingetrek het, kennis te maak. Van hierdie !Hâu- Nâin-Damaras (soos moontlik Dawid Dawids?) kon waarskynlik in die Oorlams se kommando-eenhede opgeneem wees. As so 'n Damara dan later daaruit sou "ontsnap" om oorkant die Oranjerivier 'n vryer bestaan te gaan soek, sou so 'n Damara waarskynlik 'n kennis van Afrikaans kon hê.

Aan die suidpunt van Afrika het Jan van Riebeeck in 1652 die ander groepe van die Khoekhoe aangetref. Hulle was georganiseer in klein pastorale familie-eenhede vir wie veebesit die kern van hulle ekonomiese, politieke en sosiale strukture gevorm het (Elphick, 1977:57). Grondbesit het geen rol gespeel nie en dit "hindered their consolidation into large and stable units" (Elphick, 1979:6). Die ruilhandel met die V.O.C., Blanke grensuitbreiding en daarmee saam grondbesit asook die inmenging in die politieke stelsel van die Khoekhoe het hulle dermate verarm dat hulle geleidelik as permanente of gedeeltelik-permanente inwoners op Blanke plase werksaam was. Die pokke-epidemie van 1713 "did the decisive damage" (Elphick, 1977:233). Die meerderheid van die bevolking was uitgewis en die groepe wat nie weggetrek het nie, was besig om onbepland geassimileer te word.

Die Khoekhoe kon teen 1657 al Nederlands so goed verstaan dat Van Riebeeck daarvan melding gemaak het (Elphick, 1977:103). Tog het hulle aan die stamlewe en tradisionele leefwyse verkleef gebly. Vir die Khoekhoe het die Nederlandse taal dus werkgeleentheid en ekonomiese welvaart gebring, maar dit het ook meegebring dat hulle in die werksituasie saam met slawe en vryswartes, en op die grense by trekboere gaan werk het. Hoewel Khoekhoe met 'n sterk tradisionele ingesteldheid in 'n mindere

mate met die Blankes vermeng het, was die kleurskeidslyn van die agtiende eeu "a blurred one in which the criteria of legal and social status by no means always coincided with those of ethnic origin" (Elphick, 1979:250). Slawe is uit verskillende oorde ingevoer - Madagaskar, die Indonesiese eilande, Suid-Indië en Oos-Afrika en het 'n kosmopolitiese gemeenskap laat ontstaan waarbinne rasvermenging feitlik 'n vanselfsprekendheid was, want daar was verreweg meer mans as vroue. Onderling het die verskillende groepe nie mekaar se tale verstaan nie en gevolglik is die taal van die werkgewer as die lingua franca aanvaar "which developed into Afrikaans" (Elphick, 1979:83). Te oordeel aan die algemene onderskeid wat daar reeds sedert die aankoms van Jan van Riebeeck se tyd gemaak is tussen die Hollands wat as skryftaal gedien het, en die algemene omgangstaal, sou 'n mens kon aanvaar dat die lingua franca in hierdie geval reeds Afrikaans was en nie ontwikkel het in Afrikaans nie.

Volgens J. du P. Scholtz (1965:169) was "die mense in Kaapstad wat glad geen Hollands geken het nie die heeltemal onontwikkelde Blankes en die gekleurde bevolking" wat (en hy haal Changuion aan) "de platte Kaapsche spraak in hare Zuiverheid" gepraat het. Vandaar dat Afrikaans die skeldnaam, Hottentotstaal, gekry het.

As gevolg van hierdie vermenging en die gebruik van 'n kenmerkende soort Afrikaans/Nederlands as identiteitskenmerk, het verskeie groepe in die agtiende en negentiende eeu na vore gekom: Die Basters (met een blanke voorouer) en die "tame Hottentots" (Elphick, 1979:326). Die laasgenoemde groep het die verskillende Oorlams-groepe ingesluit (Elphick, 1979:257 en Steyn, 1980:125).

Hierdie vermengde en verafrikaansde groepe het in die Kolonie geen heenkome gehad nie, want hulle is steeds as nie-blankes gereken en die gevolg was dat verskeie van hierdie groepe gedurende die sewentiende en agtiende eeu noord van die Kaapkoloniegrens 'n blyplek gaan soek het. Daar was vier hoofstrome: Die Koranas het die skiereiland aan die einde van die sewentiende eeu as 'n suiwer groep verlaat om by die sameloop van die Vaal- en Hartsriviere met die Bantoe te vermeng en as stam te verdwyn; die Griekwas het onder hul leier, Adam Kok in [†] 1825 in Griekwaland-Oos gevestig

en die ander Oorlams het onder leiding van Jonker Afrikaner e.a. in 1830 in Namibië uitgekóm (Bruwer, 1965:51).

Van die Basters sê Rademeyer (1938:24) dat "5000 Basters teen die end van die 18de eeu versprei was langs die oewers van die Grootrivier," en toe 90 families in 1868 onder leiding van Hermanus van Wyk noordwaarts vertrek het, het heelparty van hierdie groep in die omgewing agtergebly. Hy sê (Ibid.) dat dié wat op Pella agtergebly het, later in alle rigtings versprei geraak het.

Rademeyer (1938:27) voer verder aan dat hulle "naas Afrikaans ook nog Hottentots gepraat" het, en hierdie stelling kan dan ten opsigte van al die Oorlamsgroepe van toepassing wees. Sulke Oorlamsgroepe het kommando's gevorm waardeur die "dispossessed indigenous inhabitants of the Cape tried to find an alternative to accepting the subordinate roles available in the colony and immediately beyond its borders" (Lau, 1982:365). Dit was nie soseer 'n weerstand teen kolonialisme nie, maar teen die ondergeskikte posisie wat hierdie Oorlams in die Kaapkolonie moes beklee. Hulle het in die kommandogroepe dieselfde politieke en ekonomiese magspolitiek gevolg soos dit in die Kaapkolonie beoefen is en SWA/Namibië binnetrek en Namaland begin "koloniseer" en grootliks daartoe bygedra om die bestaande sosiale strukture te vernietig of geheel te verander. Maar deur die invloed van die Oorlamsaanvalle, het die oorspronklike inwoners ook begin om kommando's te organiseer en politieke identifikasie deur die kommando het geleidelik die politieke identifikasie met die familiegroep, begin vervang. Teen ongeveer 1846 was die inheemse bevolking van SWA/Namibië, na 'n "dramatiese strydperiode (tussen) die Nama, Herero en Oorlams as hoofspelers in 'n bloedige toneel van geweld en verwoesting" (Bruwer, 1965:50) geherorganiseer in los kommando-eenhede sonder 'n sentrale gesag. Brigitte Lau (1982:118-119) beskryf so 'n "werkkolonie" van die Amraals soos dit in 1840-1846 daar uitgesien het. Die kern van die kommando het uit 400 lede bestaan en dan was daar "servants and poor people, numbering 200, working 1 - 10 miles away from the village (as well as) Bushmen and Hottentot dependants who did not possess any cattle A thousand Bergdamara were in a similar position" en Hererobediendes is aangehou om veldkos te soek.

Elke kommando-eenheid het dus 'n verskeidenheid etniese groepe ingesluit en indien die latere Riemvasmakervlugtelinge na 'n langdurige kontakfase uit so 'n kommando ontvlug het, is dit te verstaan dat die nakomelinge nie meer duidelikheid sou hê oor die werklike etniese groep waartoe die voorvaders behoort het nie. Hulle sou veeltalig wees en uit slegs die taalkennis alleen, is die herkoms dan nie meer duidelik af te lei nie.

Die vyf Oorlamsgroepe het hulle onderskeidelik in Windhoek (Afrikaners), Nuasannabis (Amraals), Bethanië, Berseba en langs die Visrivier (Witboois) gevestig (Bruwer, 1965:51).

Afgesien van oorloë tussen Nama en Oorlams as gekombineerde mag teen die Herero, was onderlinge oorloë ook aan die orde. In sulke oorloë is wedersyds vee en "onderdane" van die vyand gebuit, of dit het eertydse vyande genoodsaak om saam te staan teen 'n nuutopkomende vyand. Op dié wyse het die eens gevreesde Afrikaner-oorlams in 1889 by Maherero gaan skuil teen die magshonger Hendrik Witbooi se aanslae (Bruwer, 1965:53). Baie van die Afrikaner-oorlams het na hierdie neerlae hulle naam verander na Roman en dit is van hierdie Romans wat ook by die Riemvasmakers in die reservaat by die Oranjerivier uitgekóm het (Zaby, 1982:29).

3.4 Wat is in 'n naam?

Dat Oorlams en Nama uit die omgewing 'n aandeel in die kultuur en taal van die Riemvasmakers gehad het, is moontlik ook afleibaar uit die naamgewing by die Riemvasmakers. As 'n mens na die stambome van die Riemvasmakers kyk, is daar moontlik meer uit af te lees as wat dit op die oog af lyk. Elphick (1979:84) sê dat "the original names of the imported slaves have usually been lost" en gewoonlik was dit gebruik dat slawe en geassimileerde Khoekhoe "herdoop" is met name "identical to those used by Europeans Andries, Anna, Catharina, David, Job, etc." Andersyds het slawe of Khoekhoe die naam van die meester oorgeneem of daar is beskrywende byname gegee soos bv. Roodbol, Dikbeen, Jan Mager of Lang Onderweg, Bygeval, Baatje, Rokje (Böeseken, 1977:74).

Combrink (1983:103) wys ook op hoe aspekte soos fonologiese verswakking, verdeftiging, patronimiese-s-suffigering en heranalise tot die omvorming van familienaam aanleiding kan gee tot naamaanpas-

sing. Op diē wyse kon Trein > Katryn > Katrien > Katharina > Catharina ontwikkel het. Dit is 'n vorm van vokaalverswakking wat lei tot diftongering. 'n Naam soos Elisa kan moontlik weer 'n verdeftiging wees van Elizabeth en Henry van Hendrik, terwyl Roman < Raaman 'n heranalise is om die Oorlamsnaam te onderskei van die oorspronklike Kleurlingnaam.

Op dieselfde wyse het Oorlamsgroepe wat later Namibië toe verhuis het, hul name "gekies" of "verkry". Hendrik Witbooi se dagboek sluit naamlyste in met name wat ook vandag nog by Riemvasmakers algemeen voorkom, bv. Roman, Isaak en Jager (Reinhard, 1982:120). Die Oorlams het dan tog moontlik 'n belangrike rol gespeel by die Rieme se keuse van taal, kultuur en moontlik naamgewing.

Van hierdie feit raak 'n mens net meer oortuig wanneer Hatting (1983:14-20) se naamlyste van die slawe, vryswartes en ander gekleurdes met diē van die Riemvasmaaklinies soos dit in Zaby se boek (1982:31-36) voorkom, vergelyk word. Die verstommende ooreenkomste kan nie misgekyk word nie. Koning Dawid se linie bevat 68 name waarvan slegs 9 nie in Hatting se lys voorkom nie. Hulle is John, Feitjie, Trooi, Mietjie, Gerd, Sophia, Saul, Frederik en Paul. Net soos die kultuur en moontlik ook die Afrikaanse taal, spreek die tradisie van naamgewing by die Riemvasmakers van 'n Oorlamsteenwoordigheid in hulle geskiedenis.

Tog moet 'n mens nie uit die oog verloor nie dat daar volgens die verslag van Samewerking en Ontwikkeling van 1961, 126 Damaras in die omgewing geïdentifiseer is. Volgens Vedder (1981:117) en Lau (1982:348) het die Damaras verspreid in "ou Suidwes" gewoon en kon dus ook langs die Oranje woonagtig gewees het. Jakob Kleim vertel van heelwat Damaras wat in die omgewing van Keimoes gewoon het en Gawie Adams (Band 8) beweer dat sy voorouers in Damaraland gebore is(?). Hierdie grootjie het "in die Kaapse horing" gaan draai voordat hy in Kakamas begin werk het. Zaby dui nie die etniese herkoms van Adams aan nie en dit kan dus waar wees dat Adams 'n Damara was en sy vrou Leentjie, 'n Oorlams-Nama. Gawie voeg egter by dat sý ouers "in die taal" grootgeword het omdat die ouers Afrikaans in 'n werksituasie goed leer praat het.

Ook Jakob Kleim (Band II) se ouers kon nie goed Afrikaans praat nie, maar hyself (60 jaar) kan as gevolg van 'n jarelange Afrikaanse werksituasie nie meer Nama so "skoon soos Afrikaans" praat nie. Dieselfde geld vir die Loeriesfonteinafstammeling, die Boosens, die Steenkamps en die Kaffers. Andersyds is daar die Romans en Jagers (afstammeling van die Afrikaners) en die Ramans (Kleurling) wat skynbaar reeds Afrikaans naas die Namataal moes geken het, maar te oordeel aan die teenwoordigheid van so 'n groot getal Damaras en selfs Herero's in die groep, het die blanke werkgewer ook 'n groot rol gespeel in die verplasing van die Namataal vir Afrikaans.

Hoewel die Riemvasmaakname sterk ooreenkom met die Oorlams- en gevolglik ook slawename, is dit ook by Riemvasmakers gebruik om iemand deur naamgewing te identifiseer met sy bly- of werkplek (Michael Booyen : Band 6). Zaby maak die aanname dat die stamvader, Loeriesfontein, sy oorspronklike naam, Tjongombe (volgens Michael Booyen is dit Tjongabe), verander het omdat hierdie naam "scheinbar schwierig war" (Zaby, 1982:30) vir die Namas om uit te spreek. Te oordeel aan die verklarings van Michael Booyen en Jakob Kleim, is dit 'n onwaarskynlike aanname. Hulle verklaar naamaanpassings anders en dit stem ooreen met wat Combrink (1983:103) sê van die paslike familienaam. Volgens hom is die naam so verweef met die mens "soos geen ander stuk taal nie. Daarom is dit goed dat 'n naamdraer wat voel dat sy naam afbreuk doen aan sy beeld, die reg het om dié naam te wysig."

Volgens Michael Booyen is dit gebruik by Riemvasmakers om iemand deur 'n naam te identifiseer met die werkgewer of plek waar hy bly. Na Dawid Dawids is moontlik verwys as Dawid wat by Dawids werk (vgl. ook Rademeyer, 1938:17). Dit kon oorgaan in Dawid van Dawids en uiteindelik word die aanpassing voltrek met Dawid Dawids. Andersyds verklaar Jakob Kleim hoe sy oupa, Jakob Isaaks (Nama), se naam verander het. Hy het in Klimkloof gewoon en na hom is verwys as Jakob van Klimhoogte wat weer oorgegaan het in Jakob Klim. Met die registrasie van sy kinders, het Blankes die naam as Kleim geskryf. Gevolglik het oupagrootjie Jakob Isaaks, 'n seun met die naam van Jan Klim en dié het weer 'n seun wat Jakob Kleim heet. Gesien teen die agtergrond hiervan, kan

dit dus foutief wees om te aanvaar dat 'n Riemvasmaker as gevolg van sy naam ook 'n direkte verbintenis met Oorlams moet hê.

Naamgewing by Riemvasmakers word verder gekompliseer deur die feit dat die eerste twee kinders by die grootouers opgroei en dié se van aanvaar. Gevolglik kan daar in een gesin drie kinders wees met drie verskillende vanne. Tog is dit merkwaardig dat ouers en grootouers getrou vernoem word. Hoewel dit lastig is dat daar soms as gevolg hiervan drie persone met dieselfde naam voorkom, het dit ook dié voordeel dat afkoms 'n redelik duidelike lyn vorm.

Hoewel name dus die latere geslagte van Riemvasmakers aan 'n bepaalde voorouer kan verbind, is die ware stamverband van die voorouer nie suiwer uit die naam te herlei nie. Aangesien die Oranjerivier met sy besproeiingsskema vir menige vlugteling of swerwer 'n heenkome gebied het, het daar 'n verskeidenheid etniese groepe saamgetrek en vir almal wat nêrens 'n heenkome kon vind nie, het Riemvasmaak uitkoms gebied. "Auf Minen und an der Upington-Bahlinie arbeiten Xhosa, ja selbst Ovambo und Kavango-Leute. Einige dieser Arbeiter heiraten Riemvasmaker-Mädchen" (Zaby, 1982:37) en hoewel die Oorlams moontlik 'n rol gespeel het in die kultuur en selfs miskien die taal van die groep, was dit ook die Blanke wat Afrikaans by hierdie groep help vestig het.

3.5 Samevatting

Volgens Zaby (1982:38) is die oorspronklike stamfamilies van die Riemvasmakers van Herero- of Nama-afkoms en die vraag bly vir hom steek in die Koranakultuur wat by hulle gevestig geraak het. Hy sê: "Heute ist nicht mehr festzustellen, wieviele und wer in der Generationfolge von Korana-Ursprung waren. Aber es müssen ziemlich viele gewesen sein, oder die wenigen haben einen ganz gewaltigen kulturellen Einfluss ausgeübt. Anders ist es nicht erklärlich, dass Kulturelemente der Korana noch so stark ausgeprägt sein können". Wat Zaby uit die oog verloor, is dat Dawids, Basson en Adams vir etlike jare swerwers was en in 'n gebied(e) rondgeswerf het waar sekerlik heelwat Namareste verspreid gewoon het. As vreemdsoortige enkelinge sou hulle in die loop

van 15 tot 20 jaar sekerlik by die meerderheidskultuur van die Oorlams in die omgewing ingeskakel het. Op dieselfde wyse het die Afrikaanse taal deel van hul erfenis geword.

Op Pella waar baie Riemvasmakers gedoop is, het Cupido Witbooi en sy volgelinge in 1840 gewoon, terwyl Jonker Afrikaner se oom Dawid en sy mense op Blydeverwacht woonagtig was. Hulle wou nie in 1842 op Jonker se versoeke by hom gaan aansluit nie. Slegs sy broers Jonas, Adam en Valentyn het gegaan (Heese,1982:64). Hieruit kan 'n mens aflei dat daar in die omgewing van Pella ook heelwat Oorlams moes gewees het. Hulle het Afrikaans gepraat en soos hul Khoekhoevoorvaders die tradisionele gebruike konserverwattief beoefen en dit was maar 'n hanetree van die Riemvasmaakreservaat af. 'n Mens kan ook nie sonder meer aanvaar dat Hererovoerouers hul eie kultuur vir 'n ander sou verruil nie, veral nie as hulle die meerderheid was nie, maar aangesien hulle eers as enkelinge die taal en kultuur aanvaar het, was die uiteindelijke taal en kultuurresultaat by die Riemvasmakers eintlik net 'n konsolidasie van wat by die meeste van hulle reeds voor 1923 ingeburger geraak het.

4.0 AFRIKAANS AS OMGANGSTAAL IN NAMIBIË

Saam met die Oorlams het Afrikaans in Namibië "aangekom" en dit het al goue ook 'n nuttigheidstaal van veral die inheemse Nama geword. Steyn (1980:126) haal hoofman Dawid Christiaan van die Bethanië-Oorlams aan toe hy gesê het "ek verag myself en voel lus om in die bossies weg te kruip as ek my Hottentottaal praat". Ook die Rooinasie van Hoachanas wou dat slegs Hollands in die skole geleer word sodat handelstransaksies vlot kon verloop en so wou ook Willem Swartbooi van Rehoboth hê dat sy kleinseun Hollands moes leer en nie Nama nie. Namaleiers het alle korrespondensie met Herero-, Duitse of Afrikaanse leiers in 'n vorm van Afrikaans gevoer. Afrikaans het dus al teen 1869 sy beslag in Namibië gekry en diegene wat met Oorlams te doen gehad het, sou sekerlik Afrikaans as 'n tweede taal moes aanleer.

Hoewel Rynse sendelinge met die skryf van leesboekies en Bybelvertalings die Namataal in Namibië bestendig het, sê Heese (1983:200)

dat sodanige sendelinge in hierdie proses baie teenkanting van sowel die Namas as die Oorlams gekry het en soms ook met openlike opstand by Bethanië en Hoachanas te doen gekry het, en dit het daartoe gelei dat Kaaps-Hollands so vroeg as 1857 in die Namaskole aangebied is (Heese, 1983:200 en Du Plessis, 1984 (ii):7). Wie Nama of Oorlams was of wie vir Nama en Oorlams gewerk het, sou dus Afrikaans moes leer.

5.0 AFRIKAANS AS EERSTETAAL VIR RIEMVASMAKERS

Enkele van die Riemvasmakers in die ouderdom van sestig of sewentig kan nog onthou dat hulle ouers nie vlot Afrikaans kon praat nie. Wat wel van belang is, is die feit dat die huidige en heelparty van die vroegste Riemvasmakers Afrikaans as die eerste taal gebruik het. Hulle praat ook 'n gebroke Nama wat vir 'n egte Nama/Damaraspreker heel vreemd klink en soms ook onverstaanbaar is. Daarteenoor is dit vir hulle moeilik om 'n "opregte" Nama/Damaragesprek te volg, want die Damaras "vat die taal te diep" (Maria Silwer : Band 9). Hulle moedertaal is, ongeag die etniese herkoms, Afrikaans.

Afrikaans het die taal geword waardeur etniese, godsdienstige en opvoedkundige identifikasie moontlik gemaak is en daarom het die ouer Riemvasmakers nie die nodigheid ingesien om Nama/Damara aan hul kinders te leer nie. Afrikaans was die hoëfunksietaal en "if some other language (soos Afrikaans) proves to have greater value, a shift to that other language begins" (Muriel Saville-Troike, 1982:192).

6.0 REDES VIR TAALVERPLASING BY DIE RIEMVASMAKERS

By die Riemvasmakers is die Nama en ander tale deur Afrikaans verplaas omdat baie van die huidige oumense dit reeds as kinders saam met die "ou taal" aangeleer het. Steyn (1980:9) sê dat feitlik elke mens na puberteit die vermoë verloor om 'n taal sonder aksent aan te leer. Die Riemvasmakers praat Afrikaans sonder aksent sodat dit 'n vreugde is om na elke vertelling te luister. Afrikaans is vir hulle die hoë- en laefunksietaal en die Namadialek praat hulle hoogstens as hulle met die Nama of Damara, wat nie Afrikaans kan praat nie, wil kommunikeer of as hulle nie hul gedagtes aan 'n blanke Afrikaanssprekende wil blootlê nie. Hoewel nie geheel vergelykbaar

met Wallies nie, gebruik Walliesers ook Wallies om Engelse byvoorbeeld van 'n gesprek uit te sluit. Dit sou moontlik kon gebeur dat 'n aantal Walliesers in Engels staan en gesels en sodra 'n Engelsman by hulle sou aansluit, gaan hulle in Wallies met die gesprek voort sodat laasgenoemde nie kan verstaan nie. Hierdie soort uitsluiting berus eerder op 'n soort "rassisme". Die Namadialek het vir die Riemvasmakers grootliks hierdie funksie van afsluiting of uitsluiting, maar hulle gebruik die Namadialek as hulle onseker is of hulle iets mag sê of as hulle hul agterdog wil uitspreek oor die vrae wat die vraesteller vra, dan praat hulle in Nama.

Demografiese faktore het wel 'n rol gespeel in die taalverplasing by sommige individue wat uit Namibië by die groep aangesluit het. Deur omstandighede is 'n veelheid van etnisiteit in 'n "nuwe land" tot 'n nuwe etniese eenheid gebind waar hulle in die Riemvasmaakreserwaat gevestig is. Deur ondertrouery is enkelinge biologies in die groep geassimileer en dit het gelei tot die aanvaarding van 'n eiesoortige kultuur en sosiale struktuur binne 'n nuwe groepsverband.

Met die vinnige bevolkingsaanwas (Samewerking: 1985:2) in 'n semiwoestyng gebied, is dit te verstane dat die inwoners nie uit boerdery alleen 'n lewe kon maak nie. Mans sowel as vroue het as heelydse of deelydse loonarbeiders op die besproeiingserwe langs die Oranje gewerk of as huishulp 'n bestaan gemaak. Op hierdie wyse is hulle ekonomies geassimileer en omdat Afrikaans in hierdie omgewing die algemene omgangstaal van die Blankes is, was dit des te meer rede dat ander tale nie 'n kans op oorlewing sou hê nie. Dit was die taal van die werkgewer en dus 'n noodsaaklikheid om dit te kon praat.

Die Oorlams in SWA/Namibië en ook dié wat in die omgewing van die Oranjerivier gevestig is, het bygedra tot die verplasing van die Namataal vir Afrikaans by die Riemvasmakers. Die Oorlams was afstammelinge van die Khoekhoe. Hierdie mense was nie taalkonserwatief nie, maar het wel die tradisionele gewoontes bly aanhang en dis wat 'n mens tans ook nog by die Riemvasmakers sien.

Volgens Steyn (1980:96) kan taal die "sterkste simbool van die etniese groep vorm" en hy noem die Walliesers as voorbeeld. By hulle is Engels besig om hul eie taal te verplaas. Die Riemvasmakers

het egter die "nuwe" taal as identiteitskenmerk aanvaar juis omdat die Nama en ander tale 'n verskeidenheid simboliseer en gevolglik het die Namataal slegs 'n verengde funksie oorgehou.

In Riemvasmaak was die Riemvasmakers in 'n mate geografies geïsoleer om 'n eenheid in sosiale struktuur en kultuur te kon behou. Terselfdertyd het hulle in die Blanke van Upington, Keimoes en Kakamas 'n bondgenoot gesien wat in "swaar tye" (Gert Damara : Band 13) 'n werkgeleentheid gebied het. Net soos die Khoekhoe hul taal prysgegee het in Van Riebeeck se tyd, het die Riemvasmakers ook hul tale opgeoffer vir ekonomiese voorspoed wat die omgewing gebied het. In dié verband sê Muriel Saville-Troike (1982:196 en sy haal aan uit Swadesh 1948:234): "Frequently the community itself is transformed along with the linguistic switch. That is, only as the community is surrounded and absorbed into a larger community, does it tend to drop its old language and to take on that of a larger group."

As gevolg van 'n intieme interaksie tussen die gemeenskappe op die besproeiingserwe en die ekonomiese voordeel wat die Riemvasmakers daaruit kon put, het Afrikaans 'n prestige-taal en 'n eerstetaal vir die Riemvasmakers geword wat selfs die kleinste kan praat en verstaan.

7.0 HERVESTIGING VAN DIE RIEMVASMAKERS IN DAMARALAND

Soos reeds aangedui, is die Riemvasmakers 'n vermengde groep wat op Riemvasmaak gevestig geraak het. Daar is 'n sendingstasie en laerskole gebou, maar daar was 'n tekort aan hoërskool- en verdere opleidingsgeriewe. Skynbaar was daar ook al sedert 1940 gerugte van 'n trek wat die rondte gedoen het.

Dit is eers as gevolg van die Suid-Afrikaanse regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling dat die gerugte 'n werklikheid begin word het. Baie vergaderings is gehou en daar is vir maande lank deur 'n onbekende aantal amptenare onderhandel (Samewerking, 1985:2). Uit vertellings kan afgelei word dat selfs dr. Verwoerd die groep moes besoek het, want daar word gepraat van "die minister wat met die mes doodgesteek is" (Band 17). Uit talle onderhoude is dit ook duidelik dat G.J.J. Jordaan, die destydse magistraat van Kakamas, en hoofman Jakob Basson 'n primêre rol in die onderhandelinge gespeel het.

Volgens die Departement van Samewerking en Ontwikkeling is die swak ekonomiese toestand van die groep verskeie kere onder hulle aandag gebring en gevolglik is grootskaalse ondersoek geloods. Hierdie ondersoek het getoon dat die Riemvasmakers sedert die sestigerjare nie uit boerdery alleen 'n bestaan kon maak nie en die verslag meld verder dat selfs ook Blankes die gebied in die omstreke weens die heersende droogtetoestande moes verlaat. Gevolglik het verskeie beamptes wat die gebied besoek het, eenparig aanbeveel dat daar iets vir dië mense gedoen moes word. Die Departement van Samewerking en Ontwikkeling (1985:1) maak melding daarvan dat daar "geen mediese diens of skole of toekoms vir die kinders (was) nie" en dat die toestand so ellendig was dat die trek eintlik "spontaan ontstaan en ontwikkel het". Geeneen is oorreed om te trek nie en die besluit om te trek, het nie by 'n enkele persoon berus nie (Samewerking, 1985:2).

In die sestigerjare het die Odendaalkommissie in SWA/Namibië plase begin opkoop om ook die tuislandpolitiek ter plaatse tot uitvoer te kon bring. In Namibië sou dit ook groot verskuiwings tot gevolg hê. Op 21 September 1966 het Volksraadslid J.G.H. van der Watt, die winskant van verskuiwings in die Volksraad uitgewys. Groepe wat sou moes verskuif, sou met beter weiding en water na die tuislande gelok word (Horrel, M. 1967:42) en dit is wat ook met die Riemvasmakers gebeur het. Baie van hulle het besluit om te trek sonder om te weet wat die fisiese aard van die gebied is waarheen hulle sou trek.

In Augustus 1973 is 'n afvaardiging van vyf mans gestuur om Damaraland te gaan besigtig. Hulle was hoofman Jakob Basson, John Mangani, Koos Steenkamp, Gawie Adams en Jan Roman. Die seniorhoofman, Justus !Garoëb, en Raadslede S. Gobs en E. Christy het hulle in Damaraland ontvang en rondgewys (Zaby, 1982:133). Daar was egter nie eenstemmigheid onder die lede van die afvaardiging nie en hoewel Damaraland toe baie mooi was na 'n goeie reënjaar, het die plek op die meerderheid van die lede nie 'n groot indruk gemaak nie, want hulle het gehoop dat daar besproeiingsgrond sou wees. Nogtans was daar na hierdie besoek nie veel tyd meer vir onderhandelinge nie. Die saak was reeds beklink en die meerderheid van die afgevaardigdes het gevoel dat hulle geen aandeel aan die besluit gehad het nie.

Op 25 Oktober 1973 moes die eerste 127 Riemvasmakers uit die omgewings van Melkbosrand, Blouyfer, Waband en Blok 2 onder die leiding van Gawie Adams na Khorixas vertrek. Hierdie groep moes eerste gaan omdat in hierdie omgewing nie skole was wat st. 6-leerlinge gehuisves het nie. Hulle het op 29 Oktober 1973 op Khorixas aangekom (Zaby, 1982:134). Die res van die gemeenskap het in Maart 1974 gearriveer en soos die Cape Times (28.1.74) berig, was die "Riem that was fastened near the Augrabies Falls 60 years ago", losgemaak.

Die Departement van Samewerking en Ontwikkeling (1985:1) sê daar was net twee gesinne wat nie bereid was om te trek nie. Die res het verkies om te trek, maar in die Cape Times van 12.10.1973 word berig: "The Magistrate and Bantu Affairs Commissioner for Kakamas, Mr. G.J.J. Jordaan, admitted that some of the Riemvasmakers might be unhappy about the resettlement plans, but his information was that the majority were quite willing to trek". Sou 'n mens aanvaar dat die meerderheid tog gewillig was om te trek, lyk dit tog of die regering hulle met "valse beloftes" (Republikein: 20 Julie 1982) na SWA/Namibië gelok het. Gesien teen die agtergrond van 'n sukkelbestaan, die vinnige bevolkingsaanwas, die beperktheid van werkgeleentheid en die respek en vertroue vir die hoofman se oordeel, het hulle moontlik besluit dat daar elders dalk 'n beter heenkome wag.

Daar is aan hulle goeie weiveld en 'n uitgestrekte gebied gegee, maar van die aard van die landskap is nie melding gemaak nie. Dis 'n droogtegeteisterde gebied met baie roofdiere waarvan hulle nie kennis gedra het nie. Verder is die hegverbonde groep oor 'n wye gebied verstrooi waar hulle sonder vervoer geïsoleerd woon. Tweedens is hulle verplaas omdat skole en mediese dienste op Riemvasmaak ontbreek het of onvoldoende voorsien het, maar op Khorixas het hulle dieselfde probleme ondervind. Daar was volgens Raadslid Gobs "nie huisvesting genoeg vir die Damaras nie, en nou word die 150 (die eerste groep) mense ook nog hier ingeprop" (Zaby, 1982:139 soos hy aanhaal uit die Suidwes-Afrikaner; 31:10:1973). Daar was nie skole nie en die kinders moes op Bergsig in tente bly en skoolgaan. Later is tydelike geboue opgerig waarin nou nog skoolgegaan word. Mediese dienste is goed. Die bedoeling met die verskuiwing van die Riemvasmakers was goed, maar in Damaraland en die onmiddellike omgewing was selfs minder werkgeleentheid as langs die Oranjerivier en belangrike

aspekte betreffende die groep se bestaande kultuur en taal en herkoms is buite rekening gelaat toe besluit is om die Riemvasmakers in Damaraland te hervestig.

Opgeleide onderwysers is baie skaars in Damaraland en gevolglik het die Riemvasmakers se vordering op skool agteruitgegaan. Dit is nie slegs toe te skryf aan swakker onderrig nie, maar ook aan die feit dat die Riemvasmakers 'n Namadialek praat wat vir die Damaras moeilik verstaanbaar is. Hul Nama is so deurspek van Afrikaans dat 'n mens dit beswaarlik nog Nama kan noem. As die Damaras Nama/Damara praat, verstaan die Riemvasmakers dit ook moeilik, en die beleid van moedertaalonderrig het Riemvasmakerkinders, veral gedurende die eerste drie jaar, ver laat agter raak.

Omdat werkgeleenthede in Damaraland min is, het dit ook onder die plaaslike bevolking 'n ontevredenheid laat ontstaan oor die teenwoordigheid van die vreemde element in hulle midde. Gevolglik het die Riemvasmakers op 20 Julie 1982 'n versoekskrif aan die Administrateur-generaal en die Ministersraad gerig waarin om 'n verskuiwing na 'n ander gebied gevra word "waar hulle deur die plaaslike gemeenskap met respek behandel kan word" (Republikein: 20 Julie 1982).

Die christelike ingesteldheid van die Riemvasmakers is besig om te verflou en dit stem die oumense tot kommer, maar dis veral die verhouding tussen die Damaras en die Riemvasmakers wat baie versleg het en veroorsaak dat die laasgenoemde groep "verstoteling in die land van hulle voorouers" geword het (Republikein: 20 Julie 1982). Die gemeenskap is verder verdeel omdat hul hoofman, Jakob Basson, lid van die Damararaad geword het, want dié wat nie lid van dié Raad geword het nie, is geïsoleer, verstoot en sit soms op afgeleë plekke sonder vervoer.

8.0 SLOT

Die Riemvasmakers se kultuur en kerkverband verskil heeltemal van dié van die Damaras. Tog is dit in 'n mindere mate verantwoordelik vir hulle onaanvaarbaarheid in Damaraland. Die kern van die onderlinge misverstande setel in die taal.

Afrikaans is by Riemvasmakers die identiteitsbindingsmiddel. Vir

die inheemse Damaras is Damara "a marker of desired group identity" (Muriel Saville-Troike, 1982:187). Waar die linguistiese identiteit en groepsidentiteit verskil, kan dan ook nie sprake wees van 'n etniese eenheid nie. Gevolglik kry 'n mens die situasie dat die Riemvasmakers wat slegs deel wil bly van 'n Riemvasmakergemeenskap en nie wil akkultuureer by die Damarameerderheid nie, onaanpasbaar is in die omgewing: die wat probeer inskakel by die inheemse bevolking, as dislojaal beskou word; en dié wat by albei gemeenskappe probeer aanpas, deur geen groep vertrou word nie. Watter keuse die enkeling dan ookal maak, bly taal in hierdie geval "an identification badge" (Muriel Saville-Troike, 1982:190) met merkwaardige implikasies vir die opvoeding van hul kinders.

In Damaraland is Nama/Damara die "offisiële" subtaal met die grootste prestige. Alle kinders moet tot en met st. 1 daarin skoolgaan. Riemvasmakers is die minderheidsgroep wat graag hul identiteit wil behou en Afrikaans as "simbool van (hul) strewe en ideale" (Odendal, 1983:32) wil beskou en as Damaras hierdie uiterlike onderskeidingsteken aantas deur openlike miskenning of skeldname, lei dit noodwendig tot konflik.

Ten spyte van hul tradisionele erfenis, is hulle soos die vroeë Khoekhoe: Westers, Nama en tē Afrikaans om as Damaras geklassifiseer te word.

HOOFSTUK III

SINTAKSIS EN MORFOLOGIE

SAMEVATTING

1.0	INLEIDING	66
2.0	DOEL	67
3.0	OORSIG	68
4.0	NAAMWOORDE	68
4.1	Meervoude	69
4.2	Verkleinings	69
4.3	Massaverwysing	74
4.4	Die <u>goed</u> -konstruksie	75
5.0	DIE VOORBEPALING	78
5.1	Lidwoorde	78
5.2	Versamelingsbepalers	79
6.0	GENITIEFSVORM	80
7.0	ANAFORIEK	83
8.0	ONTKENNING	90
9.0	SETSELGROEPE	91
9.1	Voorsetselherhaling: <u>uit</u> ... <u>uit</u>	92
9.2	Die <u>vir</u> -konstruksie	92
9.3	<u>Met</u> <u>saam</u>	102
10.0	WERKWOORDE	104
10.1	SkakeIwoorde	105
	- Loop	106
	- Kom	108

10.2	Hulpwerkwoorde	113
10.2.1	Tydhulpwerkwoord	113
10.2.2	Modale hulpwerkwoord	115
10.3	Omskrywingswerkwoorde	116
10.4	Werkwoordkombinasies	117
11.0	BYSINNE	124
11.1	Die infinitief	124
11.2	Bepalings	124
11.3	Bysinsvolgorde	124
12.0	SLOT	

1.0 INLEIDING

Alle tale vertoon (in die breëre sin) ooreenstemmende kenmerke aangesien 'n kerngrammatika 'n beperkte aantal sintipes veronderstel wat onder andere deur 'n eindige aantal sintaktiese en morfologiese reëls gegenerer kan word en gevolglik 'n eindige aantal relasies binne so 'n raamwerk moontlik maak. Die wyse waarop hierdie ooreenstemmende kenmerke van die Afrikaanse taal deurgaans toegepas kan word om alle vorme van die taalsisteem in te sluit, word weerspieël in 'n standaardtaalvariasie. Dit is 'n abstraksie van 'n bepaalde taal en daarom is dit gewoonlik nie ryk genoeg om alle moontlike patroonmatighede te omvat wat in die algemene omgangstaal voorkom nie, want bepaalde "mechanisms seem to be lacking in the standard" (Burling, 1970:130).

Nogtans vorm 'n strukturele beskrywing van die standaardtaal 'n verwysingsraamwerk waarbinne variasiestrukture met behulp van 'n eindige stel reëls duidelik klassifiseerbaar is. Die abstrakte taalsisteem soos dit in die standaardvariasie voorkom, verleen begripsdekking vir variasiedata en stel beperkinge op moontlike kombinasies ten einde struktuur 'n moontlikheid te maak (Stubbs, 1984:61), want sonder beperkinge kan ook struktuur nie moontlik wees nie.

Maar taal is ook heterogeen juis omdat dit 'n vorm van sosiale gedrag is. Daarom is taalverskeidenheid "not only common, it is the natural result of basic linguistic factors" (Labov, 1970:42). Die verskil tussen die ooreenstemmende kenmerke en die verskeidenheidskenmerke van taal lê daarin dat die standaardtaal op die eenderse interne organisasie van die taalsisteem dui, terwyl die beskrywing van gesproke dialekte die verskeidenheid van die eksterne organisasie van die taal beskryf. In die algemene omgangstaal is funksionele variasie moontlikhede aanwesig waardeur linguistiese veranderlikes in samehang met nie-linguistiese veranderlikes 'n styl- of registerwisseling tot gevolg het ten einde geskikte taalgebruik vir 'n bepaalde kommunikatiewe situasie te lewer. Maar afgesien van hierdie inherente aanpasbaarheidseienskap van die taal in die algemeen, is daar ook ander ekstra-linguistiese faktore wat daartoe bydra dat sekere patroonmatighede as kenmerkende eienskappe van bepaalde groepe se taal, verskil van die taal van ander groepe. Linguistiese keuse

berus dus nie slegs op 'n referensiële basis ten opsigte van 'n bepaalde persoon se styl binne 'n sekere situasie nie, maar dit kan ook deel wees van 'n bepaalde groep se kultuur sodat die dialektiese kenmerke as't ware die identiteit van die groep bepaal.

Daar is al deur baie taalkundiges pogings aangewend om 'n duidelik-optynde omskrywing van diesulke taalgemeenskappe te gee, maar telkens blyk dié tipe definiërings onvoldoende te wees om die waarde van 'n taalgemeenskap saam te vat. Dat die Riemvasmakers so 'n gemeenskap is, kan moontlik afgelei word van die groepnaam waarmee hulle hulleself identifiseer, want volgens Bell (1976:217) kan 'n "speech community be seen not as a group of individuals who share a common language but a group of individuals who believe themselves to belong to such a community". Moontlik kan hulle ook as groep aanvaar word op grond daarvan dat hulle herkoms aan 'n bepaalde geografiese gebied gekoppel kan word en dat hulle op grond van etnologies-taalkundige en sosiale faktore in Damaraland hervestig is as 'n "etniese" eenheid.

Die Riemvasmakers praat 'n vorm van Oranjerivierafrikaans en daarom val die klem in hierdie hoofstuk op 'n vergelyking van sintaktiese en morfologiese strukture ten opsigte van RA en GA ten einde ooreenkomste en/of verskille tussen die twee variasietaalvorme uit te wys.

2.0 DOEL

Hoewel sinne en morfeme gewoonlik gebruik word om binne 'n bepaalde situasie 'n semantiese inhoud te kommunikeer, is dit tog sinvol om op vergelykende wyse 'n beskrywing van die sintaktiese en morfologiese (in 'n geringer mate) variasie in RA te gee ten einde aansluiting te vind by die enigste omvattende beskrywing van dié aard - die Griekwaverslag. Slegs deur 'n strukturele vergelyking kan die mate van ooreenkoms (of verskil) tussen die verskillende variasievorme duidelik weerspieël word. Tog kan 'n studie van die sintaksis en morfologie buite die verband van die gesprekseenheid nie op volledigheid staat maak nie, want 'n mens moet nie slegs leer hoe om sinne te maak nie, maar ook wanneer om hulle nie te maak nie (Gray, 1977:6).

Aangesien in die laaste hoofstuk wel aan die onderliggende semantiese en sosiale funksies van die sintaksis en die morfologie aandag gegee sal word, word die aandag in hierdie hoofstuk beperk tot die beskrywing van die frekwentste sintaktiese en morfologiese strukture soos dit in RA voorkom, maar dit sal ook met ander variasietaalvorme vergelyk word om 'n geheelindruk van RA (met betrekking tot SA, GA en in 'n geringer mate, die algemene omgangstaal van blanke sprekers) te gee.

Daar sal dus deurgaans slegs na die oppervlakteorganisasie van die woord- en sinsbou verwys word en gehou word by variasiepatrone wat algemeen ten opsigte van kategoriale funksies binne slegs die sinseenheid betrekking het. Idiosinkratiese beperkinge en uniekhede sal buite rekening gelaat word.

3.0 OORSIG

Van Rensburg (1984:514) onderskei drie vorme van Afrikaans: Oosgrens-afrikaans waaruit standaardafrikaans ontwikkel het, Kaapstadafrikaans, en Oranjerivierafrikaans wat in die omstreke van die Oranjerivier gepraat word. Riemvasmakers praat 'n Oranjeriviervariasie en daarom kan ooreenkoms tussen die variasietaalvorme van RA en GA moontlik wees. Dog 'n eenduidige ooreenkoms is dit nie. In baie opsigte is RA feitlik gelyk aan GA, maar ten opsigte van ander veranderlikes vertoon RA sterker ooreenkoms met SA. Deurgaans toon frekwensie-indekse van die Riemvasmaakvariasie 'n laer variasietendens met betrekking tot SA. Die groter ooreenkoms met SA kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die Riemvasmakers met 'n wyer reeks klasstipes kontak gehad het en as gevolg daarvan, kon hulle sodoende moontlik 'n beter kennis van die middelklastaal bekom het (Labov, 1964:332).

4.0 NAAMWOORDE

In RA varieer die vorm van selfstandige naamwoorde hoofsaaklik in leksikale betekenis en fonologiese vorm (wat nie in dié studie verder ondersoek sal word nie); en met betrekking tot die vorming van verkleinings en meervoude. Ook voornaamwoorde toon variasie, maar sal volledig by anaforiek en die genitiefsvorm onder bespreking wees.

4.1 Meervoude

Van die "dubbele meervoude" wat Rademeyer (1983:99) in vroeë GA opgeteken het, is ook in hedendaagse GA nog in 'n besondere hoë frekwensie teenwoordig en in gebruik. By Riemvasmakers is soortgelyke meervoudsvorme opgeteken. Tog wil dit lyk asof hierdie tipe konstruksie, hoewel dit verbreed voorkom, minder frekwent in gebruik is as in GA.

Dit kan moontlik toegeskryf word aan die geskiedenis van hierdie vorme. L.T. du Plessis (1984:364) verklaar die ontstaan van meervoudsvorme soos vrouense, winkelse en oomse, soos dit in GA voorgekom het, as hiperkorrekte vorme wat onder elite Hottentotte ontstaan het. Sodanige sprekers het die gewone -s-meervoud van die nie-standaardsprekers verbeter deur nog 'n "deftige" -e- by te voeg vir meervoudsvorming. Dus: waens + -e.

Hoewel Riemvasmakers ook Oranjerivierafrikaans praat en ook gedeeltelik van die vroeëre Khoe-Khoe afstam, moet 'n mens nie uit die oog verloor nie dat baie ook uit SWA/Namibië afkomstig is en nie almal Oorlamsafstammeling was nie. Hulle het eintlik Afrikaans uit twee rigtings as taal geërf: uit 'n Blanke omgewing en Oorlamsafkoms en/of -kontak. Dat sosiolinguistiese faktore tot die ontstaan en gepreserveerdheid van hierdie meervoudsvorme in GA gelei het, is logies, maar dat Riemvasmakers dit minder gebruik en dit in 'n groot mate 'n registerverskynsel is, kan weer aan ander sosiolinguistiese faktore toegeskryf word:

8. Kakamas het mos vir ons geleer 'n Blanke gebore

Hulle is trots op hulle "Blankeskap" en daarom sal die Blanke se variasie groot aanklank vind. Dit verklaar ook die feit dat ten opsigte van die meeste sintaktiese en morfologiese veranderlikes, daar nie so algemeen en algeheel van die SA afgewyk word nie.

Die omvang van variante meervoudsvorme in RA hang baie nou saam met die linguistiese inhoud en sosiale faktore. Op 'n formele vraag soos : wat is die meervoud van?, sal selde 'n verkeerde antwoord verstrekk word, maar 'n informele vertelling sal 'n aantal variante lewer afhangende van die onderwerp waaroor die gesprek handel.

Een informant lag as 'n mens formeel vra wat die meervoud van oom is, maar skaars tien minute later sê hy:

9. hulle's mos onse oomse

Cheshire (1982:130) se uitspraak dat "different variables have different kinds of social significance", is ook van toepassing op die meervoudsgebruik in RA (vgl. ook Fishman, 1977:215).

In reaksie op die formele vraelys, het slegs sink en graf merkwaardige wisseling getoon. Hierdie twee variasiemeervoudsvorme kan as stereotipes beskou word aangesien nie styl of situasie 'n wysiging na SA veroorsaak nie. Uit die 17 informante wat ondervra is, het die antwoordverspreiding soos volg daar uitgesien:

<u>WOORD</u>	<u>SA</u>	<u>VARIASIEVORM</u>	
sink	sinkplate 1	sinke 15	sinkplaaie 1
graf	grafte 3	grawwe 13	grafe 1
poliesman	poliesmanne 12	poliese 5	
oes	oeste 11	oese 6	

4.2 Verkleinings

As deel van die NS, kom verkleiningsvorme baie frekvent in RA voor. Wat die frekwensie en semantiese funksie betref, is daar nie 'n verskil tussen die gebruik van verkleinings in RA en SA nie.

Volgens Kempen (1940:38) is dit so dat die "diminutief in Afrikaans hom (leen) tot uitsegging van vrywel alle moontlike gestemdheids van nie baie hewige aard".

Die semantiese funksie van verkleining in RA kan ook met betrekking tot gemoedstemminge gebruik word om 'n gunstige of 'n ongunstige betekenis oor te dra. Dit het dus 'n affektiewe waarde.

Hoewel verkleinings derhalwe nie werklik losgemaak kan word van hul betekenis in die konteks nie, val hierdie aspek buite die ondersoekveld van hierdie hoofstuk. Daar sal gevolglik slegs aandag gegee word aan die struktuur van verkleiningsvorme in RA soos dit ooreenkom met GA en verskil van SA.

Volgens Jenkinson (1984:241) word selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde en eiename in GA verklein. Binne die algemene omgangstaal van RA, kom die verkleining van eiename en voornaamwoorde baie selde voor; intendeel, geen voorbeelde van verkleinde voornaamwoorde of eiename is opgeteken nie, maar ten opsigte van soortnaamwoorde is 'n patroonmatigheid van dubbele verkleining aanwesig soos dit in GA ook voorkom. Jenkinson (Ibid.) het gevind dat die "allomorf [ici] saam met die betrokke stam gebruik word, waar ABA die allomorf [i] gebruik".

In informele gesprekke met Riemvasmakers is 'n aantal dubbele verkleinings gelys en dié is aan 17 informante voorgehou ten einde die gebruik van hierdie bepaalde verkleiningsuitgange op 'n formeler wyse te toets. Daaruit het die volgende geblyk:

(Vgl. Bylae I : Afdeling C.)

WOORDE	AANTAL VOORKOMSGEVALLE		
	SA	VARIASIE	ANDER
1 <u>-ie:</u>			
uitgang is:			
<u>p</u> , <u>k</u> , <u>s</u> , <u>f</u> , <u>g</u> ,			
bok	9	8	
klok	12	5	
plek	12	5	
sink	13	5	
graf	9	8	
stoof	10	7	
bees	10	6	1
oes	10	6	1
pos	9	8	
komers	10	7	
huis	11	6	
kruis	12	5	
sloop	12	5	
berg	10	3	3
deeg	10	6	1
2 <u>-jie:</u>			
uitgang is:			
<u>d</u> , <u>t</u>			
soldaat	15	2	
maat	17	0	
put	17	0	
trompet	14	3	
3 <u>-etjie:</u>			
uitgang is:			
<u>m</u> , <u>n</u> , <u>r</u> , <u>ng</u>			
lam	17	0	
pan	17	0	

kar	17	0	
ding	17	0	
4 <u>tjie:</u>			
tuin	15	2	
lorrie	17	0	
dier	17	0	
kitaar	16	1	
tannie	17	0	
stoel	14	3	
vrou	17	0	
onderwys	17	0	
winkel	17	0	
5 <u>-pie:</u>			
oom	17	0	
probleem	15	2	

Die derde groep vertoon geen variasie nie en by die eerste groep kom (in vergelyking met SA) die meeste variasie voor. Oor die moontlike historiese herkoms van hierdie wisseling is dit nie moontlik om verklarings te soek nie aangesien bronne oor hierdie aspek net nie bestaan nie. As egter gekyk word na die huidige verkleiningsvorme in SA, is ook dubbele verkleinings in hierdie variasie nie heeltemal vreemd nie. Daar moet egter ten opsigte van SA onderskei word tussen die ware toutologiese verkleiningsvorme soos mandjie x mandjietjie, "oënskynlike" verkleinings soos koppie x koppietjie en stamme wat uitgaan op -ie, bv. horlosie. Hoewel die laaste twee voorbeelde nie dubbele verkleining veronderstel nie, het hulle ook 'n [ici] - uitgang as die verkleiningsallomorf aangelas word.

In RA word die toepassing van die [ici] - uitgang algemener toegepas sodat dit neerkom op 'n vereenvoudiging van die struktuur van verkleining, want ten opsigte van groep 1 toon die [i] - uitgang dieselfde struktuur as dié van koppie en horlosie. Hoewel dit dan aanvanklik lyk na 'n kompleksere struktuur, is dit eintlik 'n vereenvoudigde struktuur.

As 'n mens ook in gedagte hou dat hierdie opnames 'n formele situasie weerspieël, is dit moontlik dat die dubbele verkleinings selfs nog in 'n hoër frekwensie mag voorkom, of voorgekom het voordat die invloed van groepe uit die hoër taallae van die gemeenskap verkleining in die rigting van die SA vorm beïnvloed het. Andersyds is verkleining ook konteksgebonde en neem die gebruik van dubbele verkleining toe namate die onderwerp en gespreksituasie informeler raak. Daarom gee sommige informante die standaardvorm by formele ondervraging, maar gebruik die variasievorm in 'n vertelling.

4.3 Massaverwysing

In vergelyking met GA kom die generiese of massaverwysing (vgl. L.T. du Plessis en H. du Plessis, 1984:237/119) dikwels by Riemvasmakers voor:

10. bees dood

11. ek het bees gehad

12. '79 het ek gehad 1200 goed: skaap en bok

Hulle brei hierdie struktuur uit tot:

13. die leeu en die olifant het 'n wet op

maar later sê dieselfde informante

14. die bokke bly in die hoenderhok

15. toe's hulle in my skape in

16. met sy beeste daar ingetrek

Anders as in GA, is hierdie massaverwysings in RA beperk tot diere en die boerdery. Eenmaal is ertjie en boontjie gebruik, maar as arbeiders op besproeiingserwe (dit is ook in daardie konteks gebruik), was dit 'n boerderyprodukt vir die Riemvasmakers.

Met die bogenoemde sal 'n mens nie wil impliseer dat ander substantiewe soortname nie ook op dieselfde wyse meerkonvensioneel aangewend word nie. Ponelis (1979:46) verwys na 'n aantal soortgelyke meerkonvensionele woorde wat in SA voorkom, maar die wisseling gaan in RA dikwels gepaard met 'n onderskeiding tussen algemene tipe: bees (soort), teenoor 'n spesifieke tipe: die man se eie beeste.

In RA word dus nie slegs een lekseem gekies vir 'n meervoudsaanduiding en deurgaans daarby gehou nie. Afhangende van die gebruik binne sintaktiese verband, sal die klas waartoe die woord behoort - massanaamwoord of soortnaamwoord - wissel soos by ander meerkonvensionele woorde in SA ook die geval is. (Kyk ook H. du Plessis, 1984:120).

4.4 Die goed-konstruksie

Hans du Plessis (1984:121) en Jenkinson (1984:251) verwys na die goed-konstruksie in GA wat in funksie heelwat verskil van die goed soos dit in die standaardtaal gebruik word. In SA is goed 'n versamelingsaanduidende naamwoord wat, hoewel dit ook soms by uitsondering op lewendige dinge kan dui, hoofsaaklik aan lewelose dinge gekoppel kan word, bv. skottelgoed, eetgoed, vuilgoed, maar tog ook kleingood (kinders).

Kenmerkend van hierdie tipe samestellings is dat die enkelvoud met ding gevorm word: speelding; en dat hierdie tipe NS met bepaalde determineerders kan verbind: die speelding/speelgoed (Jenkinson, 1984:251).

Verder sê Jenkinson (en H. du Plessis, Ibid.) dat goed, behalwe as deel van name en in mededinging met die voornaamwoordstelsel, nie eintlik in ander opsigte variasie toon nie. Die goed-konstruksie is 'n "hibridiese konstruksie wat 'n eg Griekwa-Afrikaanse skepping is, omdat dit die hulle-konstruksie grootliks vervang het en daarom van die goed- samestellings in ABA verskil" (Jenkinson, 1984:252).

In RA kom die funksie van goed-samestelling in baie opsigte met GA ooreen, hoewel dit nie altyd soseer net die hulle-konstruk-

sie vervang nie. In

17. maar kyk, die Duitsers se goed het hulle mos mak maak

word selfs se goed addisioneel bygevoeg. In SA sou selfs hulle in hierdie sin oorbodig klink. Die se goed dui in SA besitting aan, terwyl dit in hierdie RA sin eerder as 'n gesprekstategie funksioneer om die gemeensame gesprek te laat vlot. Dieselfde geld vir die gebruik van goed saam met eiename soos in Keimoesgoed, Khorixasgoed, ens. Maar in konteks dui die goed in dié geval, soos Tsourobgoed, op die mense van Tsourob. In hierdie geval is die hele woord vervangbaar met hulle en in voorbeelde soos:

18. dan kom oupa Jiems Simonsgoed (goed = hulle) en ou Man Dawidsgoed en hulle oumanne

is slegs die goed vervangbaar met hulle om 'n SA konstruksie te lewer.

Soms kan goed net soos in GA saam met soortname derdepersoonsverwysend wees:

my pagoed	(hy)
Jakob Hoofmangoed	(hy)
Abramgoed	(hy)

In voorbeelde soos:

19. het meneergoed daar gebore? (u/jy)

word goed tweedepersoonsverwysend gebruik en ten opsigte van

20. Hendrik Roman diégoed (vertel my)

21. Meneer Botha en diégoed was almal (daar)

22. dan gaan hierdie-goed-mense vandag slag

dui die voornaamwoord en goed op die standaardtaal se hulle. Deur hierdie deiktiese modifiseerders word die nie-aanwesige referente

buite die gesprekskonteks, binne die situasie geplaas.

Selfs onbepaaldheid word met die goed-konstruksie uitgedruk:

23. ek weet nie wiegoed is nou hierso (nie)

Net soos in sin 17, is die goed in sin 23 nie om te skakel na 'n voornaamwoord wat 'n SA konstruksie sal lewer nie.

Die sintaktiese en morfologiese variasie ten opsigte van die goed-konstruksie by die Riemvasmakers hou wel verband met 'n eenvoudiger en meer gelykvormige sisteem deurdat dit aan eiename sowel as voornaamwoorde gekoppel word om besondere referente te selekteer en van ander te onderskei. Die gelykvormigheid van die Riemvasmaaksisteem blyk uit die volgende:

<u>SA</u>	<u>RA</u>
Piet	Vader Wolfgoed
u	u-goed
jy	meneergoed
Piet-hulle	Man Dawidsgoed
Khorixas se mense	Khorixasgoed
hulle	diëgoed-mense
wie	wiegoed
dië	diëgoed
1930	1930-goed

Vir die eenvoudiger en gelykvormiger sisteem soos bo uiteengesit, word egter gekompenseer deur 'n kompleksere stylsisteem. Afhangende van die formaliteit van die situasie en die gespreksonderwerp, wissel standaardtaalvorme en variasiestrukture mekaar af.

In SA word op die semantiese en leksikale vlak onderskei tussen goed en goeters. Hierdie twee woorde is van verskillende oorsprong met oorvleuelende betekenisvelde. As simplekse kom albei lekseme (as sinonieme) baie frekwent in RA voor. Daarom dat ook goeters soms in die funksie van goed voorkom in die tipe samestellings soos bo uiteengesit:

24. hierdie hoofmangoeters

25. toe sien die mense, hierdie een - Romangoeters

26. hierdie Khorixasgoeters (mense)

of selfs

27. hierdie Dawid Klindinges

waar dinges 'n negatiewe konnotasie het. In:

28. 1959-goed tot 1930-goed, so

het goed nie meer slegs 'n voornaamwoordelike funksie nie, maar word dit bywoordelik gebruik, want dit kan vervang word met toe.

In RA hang die gebruik van die goed-konstruksie baie nou saam met die taalkode in dié sin dat die gebruik daarvan beperk word deur die situasie, en afhangende van die handeling wat die spreker wil uitvoer, sal die keuse van die konstruksie wissel tussen die SA en die RA vorm.

5.0 DIE VOORBEPALING

5.1 Lidwoorde

Die voorbepaling in RA toon net soos in GA nie noemenswaardige variasie nie. Maar dat "lidwoordweglatingsmoontlikhede in direkte verhouding staan tot die graad van onbepaaldheid van die naamwoord" (H. du Plessis, 1984:124) is ook waar van RA :

29. dan moet jy sommer baadjie soek

30. daar's nie plek wat onse boeke nie kom nie

31. dis maar sent se goed

32. ons is so klomp

33. sy't nou al klein babetjie

34. as ek so jong enetjie het

Wat sporadies voorkom, is ook die gebruik van die onbepaalde lidwoord saam met massanaamwoorde of meervoudige soortname:

35. het nie 'n kinderse nie

36. so 'n lang stokkies

37. wat 'n twee mikkies het

38. 'n heuning

39. om vir my 'n meeltjies te koop

40. ons kry maar 'n vervoer

5.2. Versamelingsbepalers

Sintaktiese vereenvoudiging en veralgemening in die Riemvasmaakvariasie het moontlik daartoe bygedra dat versamelingsbepalers soos al en hele wat in SA in aanvullende spreiding staan, in RA nie altyd so gebruik word nie. Soms vervul hele ook die funksie van al. Volgens Cheshire (1982:130) is dit kenmerkend van variasietaalvorme dat redundante kenmerke weggelaat word. In RA word hele soos in SA saam met enkelvoudige naamwoorde gebruik, soos in:

41. die hele gesin

42. die hele ding loop hoor

43. die hele week

44. dis 'n hele affêre

maar waar al in SA saam met massanaamwoorde en meervoudige soort-

name sou voorkom, word in RA ook hele gebruik:

45. die hele mense

46. tot hy die hele kinders gevang het

47. die hele Riemvasmakers is daar

48. word die hele tee gekondem

Volgens Ponelis (1979:134) is al "na verwant aan die onbepaalde telwoorde" en dit is 'n weglaatbare stuk in die NS-konstruksie. As weglating verband hou met onbepaaldheid, is dit dan te verklaar waarom al deur hele vervang word, en selfs verbind met meerfunksionele werkwoorde in 'n naamwoordelike funksie:

49. hulle het sommer so die hele roep geroep

6.0 GENITIEFSVORM

In sekere opsigte kom die besitlike konstruksies in RA met die standaardtaal ooreen en ten opsigte van ander is daar weer aansluiting by wat Jenkinson (1984:244 - 245) oor hierdie tipe konstruksie in GA bevind het. In GA, sê Jenkinson, wyk die enkelvoudskonstruksies van die besitlike voornaamwoord af van die SA se geleksikaliseerde tipe, om 'n se-konstruksie te lewer. In RA is die gebruik van die se-konstruksie saam met voornaamwoorde ook anders as in SA, maar dit sluit nie enige enkelvoudige voornaamwoorde en se soos in GA in nie. Daar kom dus nie variasievorme soos hom se voor nie, maar my, jou, sy/haar en die kernsubstantief word gebruik om besitting aan te dui. Net ten opsigte van die eerste, tweede en derdepersoonsmeervoudsvorme en die kernsubstantief varieer RA.

50. onse huise

51. u se/u-hulle se ouers

52. julle se kinders

53. hulle se mense

Hoewel die geleksikaliseerde enkelvoudsvoorname woorde sy/haar/my/jou wel voorkom in besittlike konstruksies in RA, is dit opmerklik dat dieselfde geleksikaliseerde vorme, meestal deur omskrywings vervang word deurdat besittlikheid ook soos in SA aangedui kan word met behulp van 'n nabepaling wat met die voorsetsel van ingelei word. Hierdie konstruksie is volgens Ponelis (1979:151) "sterk parallel met dié van die genitiefsvorm". In RA kom hierdie tipe besittsaanduidings baie frekwenter voor as in SA en saam met die konstruksie waar substantief en se optree, oorheers hierdie konstruksies die enkelvoudige naamwoord as genitiefsvorm sowel as die SA meervoudige voorname woorde sonder die se. In 'n vergelyking van al die besittlike konstruksies soos dit in RA voorgekom het en waar in SA slegs my, jou, sy, haar, ons, hulle of julle kon funksioneer, het die volgende geblyk:

<u>PERSOONSVORM</u>	<u>TOTAAL</u>	<u>FI</u>	<u>GESAMENTLIKE</u>	<u>VOORBEELD</u>
my	37	10,8	24,269	my kind
jou	0	0		jou kind
sy	22	6,432		sy kind
haar	1	0,292		haar kind
ons	19	0,555		ons kind
hulle	4	1,169		hulle kind
julle	0	0		julle kind
onse	117	34,210	75,730	onse kind
julle se	9	2,631		julle se kind
hulle se	20	5,847		hulle se kind
van ons	21	6,140		die kind van ons
van my	13	3,801		die kind van my
van jou	1	0,292		die kind van jou
van hulle	0	0		die kind van hulle
van julle	0	0		die kind van julle
van en NS	22	6,432		die werk van die kind/hom
NS en se en NS	57	16,666		die kind se werk
	342			

Die SA gebruik van die genitiefsvoornaamwoorde, enkelvoud en meervoud, is nie uitgesluit uit die Riemvasmaakvariasie nie, maar dit word minder gebruik as die meer indirekte omskrywings. Waar die meervoudige voornaamwoorde wel in variasie voorkom, is die gebruik van van ook laer, maar sodra die se ingevoeg kan word, soos ook by die NS, neem die frekwensie van die van-gebruik af.

Net soos in GA word se-gebruik ook "veralgemeen oor naamwoordstukke heen" (Jenkinson, 1984:246) om 'n bywoordelike funksie te vervul:

54. in onse tyd - toe
en ten opsigte van 'n sin soos:

55. dis maar net 'n sent se goed daardie
wat ook omgestel kan word tot:

55a dis maar goed van 'n sent

of

55b dis maar goed wat 'n sent kos
vorm die se-konstruksie in sin 55 'n bystelling wat ontstaan het uit 'n betreklike bysin (soos dit blyk in 55b) en wat in hierdie opsig 'n soort maatuitdrukking is wat as aanvulling by die koppelwerkwoord kos voorkom (Ponelis, 1979:151) soos ook in SA.

Wat in sommige gevalle nie heeltemal ooreenkom met SA nie, is die tipe genitiefskonstruksie wat eintlik gewoonlik met van gebruik word:

56. hier teen dagster se opkom

57. het hulle nou hulle se bly gebly

58. koorsing en daarie se doen

Sin 56 is nie so vreemd aan SA nie, want met die voorsetsels teen en van kan die konstruksie maklik omgestel word tot teen die opkom van die dagster wat heel gewoon aan SA is, maar as 57 en 58 omgestel word tot:

59a met die bly van hulle

60a met die sing van kore

val daar telkens 'n deel van die sin weg en dit dui op 'n verskillende struktuur as wat in 56 voorgekom het. Maar as die hulle se met ge- vervang word, lewer dit 'n SA sin:

59b het hulle nou gebly

60b koorsing en darie (dinge) gedoen

Die se of se en hulle vervul bo dus 'n verledetydsfunksie.

In RA is die gebruik van die se - vorm baie meer verbreid as in SA en vervul nie net 'n referensiële funksie nie, maar kan ook in kompleksere gebruike aangewend word om as't ware te kompenseer vir die vereenvoudiging wat intree as se nie slegs saam met naamwoordstukke nie, maar ook saam met voornaamwoordstukke optree. Die wisseling wat daar bestaan tussen die standaardtaal en RA, kan toegeskryf word aan die invloed wat moontlik via die skole en ander opvoedkundige instansies die variasie beïnvloed in die rigting van die standaardtaal.

7.0 ANAFORIEK

Ponelis (1979:68) gee 'n volledige uiteensetting van die anaforiese gebruik van derdepersoonsvoornaamwoorde soos dit in die standaardtaal voorkom. Daaruit blyk dit dat RA ten opsigte van die gebruik van hy, sy, dit en hulle baie raakpunte met SA het. Soos Ponelis, wys C. du Plessis (1984:14) ook daarop dat dit by telbare abstrakte en konkrete referente byna volkome in die spreektaal deur hy verdring is en dat "die trefwydte van dit besig is om te kwyn" ten opsigte van die gebruik saam met nie-lewende referente. Ook in GA is daar 'n algehele verdringing van dit deur hy (Prinsloo, 1984:104) by soortnaamwoorde en massanaamwoorde. Dit blyk dus 'n algemene kenmerk van die Afrikaanse spreektaal te wees sodat so 'n veranderlike nie as 'n kenmerkende patroonmatigheid van RA as sodanig hoef uitgesonder te word nie. Die verskil tussen RA en SA lê moontlik daarin dat

die konkurrensie tussen hy en dit nie meer dieselfde affektiese funksie-onderskeid toon by massanaamwoordelike referente (Ponelis, 1979:585) as in SA nie, aangesien dit feitlik deurgaans (uitsonderingloos) deur hy verplaas word soos in GA :

boermeel	- hom
die mis	- hy
vleis	- hy (baie)
koring	- hy

In RA word na getalsmatige sowel as die nie-getalsmatige abstrakta, wat volgens C. du Plessis (1984:17) by voorkeur dit neem, met hy/hom verwys :

Getalsmatige	reën	- hy
abstrakte en	kultuur	- dit
konkrete	taal	- dit
referente	belasting	- hom
	die plaas	- hy lê daar
	die droogte	- hy
nie-getalsmatig	droëgis	- sy brood is
	boermeel	- hom
	die wêreld	- hy
Eiename	Sesfontein	- hom
	Tsourob	- hom
	die Odendaalplan	- hy

Maar as 'n storie met dit begin om na die jakkals te verwys (vgl. Bylae VI:F),

61. dit loop vanmôre veld toe

sou 'n mens dit-aanwending in hierdie sin as 'n vertelstrategie kan uitsonder, want die gebruik van Jakkals en hy is so algemeen (ook in die SA skryftaal) dat dit as anafoor verras en die aandag trek na dit wat gaan kom.

Ponelis (1979:80) wys verder op die nou verband wat daar tussen dit en deiktiese dié-anafore bestaan. SA toon die neiging dat

dit wat as aanwysende woord voorkom in bv.

62. dit is lekker sjerrie

deur 'n deiktiese diē/hierdie/daardie vervang kan word, bv.

62a diē is lekker sjerrie

en hy wys op die algemene tendens wat in SA ten opsigte van aanwysende woorde geld waarvolgens die aanwysende woorde tot 3P-voornaamwoorde ontwikkel.

In RA is die gebruik van hierdie voornaamwoordelike anaforiese diē baie gebruiklik. Hierdie diē het 'n voornaamwoordelike funksie aangesien dit meestal in die plek van dit of hy optree soos in SA:

63. die man wat vir ons Namagesange geleer het, (hy) dié't uit Suidwes gekom

64. (hy) dié't met die nuus gekom

65. daai brood, diē nie (hy/dit)

66. diē (dit) raak vermuf

67. mnr. Botha en diē-goed (hulle) was almal op Riemvasmaak

Dit lyk dus na 'n verbreider patroonmatigheid in die funksie van die as anaforiese voornaamwoord in RA as wat in SA voorkom, hoewel hierdie struktuur nie vreemd is aan SA nie.

In RA kan ook hy/hom/hulle as anafoor vir getalsmatige abstrakta gebruik word (soos C. du Plessis en Ponelis dit onderskeidelik in die spreek- en skryftaal bevind het). Tog maak Riemvasmakers moontlik ook 'n onderskeid ten opsigte van bepaalde leksikale items wat met 'n hoër mag te doen het en ander wat "meer konkreet is". Vgl.:

behandeling	- hom
die skool	- hy
'n noodaffêre	- hy

veld	- hy
reën	- hy
maar: kerkvieringe	- dit
grootkerke	- dit
weerlig	- dit

Steyn (1976:31) het in die Afrikaanse omgangstaal 'n tendens bemerk waarvolgens getalskongruensie ontbreek tussen NS-antesedent en die anaforiese voornaamwoord. Dit dui op 'n afwyking van die SA skryftaal. Volgens Ponelis (1979:80) is dit gewoon dat hulle "slaan op meervoudige referente" of soms konkurreer hulle ook met dit. In die Afrikaanse spreektaal kan daar dan, volgens Steyn, soms 'n enkelvoudige antesedent saam met die meervoudige anafoor gebruik word. In RA is hierdie tendens ook opgemerk, maar dui die voorkomsgevalle tog op 'n komplementêre spreiding wat betref die konkurrensie tussen hy/hulle saam met 'n meervoudige antesedent. Getalskongruensie ontbreek net in dié gevalle waar die antesedent as 'n soort "versamelwoord" (Steyn, 1976:31) gesien word. Met ander woorde as na spesifieke leeus, bye, of olifante verwys word, sal hulle as die "korrekte" anafoor gebruik word, maar wanneer na 'n tipe dier verwys word, (al lyk die referent na 'n meervoudsvorm), sal hom/sy gebruik word.

68. ek is bang vir hom (tipe = bye)

69. die leeus - hy's mos slim (tipe = leeus)

70. die olifant - sy baas is baie (tipe = olifante)

maar:

71. die olifante - hulle se base is kwaai (olifante wat hy wou skiet)

72. die olifant - jy mag hom nie hand aansit nie (tipe)

73. die donkies - vir hom betaal jy baie belasting (tipe)

74. die donkies - hulle vreet die veld op (sy eie donkies)

Om op te som:

In RA kom hy/hom baie verbreid voor en dit word as anafoor in 'n baie lae frekwensie benut om na nie-lewende en selfs massanaamwoorde te verwys. Selfs ten opsigte van nie-getalsmatige abstrakta toon hy ten koste van dit ook al wins. Soos wat hy en dit in konkurrensie in SA omgangstaal opgeteken is deur Steyn, C. du Plessis en Ponelis, kom dit ook in RA voor.

Waar in SA die hy of sy onderskeidelik gebruik word om op die manlike of vroulike geslag te dui, word in RA soms met hy na 'n vroulike referent verwys. Dit is 'n verskynsel wat Prinsloo (1984:105) ook in GA opgeteken het en C. du Plessis (1984) vermeld hierdie wisseling ook as kenmerkend van die taalgebruik in Namakwaland. Die omgekeerde, nl. dat met sy in plaas van hy na 'n manlike persoon verwys word, het slegs eenmaal voorgekom in RA. Daar is dus nie 'n omgekeerde patroonmatigheid in RA ten opsigte van die hy/sy-wisseling nie.

75. hy was 'n Xhosa (die man) en kyk ons weet sy's dit

In die bogenoemde sin het sy nie 'n addisionele semantiese funksie vervul nie. Uit die konteks blyk dit moontlik 'n verspreking te gewees het.

By Rieme is dit dan hoofsaaklik die sy wat deur hy verplaas word om na vroulike referente te verwys. Dit is nie 'n willekeurige wisseling nie, maar 'n sistematiese verwisseling en "hierdie wisseling in die spreker se linguistiese kode, hou verband met wisseling in sosiale omstandighede soos byvoorbeeld die gespreksgenoot, die gespreks- onderwerp of die mate waarop die spreker by die hoorder indruk wil skep" (Du Plessis, 1983:52).

Hierdie hy/sy-wisseling is dus in der waarheid 'n stylwisseling wat baie ooreenkom met die gebruiksfunksie van hy/sy-variasie van Namakwalanders en die Griekwas (Prinsloo, 1984:105/106). C. du Plessis (1984:109) gee die reëls waarvolgens die hy-gebruik vir sy aangewend word en daarvolgens word met die hy-verwysing nie "na ou dames verwys nie". Daar is 'n "gerespekteerde tendens" by alle groepe aangetref wat as 'n ongeskrewe sosiale verwysingsnorm dien in hierdie verband.

In RA is die gebruik nie heeltemal so sterk omlyn nie. Dit is wel waar dat 'n jonger persoon nie na 'n ouer vrou as hy sal verwys nie, maar 'n man sal na 'n ouderdomsgenoot wel met hy verwys:

76. toe kom hy nou (60-jarige verwys na sy ouer suster)

77. hy sit kyk vanaand heel aand - vanaand slaap hy nie (75-jarige verwys na sy vrou)

78. hulle't vir hom plek gegee op Khorixas ('n ou man verwys na sy suster)

79. hulle vat hom daarnatoe ('n ou man verwys na sy suster)

In Riemvasmaakvertellings wat gepaard gaan met emosionele meelewing kom die wisseling baie frekvent voor. Afstand van die referent in die vertelling speel 'n belangrike rol. Na die informant se eie vrou en haar ervarings gedurende die huwelikseremonie waarby hyself persoonlik betrokke was, verwys hy:

80. hy sal maar daar op die stoep sit

81. jy moet hom waardeer soos jou eie ma

82. as jy nie met hom klaarkom nie, ens.

As dit verwysing na 'n algemene toestand van sake is, of algemene gebruike, waar daar na 'n nie-spesifieke vrou verwys word, sê dieselfde informant:

83. dan moet sy beginne drinkgoed maak

84. om 'n arrangement vir haar te maak

85. die man se mense wat roep en sê sy moet

'n Mens kan as't ware aanvoel hoe die "afstand" vergroot of kleiner word deur die spontane aanwending van hy vir sy. Sy is die neutrale anafoor en hy word gebruik om liefde uit te druk, in gevalle van

goedige spot (79 bo) of goedige teregwysing:

86. ek wou hom (haar) help, maar nee, hy (sy) wil dit mos self doen
(nou sukkel sy)
87. toe smaak dit hy's klaar gebyt (Hy spot met sy vrou vir wie hy baie
omgee, maar wat baie bang is.)

Maar baie neutraal is die gebruik van sy in:

88. sy's laasjaar weg
89. sy't hier gebly
90. sy's mos 'n jongmens
91. sy's ook nou getroud
92. sy's met 'n motorongeluk omgekom
93. ek is jonger as sy, ens.

Hoe gevoelsmatig die gebruik van sy/hy by die Riemvasmakers is, het baie duidelik geblyk uit reaksie wat van prente ontlok is. Nooit is vir 'n dogtertjie of jongmeisie (soos C. du Plessis, 1984:96 dit veralgemeen) hy gebruik in verwysing nie, maar altyd sy. Andersyds is daar ook nooit deur 'n kleinkind in 'n vertelling na 'n ouma verwys as hy nie:

94. Ouma: sy is 'n Booyesen
95. sy het op haar kant
96. sy bly by haar tweede man se kinders

In hierdie opsig is daar tog wel 'n funksie-ooreenkoms tussen die Namakwalandse gebruik en RA.

8.0 ONTKENNING

In SA word ontkenningvorme nie slegs gebruik om op 'n opposisie tussen negatief en positief te dui nie, want gewoonweg gebruik taalgebruikers ontkenningvorme in 'n groot mate in 'n kommunikatiewe funksie - om 'n verskeidenheid van taalhandelinge uit te voer. Hierdie funksies sal in hoofstuk IV weer ter sprake kom.

Wat sintaktiese variasie betref, is daar een konstruksie wat baie algemeen voorkom en van SA, en moontlik van GA, verskil.

In SA word die NEG-intensiveerders voor die ontkenningvorm geplaas (Ponelis, 1979:402), terwyl dit in RA gereeld na die ontkenningvorm voorkom. Op hierdie reël is daar enkele uitsonderings, want in die minste en naastenby volg op die nie in SA. Met ander woorde:

hy is geheel en al nie maar dit skeel my nie in die minste
nie

In RA kry ons dan:

97. dit is geheel geen moeite nie en

98. sy kan eens nie skottelgoed was nie

Waar in SA twee strukture voorkom, is daar in RA net een, en hierdie vereenvoudiging word frekwent (maar tog nie uitsonderingloos nie) volgens 'n variasiepatroon gebruik.

Teenoor die variasievorme :

99. anders mag ons eers nie kon geskei het nie

100. sy kan eens nie klere was nie

101. dat ek eens nie kan vandag eet nie

word standaardtaalvorme ook sporadies opgemerk:

102. sy kan nie eers as optel nie

103. dis mos nie eers die moeite werd nie

Ander ontkenningvorme wat minder voorgekom het, is:

104. eintlik onthou ek meer niks nie

105. ek weet ook nooit nie wat het aangegaan nie

Ten opsigte van ontkeningsvorme is daar, afgesien van gesprekstrategieë, nie noemenswaardige sintaktiese variasie in RA nie.

9.0 SETSELGROEPE

In hoofstuk I is 'n oorsig van RA gegee. Hoewel alle aspekte van RA nie eenduidig met GA ooreenkom nie, is dit tog moontlik om na aanleiding van die Griekwaverslag en 'n wyer ondersoek in RA, die sinvolle aanname te maak dat voorsetselvariasie nie in die RA variasie 'n noemenswaardige rol speel nie. Gemeet aan die standaardtaal en die variasie van voorsetsels in GA, kom daar in RA slegs sporadiese "voorsetselafwykings" sonder patroonmatigheid voor, bv.:

106. ons is nog op die ou gebruik

107. toe's sy met 'n motorongeluk omgekom

108. ons het op die slinger gedraai

109. ek was op werk op watervalle

Volgens Du Plessis (1983:52 en 1984:86) is die "gebruik van voorsetsels in Afrikaans nie maklik onder 'n duidelike patroon te bring nie. Verder is dit so dat voorsetsels in oor die algemeen nie noukeurig gebruik word nie." In die lig hiervan sal dan wat voorsetselvariasie betref, slegs vergelykenderwyse aangesluit word by GA en die ondersoek sal beperk word tot die gebruik van voorsetsels wat baie frekwent voorkom bv. vir en met.... saam.

Soos in GA is die aantal voorsetselweglatings "minder as Labov se minimum van 5 voorkomsgevalle van 'n variant en kan dit waarskynlik as verspreking geïgnoreer word" (Du Plessis, 1984:87).

Dit is slegs ten opsigte van van af dat in RA, die van patroonmatig weggelaat word, bv.:

- 110. ons vervoer af die spoorweë
- 111. as die oes af die land is, maar ook
- 112. hoor as hulle my skinder

91. Voorsetselherhaling

Hoewel Raidt (1980:193) en Du Plessis (1984:86-87) daarop wys dat voorsetselherhaling in die negentiende eeu verbreed in die spreektaal voorgekom het, is die gebruiksfrekwensie van hierdie herhalingskonstruksie in RA feitlik beperk tot die herhaling van in (in 'n geringer mate) en veral van uit.

Voorsetselherhalings wat Ponelis (1979:327) as dialekties gekleurde aandui, het sporadies opgeduik, bv.:

- hy is in die hospitaal in

Oënskynlike voorsetselherhalings (Du Plessis, 1984:88) het frekwenter voorgekom, bv.

- (as jy) uit Kakamas uitgaan

- jaag hulle uit die kraal uit

- hulle het my uit die water uitgehaal

Voorsetselherhaling vertoon in RA nie 'n frekwente patroonmatige wisseling nie. Afwykings in dié verband kan eerder as idiolektiese variasie geïnterpreteer word.

9.2 Vir

Die vir-konstruksie is volgens Raidt (1980:195) "baie geskakeerd in Afrikaans; dit is in hoofsaak 'n stilistiese faktor. In gemeensame of met affek gelaaide taal kom ons vir-konstruksies dikwels teë." (Kyk ook Ponelis, 1979:202.) A.S. de Wet wys in die Griekwaverslag (1984:383) daarop dat "hierdie verskynsel oënskynlik besig (is) om veld te wen in AB-Afrikaans", en

dat dit nie meer slegs as 'n spreektaalvorm voorkom nie, maar dat vir ook in die nuwe Bybelvertalings tot groter duidelikheid en verstaanbaarheid aangewend is.

In Griekwa-afrikaans kom vir volop voor (A.S. de Wet, 1984:183), en so ook in die Afrikaans van die Riemvasmakers. Volgens Ponelis (1979:202) is die belangrikste veranderlike in hierdie "voortskrydende sintaktiese verandering" die aard van die voorwerp, die aard van die werkwoord, affek en plasing. Daarom is dit nodig om elkeen van hierdie kategorieë in RA te ondersoek.

Die indirekte voorwerp en vir:

Dat vir saam met die indirekte voorwerp ('n menslike voorwerp) baie frekvent sal voorkom, is hoogswaarskynlik. Volgens Ponelis (1979:204) is dit so dat "menslikheid die sentrale veranderlike by die gebruik van vir is".

Daarvan is dit afleibaar dat vir frekvent sal voorkom saam met die menslike indirekte voorwerp en dat affekverskil sal afneem namate die frekwensie van vir-gebruik toeneem.

Nogtans is daar beperkinge op die gebruiksreël van vir: dis plekgebonde in dié sin dat die indirekte voorwerp slegs sonder vir kan optree indien dit "(i) in die posisie voor die direkte objek (DO) staan; (ii) nie voorafgegaan word deur bepaling soos mos en nou of die ontkenningsspartikel nie nie" (De Wet, 1984:384). Die verskuiwing van dié stuk in die sin, hang saam met tematiese prominensie.

1. In RA is 79 sinne met indirekte voorwerpe ondersoek. Uit hierdie 79 sinne was daar 3 waarvan die direkte objek voor die indirekte objek geplaas is en volgens De Wet is vir dan nie weglaatbaar nie, bv.:

113. om 'n arrangement vir haar te maak

114. (hulle het) die geskiedenis vir Jakkals vertel

In die laasgenoemde sin verbind vir met 'n naam as objek (vergelyk

paragraaf 5).

115. hy het die kar vir my gekoop

2. Waar sinne met die direkte objek begin, is die vir tog weglaatbaar:

116. wat daai priester vir my daar gesê het

wat daai priester my daar gesê het

117. so't hulle vir ons gesê

so't hulle ons gesê

118. hoe sy vir haar gedra

hoe sy haar gedra

119. so help die Weermag vir ons

so help die Weermag ons

120. (dit) (het hy) vir my vertel

dit het hy my vertel

121. daai storiëtjies sit en vertel hy vir ons altyd

daai storiëtjies sit en vertel hy ons altyd

3. Uit die 79 sinne is daar 4 waar die indirekte voorwerp na 'n bepaling voorkom (De Wet, Ibid.) en wat die vir-konstruksie verpligtend maak, bv.:

122. watse smousplanne gee jy nou vir ons

123. hy het nie eens alle woorde vir my verstaan nie

124. hy kan eens nie vir my wat en wat doen nie

125. (dit) sê hy hier vir my

4. In 4 sinne is die opsionele vir weggelaat, bv.

126. ons het hom later mos maar genoem Kalksluit

127. hoe het jy hom uitgewerk

128. hoe hulle hom gedoop het

129. ek het hom sy nael gesny

Waar in SA daar nog 'n onderskeid gemaak kan word tussen 'n verpligte en 'n opsionele vir, word hierdie onderskeid in RA ten opsigte van die indirekte voorwerp feitlik geheel opgehef. 'n FI wat bereken is op grond van:

$$\frac{\text{sinne waarin die opsionele } \underline{\text{vir}} \text{ voorkom}}{\text{alle sinne waarin die opsionele } \underline{\text{vir}} \text{ kan voorkom}} \times \frac{100}{1}$$

gee 'n FI van

$$\frac{68}{72} \times \frac{100}{1} = 94,44$$

Dit is 'n hoë indekssyfer en staaf die aanname dat die vir-konstruksie vir indirekte voorwerpe in RA bo die vir-lose konstruksie "verkies" word en is dit bykans 'n voltrokke proses van taalverandering in die spreektaal. Die hoë gebruiksfrekwensie van vir saam met die indirekte voorwerp in RA, hef die moontlikheid van affekverskil tussen dié tipe konstruksie en die vir-lose indirekte voorwerp grootliks op. Dit maak Botha (1980:171) se uitgangspunt met betrekking tot die gebruiksbetekenis van vir saam met die indirekte voorwerp in SA, dan wel waar van RA, nl. dat die vir-konstruksie "slegs die semantiese funksie van die medevoorwerp oorneem".

Direkte voorwerp

Ten opsigte van die direkte voorwerp sê Ponelis (1979:204) dat vir verplig is by persoonsnaamvoorwerpe, en hoewel vir ook saam met dier- of plekname kan optree, is dit fakultatief en afhanklik van affek by voornaamwoordelike en substantiewe voorwerpe in die omgangstaal.

5. Wat persoonsnaamvoorwerpe betref, het die Riemvasmakers deurgaans die standaardvorm gebruik, bv.:

130. toe loop sê ek vir Meester

132. nou het ek vir Baas betaal

133. ek sal vir Baas so sê

134. toe het ons nog vir mnr. Mayne (gehad)

135. ek kan nie vir Baas duidelikheid gee nie

136. (hulle) vertel vir Jakkals

137. so het Bobbejaan vir Wolf gesê

138. toe't hy vir Wolf gesê

Maar die vir-gebruik word in RA nog verder uitgebrei om ook nie-menslike naamvoorwerpe met vir in te sluit, bv.:

139. ek weet nie of ons vir die Odendaal (plan) weer moet uitbetaal nie

140. vier hulle nog vir Nuwejaar

Waar 'n voornaamwoord die direkte objek is, sê De Wet (1984:386) dat in diesulke sinne wat grammatikaal is, vir voor die D.O. ingevoeg (kan word) slegs om te benadruk of om die semantiese

inhoud van die sin duidelik te stel.

Ook Ponelis (1979:205) sê dat vir in SA saam met voornaamwoorde-
like of substantiewe voorwerpe afhanklik is van affek. Sinne
met vir by die voorwerp het groter stelligheid. Dat die
opsionele vir-konstruksie deur Riemvasmakers so frekvent aangewend
word, dui dan op 'n dialekverskil, en gesien teen die agtergrond
van die feit dat "speaking is a rulegoverned form of behaviour"
(Searle, 1969:17), kan vir-invoeging juis slaan op sosiale waarde-
oordele wat by Riemvasmakers verskil. Dit is slegs ten opsigte
van 23 sinne waar vir na die bepaling ingevoeg is, dat vir
funksioneel benadruk of moontlik op 'n affekverskil kan dui.

Volgens Kempson (1977:54) maak 'n teorie van taalgebruik nie
onderskeid tussen grammatiese en ongrammatiese sinne nie -
slegs tussen geskikte en nie-geskikte sinne in 'n bepaalde
gebruikssituasie. Ten opsigte van

141. hulle't later vir my tog jammer gekry

142. die ene wat vir ons altyd bestuur het

143. 'n ou het mos vir ons op B gebring, ens.

blyk dit uit die gesprekskonteks dat bepaling + vir in hierdie
sinne as gesamentlike "kleuroperateurs" (Ponelis, 1979:391)
optree om in 141 dankbaarheid te benadruk; in 142 goedgesindheid
jeens die drywer of in 143 hulle onbetrokkenheid by hul eie
lot te benadruk.

Maar in sinne soos:

144. (hy) het so elke elf jaar vir ons kom kyk (kuier)

145. dan moet ons vir hom opmekaargooi (geld versamel)

146. hy wil nou vir my skoolgaan (leer)

147. sal hierdie ene nie vir hom uitspan nie (onttrek)

kan nie aan die bogenoemde reëls gemeet word nie.

Formele sintaksis kan strategies wees om sosiale of etniese afstand te skep, soos in 141, 142 en 143, maar sinne soos 144, 145, 146 en 147 sluit ook strategie in en daarvan kan slegs binne die diskoerseenheid rekenskap gegee word.

In SA kan die laasgenoemde sinne omgestel word tot:

148. hy kom net so elke elf jaar vir ons kuier (vir en adjunk)

149. dan moet ons hom geld gee (vir en D0)

150. hy wil my nou leer (vir en D0)

151. sal hierdie een hom nie onttrek nie (vir en D0)

Indien 'n FI volgens Klopper (1983:87) se formule bereken word, kan aan die 13 hoëstatusvariante 'n waarde van 2 toegeken word; aan die 61 semi-gestigmatiseerde variante 'n waarde van 1 en aan die 23 gestigmatigeerde variante 'n 0-waarde. Dit gee 'n FI van:

$$\begin{array}{r} 13 \text{ twees} + 61 \text{ eens} + 23 \text{ nulle} \\ \hline \phantom{13 \text{ twees}} \phantom{+ 61 \text{ eens}} \phantom{+ 23 \text{ nulle}} \\ \phantom{13 \text{ twees}} \phantom{+ 61 \text{ eens}} 97 \phantom{+ 23 \text{ nulle}} \end{array} \quad \times \quad \begin{array}{r} 100 \\ \hline 1 \end{array}$$

$$= \frac{77}{97} \times \frac{100}{1}$$

$$= 80,82$$

Met so 'n hoë FI speel affek en nadruk by RA nie 'n bepalende rol in die gebruik van vir saam met 'n voornaamwoord as die direkte objek in sinne nie.

Tog is dit opvallend dat die voornaamwoord dit selde as objek voorkom. In RA soos in SA is "hy en dit oor 'n wye gebied, (in) 'n stryd waarin hy op verskeie terreine die oorhand kry"

(Ponelis, 1979:584). Verder sê Ponelis dat dit by massanaamwoorde nog baie voorkom en dat hy in sulke gevalle nog baie voorkom en dat hy in sulke gevalle affekties gelaai is met die kenmerk "lewendigheid".

Uit 'n aantal sinne wat uit RA opgeneem is, blyk dit dat dit in hierdie variasie reeds sy affektiese krag verloor het. Daar word nooit van dit as referensiële anafoor gebruik gemaak nie - nie by massanaamwoorde of soortnaamwoorde nie:

152. as jy hom nou in my huis vier (Kersfees)

153. net sy boudvleis - vir hom geëet

154. ons het hom ook hier gemaak (fees)

155. ons dans hom anderster (die Namastap)

156. ja, party mense brand vir hom (horing)

157. hy't hom vir my gekoop (slagyster)

158. toe sit hy hom om sy nek (slang)

159. jy mag hom nie hand aansit nie (olifant)

Sodra van affek sprake is, word vir voor die hom ingevoeg. Die mate waarin dit reeds in RA voor hy/hom gewyk het, is moontlik duideliker te illustreer aan die hand van saamgestelde vorme: dit + vir wat die SA-vorm daarvoor lewer. Na aanleiding van sinne soos:

160. is maar vir hom bang (bye) (daarvoor)

161. ek was maar bietjie bang vir hom (bye) (daarvoor)

162. ons verlang ook vir dit (daarna)

wil dit voorkom dat nie slegs dit sy plek verloor nie, maar ook dat vir (hoewel moontlik in geringe mate) besig is om in RA ten koste van ander voorsetsels in hierdie konstruksies te begin indring. Nogtans is daar nie genoeg spontane voorkomsgelasse om so 'n aanname wetenskaplik verder te voer nie.

Enkele voorbeelde is opgeteken waar vir 'n ander voorsetsel vervang.

Soos dit vroeër aangedui is, kom voorsetselafwykings in RA sporadies voor, maar ten opsigte van vir-afwykings lyk dit tog na funksionele vervanging.

De Wet (1984:387) onderskei 'n opsionele vir in SA waarvan in RA nie noemenswaardige voorbeelde opgeteken is nie.

Hy gee:

GA: "Die ouerse vra vir (na) my/Die ouerse vra my."

wat min of meer ooreenkom met

RA: elke elf jaar vir ons kom kyk/elke elf jaar ons kom (besoek)
elke elf jaar na ons kom kyk

Die weglating van vir in die SA lewer wel 'n grammatiese sin, maar verloor sy semantiese inhoud/waarde.

Sonder die vir het ook die handelingsfunksie van die uiting verlore gegaan. Uit die tweede sin hierbo blyk dit selfs duideliker: afhangende daarvan of vir voorkom, weggelaat word of vervang word, verander ook die semantiese inhoud daarmee saam. Daarom is dit nie moontlik om ten opsigte van hierdie voorbeelde van 'n opsionele vir te praat nie, want vir is nodig om binne die konteks van die bepaalde sin 'n bepaalde betekenis oor te dra.

Daar is wel voorbeelde waar vir vervang kan word, bv.

163. ek kla nie vir (by) miesies nie

164. so lyk die ding nou vir (in) geheel,

maar dan ook ten koste van 'n affekverskil.

Verder het daar ook in RA (soos in SA) verskeie sinne voorgekom waar " 'n hele omskrywing (in AB-Afrikaans nodig is om) 'n grammatikale sin met ekwivalente betekenis" (Ibid.) te lewer, bv.:

165. hierdie plek is nie vir tuinplek nie
(is nie 'n plek om tuin te maak nie)

166. waar was ek gewees vir die bokke
(om die bokke op te pas)

167. ek het nie begeerte vir regter of prokureur nie
(om regter of prokureur te word nie)

168. dis die naam vir kinders
(vir kinders om te gebruik of wat kinders mag gebruik)

169. daai kar gegebruik het vir diē dat ons kan loop inkopies doen
(om inkopies mee te loop doen)

Uit die 5 voorkomsgevalle is dit nie moontlik om duidelike afleidings te maak nie, maar dit lyk of die vir-konstruksie moontlik meestal infinitiefsinne vervang.

De Wet (1984:386) dui met enkele voorbeelde aan dat vir saam met 'n adjunk verpligtend is, want sonder vir is sulke sinne "ongrammatikaal sowel as semanties onduidelik" wanneer die vir weggelaat word.

In RA het 77 sulke gevalle voorgekom met vir. Hierdie gebruik kom ooreen met SA. Nêrens is vir in so 'n konstruksie weggelaat nie.

Saam met 'n koppelwerkwoord het vir in RA ook frekvent voorgekom. Volgens De Wet is vir in hierdie konstruksie verpligtend. Hoewel spontane gesprek slegs een voorbeeld opgelewer het waar hierdie verpligte vir nie voorkom nie, vermoed 'n mens na aanleiding van vir-weglating by die ander konstruksies dat 'n vir-lose koppelwerkwoordkonstruksie wel kan benadruk, bv.:

170. ek is nou rêrig nie 'n ding so bang as wat ek 'n
olifant bang is nie

Die gebruik van vir by die Riemvasmakers kom heelwat verbreider voor as in SA. Ten opsigte van die adjunk saam met vir, is daar geen verskil tussen die standaardtaal en die gebruik daarvan in RA nie, maar ten opsigte van al die ander vir-konstruksies het die funksie van vir as 'n stylmiddel heelwat vervaag as gevolg van die hoë gebruiksfrekwensie. Andersyds vervul vir klem- en inlywingsfunksies wat minder frekvent in die standaardtaal voorkom.

9.3 met saam

Volgens Rademeyer (1938:80) word die met saam-konstruksie in GA gebruik "waar geen korrelatiewe begrip uitgedruk word nie", bv.:

171. ekloop met die voet saam

Hierdie tipe konstruksie beskou Rademeyer as 'n vorm van analogie wat na aanleiding van voorbeelde soos die SA

172. ek loop met Piet saam

ontstaan het.

Volgens De Klerk (1978:233) dui die gebruik van met saam ook op die deureenloop van voorsetselgebruik in plekbetekenis soos in:

173. ek loop met die pad langs (saam)

of in instrumentele betekenis soos in:

174. ek slaan hom met die sambok saam

In RA is heelwat voorbeelde van aldrie die bogenoemde tipes opgeteken, maar daar is ook heelwat voorbeelde opgeteken waar die met alleen voorkom. Pretorius (1972:104) maak melding van verskeie betrekkings wat met met uitgedruk kan word, en as 'n mens dit in gedagte hou, is dit ook duidelik dat in die Riemvasmaakvariasie, die met saam-konstruksie nie soseer 'n voorsetselfunksie het nie, maar eerder 'n kontinuerende funksie vervul. Alle met saam-konstruksies druk een of ander beweging uit, hetsy direkte of indirekte beweging. Vergelyk:

- ons eet pap met melk saam
- ek loop met die voet saam
- ek bou (die huise) met stene saam
- en met hom saam probeer ons maar

In voorbeelde soos:

175. (dan) is dit pure hardloop met hulle saam

176. ek het mos daai tyd met hom saam gehardloop

vervul met saam ook 'n semantiese funksie wat beter in die diskoersontleding beoordeel kan word. In SA beteken die bo-staande sinne:

175a dan hardloop en speel die kinders omtrênt rond

176a ek het daai tyd saam met haar rondgetrek

Of die betekenis dus direk verband hou met die sintaktiese struktuur of nie, bly die funksie van die struktuur konstant in dié sin dat dit saam met bewegingswerkwoorde optree om

beweging aan te dui. Die aanwending van die met saam-konstruksie in RA dui ensyds op 'n gelykvormiger sisteem, vgl.:

SA		RA
- ek eet pap met melk	of	ek eet pap met melk saam
ek eet pap saam met melk		
- ek loop te voet	of	ek loop met die voet saam
ek loop met die voet		
- ek bou die huis met	of	ek bou die huis met stene saam
stene		
.... uit stene		
- ek loop saam met Piet		ek loop met Piet saam

maar die gebruik van met saam het ook 'n sosiolinguistiese funksie deurdat die konstruksie beperk is tot informele situasies en ook verband hou met gespreksonderwerp en ander ekstra-linguistiese faktore. Ofskoon die sintaktiese struktuur dan op vereenvoudiging slaan, word daarvoor gekompenseer deur 'n kompleksere betekenisstruktuur (vgl. Hoofstuk IV).

10.0 WERKWOORDE

Aangesien Riemvasmakers Oranjerivierafrikaans praat, kan 'n mens ook, wat die werkwoordsisteem aanbetref, 'n ooreenkoms tussen RA en GA te wagte wees. Du Plessis het in die Griekwaverslag (1984) die frekwentste variasieverskynsels in die sintaksis van GA uitgewys. Hierdie variasiepatrone behels in hoofsaak die koppelwerkwoordgebruik met betrekking tot die gebruik van die koppelwerkwoorde loop en kom, die infinitief en die gemerkte werkwoordpatroon. Hoewel daar in 'n groot mate ooreenkoms is, blyk dit tog nie 'n eenduidige ooreenkoms te wees nie.

In hierdie afdeling sal die werkwoordistiem van RA met GA vergelyk word ten einde ooreenkomste, maar ook voorkoms- en frekwensieverskille uit te wys.

10.1 Skakelwerkwoorde

Ponelis (1979:241) onderskei in SA slegs vier indirekte skakelwerkwoorde, nl. lê, sit, loop en staan wat "met die betekenis 'liggaamshouding', via bindpartikel en met die hoofwerkwoord" verbind, terwyl in GA ook kom en as indirekte skakelwerkwoord figureer (Du Plessis, 1984:143).

In SA kan die weglating van die en soms 'n semantiese verskuiving meebring by die gebruik van loop en en staan en. Tog gee Ponelis 'n paar voorbeelde uit tekste waar die en in hierdie verbale hendiadis weggelaat is om 'n direkte skakelwerkwoord sonder semantiese implikasies tot gevolg te hê. Uit die voorbeelde wat Ponelis gee, blyk dit dat die weglating van die en in SA slegs 'n sintaktiese verskil tussen die direkte skakelwerkwoord en die hoofwerkwoord meebring en nie soseer 'n semantiese verskil nie. Daarteenoor sê Du Plessis, dat die onderskeid tussen die direkte en indirekte skakelwerkwoorde in GA baie algemeen opgehef is sodat by die gebruik van loop en kom daar nie slegs 'n sintaktiese verskil tussen die direkte skakelwerkwoord en hoofwerkwoordkorrelaat is nie, maar juis ook 'n semantiese verskil (Du Plessis, 1984:136). Om te kon vasstel in watter mate indirekte en direkte skakelwerkwoorde in RA met dié tipe in GA ooreenkom, is die gebruiksfrekwensie van skakelwerkwoorde ten opsigte van dié twee taalvariasiegroepe vergelyk.

Uit so 'n vergelyking met GA het dit geblyk dat daar groot ooreenkoms is betreffende die frekwensie waarin skakelwerkwoorde in 'n verspreidingspatroon voorkom.

'n FI van die skakelwerkwoorde kom, kom en; loop, loop en; sit, sit en; staan en; en lê en in RA toon dat loop ook in RA verreweg die frekwenste in gebruik is met 'n FI van 45,6. Daarna volg kom (36); kom en (10,4); staan

en (3,2); lê en (2,0); sit en (1,6) en loop en (1,2).

Wat die frekwensie van loop en kom aanbetref, is dit duidelik dat hierdie skakelwerkwoorde in RA naastenby 'n ekwivalent-frekwente verspreidingspatroon as in GA het.

Om vas te stel of kom en loop ten opsigte van struktuurmoontlikhede ooreenkoms toon, sal dit in alle opsigte aan die GA gebruik getoets moet word.

Loop

Du Plessis (1984:138) deel die loop-gebruik in GA in vier groepe op grond van die wyse waarop 'n bepaalde vervangingstoets telkens een tipe van 'n ander skei.

In die RA sinne soos:

- A 177. loop soek die donkies
- 178. loop maak jy (die tee)

kan en telkens ingevoeg word sonder om 'n onaanvaarbare sin tot gevolg te hê. Hierdie tipe indirekte skakelwerkwoorde kom baie selde in RA voor.

- B By 'n tweede groep kan die loop deur 'n infinitiefkonstruksie gevolg word:

- 179. dan loop koop ons onse goedjies
- 180. (as ons) die kinders loop haal of wegbring

In die bostaande sinne is loop dan 'n direkte skakelwerkwoord.

- C 'n Derde groep onderskei Du Plessis (1984:138) daarin dat gaan die loop kan vervang, maar waar die en of die infinitiefkonstruksie nie kan ingevoeg word nie:

- 181. ons loop vra maar by die Here genade
- 182. loop kyk na die oond

- D Ten opsigte van sinne soos:

- 182. en so loop val die lammetjie

183. en daar loop gekyk het

184. hy't omtrent vir twee weke loop weggebly

sê Du Plessis (1984:139), vervul die loop 'n tydfunksie sodat "dit min of meer as ge- gebruik word". Indien enige vervanging ten opsigte van die bogenoemde gedoen sou word, sal 'n duidelike betekenisverskil na vore kom. Hier vervul loop die funksie van 'n tydhulpwerkwoord.

E Tog is daar enkele sinne by die Riemvasmakers opgeteken wat moeilik onder die bogenoemde groeperinge sal inpas, bv.:

185. dan sal Meneer self (loop/kan) hoor hoe

Hier vervul loop die funksie van 'n modale hulpwerkwoord kan. So ook in:

186. daar sal man nou die hele ding loop hoor.

Hoewel gaan ook in hierdie laasgenoemde voorbeeld 'n aanvaarbare sin lewer, moet die konteks waarbinne die uiting plaasgevind het, nie uit die oog verloor word nie en daarom sou kan in beide 185 en 186 die aanvaarbaarste vervangingsmoontlikheid wees.

F In SA is die volgende idioom sonder loop, ook moontlik:

187. toe ek nou weer (loop) my verstand kry

Die segsman voeg loop in. Ofskoon geen van die vervangings-toetse hier sinvol tot omskakeling gebruik kan word nie, is loop hier tog oënskynlik 'n direkte skakelwerkwoord. As die sin egter vanuit die diskoerseheid geïnterpreteer word, is die geheel van die sin 'n heel ander taalhandeling

as wat die woordbetekenis weerspieël. In die konteks beteken dié sin:

- toe ek agterkom / sien

Daar kan dus met Du Plessis (1984:141) saamgestem word dat loop, hoewel dit maklik binne die struktuur van SA kan inpas en oënskynlik lyk na sintaktiese vereenvoudiging, dit 'n kompleksere semantiese sisteem as in SA weerspieël. Loop beteken nie altyd letterlik om te beweeg nie, en daar kan " 'n sterk verband veronderstel word tussen die letterlike betekenis van loop en die sintaktiese werkwoordelikheid daarvan" (Du Plessis, 1984:140), wat dan Rademeyer (1983:73) se siening dat "daar 'n psigologiese faktor voor verantwoordelik (is), anders kon hierdie konstruksie nooit so algemeen geword het nie", ongeldig maak. Dis eerder 'n sintaktiese en semantiese meerfunksionele benutting van 'n bepaalde taalitem.

Kom

Du Plessis (1984:142) bespreek in die Griekwaverslag ook die wyse waarop kom in hedendaagse GA variasie toon. Hy onderskei vyf gebruikstipes van kom.

Indien die vervangingstoetse met behulp waarvan Du Plessis die funksies van kom in GA bepaal het, op RA toegepas word, toon die Riemvasmaakvariasie feitlik gelyksoortige sintaktiese variasie. RA weerspieël dieselfde sintakties-semantiese struktuur as wat Du Plessis in die GA voorbeelde gee, bv.:

A 188. hulle het dit en dat kom seek

189. die man het die leeu kom plattrek

190. die vyf het hom kom besoek

waar die kom "gevolg kan word deur 'n infinitief" soos dit hieronder omgestel is:

188a hulle het gekom om dit en dat te soek

189a die man het gekom om die leeu plat te trek en

190a die vyf het gekom om hom te besoek

In hierdie sinne kan kom net as direkte skakelwerkwoord funksioneer.

B In sinne soos:

191. met hulle veetjies gekom staan het

192. en hier gekom en begrawe het

193. hulle (water) kom gaan deur die huise

"kan en ingevoeg word, maar die infinitief nie volg nie" (Ibid.), bv.:

191a met hulle veetjies gekom en staan het

191b en hier gekom en begrawe het

191c hulle kom en gaan deur die huise

Bo kan kom dus slegs as indirekte skakelwerkwoorde optree.

C 'n Derde groep onderskei hy op grond daarvan dat en sowel as die infinitiefsin as vervangingstoets gebruik kan word. Hierdie groep kan dus afwisselend indirekte of direkte skakelwerkwoordstatus hê. Oor die moontlikheid dat kom 'n indirekte skakelwerkwoord kan wees, sê Du Plessis: "as die ontwikkeling van loop 'n pad weg van die letterlike loop af kon neem, is kom as (indirekte) skakelwerkwoord ook nie ongewoon nie" (Ibid.). Voorbeelde hiervan uit RA is:

192. wat jou vandag kom vra as vrou

193. in hierdie land kom sien

Na kom kan of en, of die infinitief as omskakelingstoets gebruik word.

D Ten opsigte van 'n vierde groep sê Du Plessis (Ibid.), kan kom "byna as hulpwerkwoordelik beskou word". Hierdie kom is toekomsverwysend en kan met gaan vervang word. Nie en of die infinitief kan hier tot omstellingstoets werk nie.

By Riemvasmakers is slegs een gebruiksgeval opgeteken. Dat kom reën ook deel van hul taalgebruik is, blyk uit voorbeelde soos:

194. tot dit gekom reën het

195. in '74 het hy mos hier kom gereent

Al is kom in die twee bogenoemde sinne nie 'n tydhulpwerkwoord soos Du Plessis dit aan die hand van dit kom reën verduidelik nie, is die konstruksie tog na aanleiding van bogenoemde sinne, nie vreemd aan RA nie.

Die volgende sin

196. (wat) vir hulle kom gras ingegooi

kan omgestel word tot:

196a (wat) vir hulle gaan/kom gras ingooi het of

196b wat vir hulle gras ingegooi het of

196c wat vir hulle gras kom/gaan ingooi

Hieruit blyk dit dat sodra die ge- by die voltooide deelwoord weggeneem word, gaan of kom saam met het voorkom as skakelwerkwoord. As die skakelwerkwoorde gaan/kom weggelaat word en die ge- weer ingevoeg word, kan net het die verlede tyd aandui.

Volgens Ponelis (1979:245) laat hulpwerkwoorde nie samesmelting met ander hulpwerkwoorde toe nie.

In 196c en 196a is kom 'n direkte skakelwerkwoord, maar in 196b het 'n mens die teenhanger van die SA vorm vir 196. In hierdie sin het kom 'n hulpwerkwoordelike funksie hoewel dit nie toekomsverwysend is, of met gaan vervang kan word nie.

E 'n Laaste tipe kom wat Du Plessis uit GA aanhaal, is verskillend van al die bogenoemde gevalle. Hy gee:

"173. toe kom kry ek maar hy's wedevrou en

176. toe hy nou kom oudraak "

Hy haal Spears (1982:350) aan en klassifiseer hierdie tipe as semi-medewerkwoorde waarvan die semantiese waarde ten opsigte van die standaardvorm verskil.

Dit wil egter lyk of kom in 173 en 176 nie dieselfde struktuurfunksies het nie. In 173 kan kom kry met 'n ander woord vervang word: toe kom kry (vind) ek maar hy's wedevrou.

So heg verbind kom met kry dat 'n mens hier amper van 'n samesmelting komkry kan praat wat 'n hoofwerkwoordelike funksie vervul. Dieselfde geld ten opsigte van die RA voorbeelde kom kry, kom trek, kom staan soos in:

197. ons het hom hier kom kry (gevind)

198. toe't hulle hierdie plekkie vir ons kom kry (gevind/gegee)

199. ons sal naby 400 kom staan (stop)

200. jy mag nie daar gekom kry word nie (gevind)

201. manne wat hulle hier kom kry het, was (aangetref)

202. toe ons vir ons kom kry toe ons (sien)

203. ons het gekom trek (verhuis)

Telkens kan die WS met een woord vervang word. Sou 'n mens 202 as 'n SA idioom aanvaar, lyk dit tog of kom in hierdie gevalle ver weg is van die letterlike betekenis en gebruik word om sinskleur uit te dra en semanties versmelt het met die HW.

Hoe versmelt hierdie kom met die HW is, kan moontlik selfs beter geïllustreer word aan die hand van die meerfunksionele gebruik van dié komtrek-eenheid soos in die volgende sin:

204. hierdie komtrek van die mense

Wat Du Plessis se tweede voorbeeld (176) betref, sou 'n mens nie kon saamstem dat kom hier 'n gekamouflêerde medewerkwoord is nie. Ponelis (1979:245) sê: "omskrywingswerkwoorde is na verwant aan 'n subkategorie van die hoofwerkwoorde, naamlik die koppelwerkwoorde".

In die volgende sinne uit RA

205. het onse mense ook so kom sleg geword

206. (ons het) kom gewoon geraak

is kom 'n gewone direkte skakelwerkwoord. Selfs al sou hierdie sinne met toe begin, bly kom steeds 'n direkte skakelwerkwoord (soos in Du Plessis se voorbeeld). Vgl.:

205a toe onse mense ook so kom sleg word

206a toe ons kom gewoon raak/(word)

Sin "176 toe hy nou kom oudraak"/(word) vertoon dieselfde struktuur as die RA sinne, maar dis duidelik dat kom dan eerder skakelwerkwoord as medewerkwoord is, terwyl raak in beide die variasies maklik, en sonder betekenisverskil, met word vervang kan word. Sodra word dan in raak se plek gebruik word, is dit duidelik dat word en raak telkens koppelwerkwoorde is.

'n Derde groep koms wat ook nie met behulp van en of die infinitief getoets kan word nie; wat nie deur gaan vervang kan word nie; wat nie saam met die HW met een woord vervang kan word nie en wat nie saam met 'n koppelwerkwoord optree nie, is:

207. in '74 het hy mos hier kom gereent

208. waar ons by kom afgelaai het

Dit lyk of kom hier bloot ingevoeg is na die analogie van alle ander gebruiksvoorkomste.

Soos in GA het kom ook in RA ver verby die letterlike betekenis van die bewegingswerkwoord beweeg en word kom in veral die gevalle soos onder E genoem, gewoonlik aangetref waar die spreker emosioneel raak oor die gespreksonderwerp en het kom in dieselfde gevalle die funksie om "sinskleur uit te dra" (Du Plessis, 1984:146). Sintakties vervul kom in RA 'n groter verskeidenheid kategoriale funksies as in SA. Dit kan direkte skakelwerkwoord of HW wees soos in SA; hulpwerkwoord van tyd en indirekte skakelwerkwoord soos in GA of versmelt met die hoofwerkwoord om deel van die WSK te word. In dié sin vertoon dit nie net 'n kompleksere semantiese sisteem as in SA nie, maar word die strukturele gebruik van kom veralgemeen om ten opsigte van so te sê alle werkwoordkategorieë te funksioneer (vgl. ook Hoofstuk IV).

10.2 Hulpwerkwoorde

10.2.1 Tydhulpwerkwoord

Van alle hulpwerkwoorde kom het, die hulpwerkwoord van tyd, die frekwentste voor. Te oordeel aan die gebruik in SA toon die hulpwerkwoord van tyd in RA (en GA) geen variasie waar dit met die eensillabige voltooide deelwoorde of met die beginbeklemtoonde verlede deelwoorde verbind nie (Ponelis,1979:192).

Waar het in SA verbind met "meersillabige werkwoorde sonder aanvangsaksent" en die verlede tyd uitdruk, word ge- nie gebruik om die voltooide deelwoord te vorm nie (Ponelis,1979:192). Daarteenoor sê Rademeyer (1938 :62) dat die voorvoegsel ge- meestal voor die verlede deelwoorde wat met be-, ge-, er-, her-, ont- en ver- begin, in GA ingevoeg word.

Ook in RA word hierdie tweede reël vir die gebruik van het en ge- deur 'n veralgemening van die eerste reël ingesluit, maar die toepassing daarvan is nie altyd konsekwent nie.

Voorbeelde soos:

209. (toe) het hulle bietjie gegesels

210. ons het alles omtrent geverlore

211. nie soos ons hom gebetaal het nie

212. hulle het vir ons mooi gebehandel

kan ook afgewissel word met die reëltoegepaste tipes, bv.

213. toe het hulle bietjie gesels

Dit lyk dus na die tipe variant wat Steyn (1976:26) klassifiseer as "variante wat min of meer dieselfde semantiese en stilistiese waarde het", aangesien sommige

sprekers soms binne dieselfde konteks die ge-vorm en die ge-lose vorm gebruik.

Vir die 22 keer wat hierdie bogenoemde variasiestruktuur gebruik word, word die standaardvorm 30 keer gebruik.

10.2.2 Modale hulpwerkwoorde

Volgens Du Plessis (1984:153) is dit in GA nie moontlik om 'n verledetydspatroom van die flekterende modale hulpwerkwoorde af te lei nie. Ook in RA word die grondvorm meestal gebruik en dit is so dat die flekterende modale hulpwerkwoorde hul verledetydsverwysende funksie verloor het.

Waar in SA die verledetydsverwysende fleksievorme sou voorgekom het, gebruik Riemvasmakers die grondvorme, bv.

214. ek wil toilet toe geloop het

215. toe moet ons self loop haal

216. toe kan hulle nie die geldbesigheid geverstaan nie

217. hulle sal geriewe vir ons kom gedoen het

Tog kom moes, kon, sou, wou en selfs mog ook in die omgangstaal voor. Afhangende van die geskooltheid van die segsman, wissel die gebruik van die fleksievorme en die grondvorme. Hoe hoër die geskooltheid, hoe frekwenter die fleksievorme. Van almal kom moes die algemeenste voor. Dit is 'n vrye variant; sou en kon word (nie uitsluitlik nie) in die meeste gevalle frekwent deur diegene met die hoër opvoedkundige kwalifikasies gebruik en mog is slegs een keer deur 'n informant met die hoogste kwalifikasie gebruik:

218. net die grootmense mog hom so noem

219. toe kon ons nie bestaan nie

220. ons moes daar belasting gebetaal het

221. ons kon verstaan

Na aanleiding hiervan sou dit interessant kon wees om die gebruik van hierdie fleksievorme in verband te bring met ander variasiepatrone. Daardeur sou moontlik aangedui kon word dat die gebruik van kon, sou, ens. in 'n sin, korreleer met die standaardtaal, terwyl sinne waarin die grondvorm ten koste van die fleksievorm voorkom, ook ander variasiepatrone sal vertoon.

10.3 Omskrywingswerkwoorde

Waar meersillabige werkwoorde sonder aanvangsaksent egter met word en is kombineer, word die veralgemening van die bogenoemde variasiereël (ge- + ont-, ver-, ens.) strenger en feitlik sonder uitsondering toegepas. Vgl.:

222. daarvenaaf is ons geversprei

223. ons word nou die tyd gevertel

Uit die twaalf keer wat word en die voltooide deelwoord saam met hierdie tipe werkwoord voorkom, word die ge- elke keer aan meersillabige werkwoorde sonder aanvangsaksent gevoeg. Die is kom minder frekwent as word voor, dog ook hier word slegs twee uit die ses keer aan die SA vorm gehou.

Andersyds is die wisselende gebruik van die omskrywingswerkwoorde is/was nie vreemd aan SA nie. Ponelis (1979: 276) skryf hierdie wisseling toe aan Engelse invloed in SA, maar aangesien so baie Rieme geen of feitlik glad nie Engels kan praat nie, is dit moontlik by hulle

die veralgemening van die reël is + teenwoordige tyd en was + verlede tyd:

224. sommige mense was beskou as oorlogsmisdadigers

225. dan was kinders altyd (toe hy self kind was) verwyder van so 'n toneel

226. so was ons vertel

teenoor

227. dit is nou gedoen

waar die nou nader aan die teenwoordige tyd kan lyk of klink.

10.4 Werkwoordkombinasies

Soos dit in die vorige afdeling beskryf is, kom die gebruik van ge- saam met die voltooide deelwoord redelik verbreid in RA voor. Hierdie variasie verskil egter van die GA daarin dat ge-invoeging by saamgestelde werkwoorde soos geoorwen, en omgesingel (Rademeyer, 1938:63; Jenkinson, 1984:249 en Du Plessis, 1984:162) in RA nie 'n kenmerkendheid is nie. Waar dit moontlik nog voorkom, kan dit as 'n uniekheid van daardie bepaalde idiolek buite rekening gelaat word.

Maar die gemerkte werkwoordpatroon kan net soos in GA "as 'n vry variërende aanwesigheid" beskou word (Du Plessis, 1984:150). Dit geld veral vir die gebruik van die verlede deelwoorde saam met die skakelwerkwoorde. Dit kom daarop neer dat waar in SA 'n dubbele infinitief gebruik word, in GA (Du Plessis, Ibid. en Rademeyer, 1938:72) en ook in RA 'n infinitief saam met 'n voltooide deelwoord optree; 'n deelwoord saam met 'n infinitief of selfs twee deelwoorde na mekaar kan voorkom. 'n Sin soos hy het kom werk, kan in RA enige een van die

volgende strukture weerspieël:

228. hy het gekom werk

228a hy het kom gewerk of

228b hy het gekom gewerk

Volgens Ponelis (1979:192) kan die skakelwerkwoord in kombinasies van skakel- en hoofwerkwoorde in SA wel die ge- neem. Dit sou beteken dat 228 bo tog binne die patroon van die standaardtaal val. (Kyk ook J. du P. Scholtz 1981:164.)

In RA is kom en loop die frekwentste skakelwerkwoorde wat in funksie heelwat verskil van die skakelwerkwoorde soos dit in die standaardtaal aangetref word. As 'n mens egter hierdie veranderlikes aan die SA reël meet, waar hulle in kombinasie met hulp- en hoofwerkwoord die verlede tyd aandui, is die frekwensieverspreiding soos volg:

Loop

Tipe 1: (soos in SA): bv. hy het kom kyk:	FI	=	8,57
Tipe 2: (soos in sin 228)	FI	=	45,71
Tipe 3: (vgl. met 228a)	FI	=	45,71
Tipe 4: (vgl. met 228b)	FI	=	0

Kom

Tipe 1: (inf + inf soos in SA):	FI	=	21,11
Tipe 2: (vgl. met 228)	FI	=	43,33
Tipe 3: (vgl. met 228a)	FI	=	33,33
Tipe 4: (vgl. met 228b)	FI	=	2,22

Uit die bostaande frekwensie-indekse het dit duidelik geword dat hoewel loop in 'n baie mindere mate saam met verledetydsvorme gebruik word as kom, ditten opsigte van verledetydskombinasies by voorkeur in die vorm

van die tipe 2- en 3-konstruksies gebruik word. Loop is maar 35 uit die 144 keer gebruik om die verlede tyd uit te druk, terwyl by kom, 90 uit die 116 sinne in kombinasie met hulpwerkwoord van tyd en hoofwerkwoord voorgekom het. Tog is dieselfde tendens by albei te bespeur.

Verder is dit duidelik dat in RA, die SA aanvaarbare vorme met ge- in die meerderheid is, en die voorkoms van tipe 1 en 4 feitlik uitgeskakel is. Sintakties is daar oor die groepering van tipe 2 en 3 nie meer te sê as dat hulle in 'n patroon van vrye variasie voorkom nie. 'n Mens sal moontlik deur ekstra-linguistiese faktore (soos ouderdom en kwalifikasies) te betrek, of die variasie van tipe 3 in registerwisseling ten opsigte van die bepaalde onderwerpe te ondersoek, tot 'n duidelike verklaring kan kom.

As 'n mens die tipe 3-sinne vergelyk met die ouderdom van die sprekers, is daar wel 'n korrelasie, want by kom-sinne is 25 uit die 30 gebruiksgesvalle van tipe 3, deur sprekers tussen 55 en 60 jaar gebruik en al die voorbeelde van tipe 4 het in gesprekke van informante van 60 jaar en ouer voorgekom. Hierdie tipe is 'n stereotipe veranderlike.

Om saam te vat: Hoewel in SA by voorkeur die infinitief met 'n infinitief gebruik word, is dit ook aanvaarbaar om die ge- aan die skakelwerkwoord te voeg. Deur veralgemening van die verledetydsvorm, gebruik Riemvasmakers by voorkeur die tweede tipe: het + ge- + HW.

Van die "veralgemening van die analitiese markering van die verledetydsvorm in GA" (bv. het gehet) (Du Plessis, 1984:152), is daar in RA geen teken nie. Selfs had is nêrens vir het gebruik nie, maar het gehad word altyd gebruik.

Ten opsigte van wees is daar in RA geen afwyking van die standaardvorm nie. Nêrens word het deur is of

was (bv. was gewas) in die spilposisie of sentrumgrens vervang nie. As koppelwerkwoord en omskrywingswerkwoord word wees soos in SA gebruik, maar die gebruik van is of was as hulpwerkwoord soos in GA, kom nie in RA voor nie. Wat die wisseling van was en was gewees betref, is dit in RA nie anders gesteld as wat Steyn (1976:44) van die algemene Afrikaanse spreektaal bevind het nie: die twee vorme kom ewe gereeld voor en 'n mens kan volstaan by sy uitspraak, nl. dat beide vorme "so Afrikaans" en so onlogies is soos wat die gebruik van die dubbele nie ook maar is.

Die omgekeerde kom wel voor, nl. dat die is of was deur het vervang word. Volgens Ponelis is die adjektiewe gebore en getroud passiewe reste van baar en trou wat met is as preteritumvorm verbind. Soos in GA (Du Plessis, 1984:156) kan het ook in RA saam met sodanige preteritumvorme voorkom. Ten opsigte van getroud is enkele voorbeelde opgeteken:

229. ek het getroud

230. voor hulle trou

maar het gebore kom algemeen en onder alle ouderdomsgroepe voor. Du Plessis bespreek in die Griekwaverslag ook die wisseling van is en het met betrekking tot hul verbinding met adjektiewiese reste soos gebore en getroud. Waar in die standaardtaal is gebore en is getroud gebruik word, word in GA, en soos ook nou bevind, in RA die variante het gebore en het getroud gebruik.

Uit voorbeelde wat betrekking het, blyk dit dat is gebore ook wel in RA voorkom - selfs in 'n hoër frekwensie as het gebore. Die FI van is gebore is 50, terwyl het gebore saam met alle ander variasievorme 'n gesamentlike FI van 50 het. Ten opsigte van het getroud was daar minder as 5 voorkomsgevalle wat gevolglik 'n verdere bespreking oorbodig maak.

Du Plessis (1984:156) verklaar die bogenoemde gebruik as die omgekeerde proses van is gesterf - 'n tipe konstruksie wat ook frekwent in GA voorkom. In RA kom sterf, sterwe, afgestarf nooit saam met is voor nie, maar altyd met het.

231. (hy) het in die hospitaal gesterwe

232. die hoofman het op Riemvasmaak gesterwe

233. as iemand nou te sterwe kom

234. die mens het gesterwe

235. sy ouers het altwee gesterwe

Moontlik het voorbeelde van dié tipe (is gesterf) as 'n ouer vorm al uit die Riemvasmaakvariasie verdwyn, of andersins kan die gebruik van die algemener hulpwerkwoord het in hierdie geval dui op vereenvoudiging wat as teenwig optree vir 'n kompleksere semantiese sisteem. Net soos by die skakelwerkwoorde dui die gelykmaking in die sintaksis op 'n kompleksiteit wat op die semantiese vlak ontwikkel het. Vgl.:

SA	RA
236. ek het getrou (in Keimoes)	ek het getrou(d) in Keimoes
237. ek is getroud (in Keimoes)	

Die bogenoemde dui op sintaktiese vereenvoudiging. Dieselfde geld vir:

238. hy het daar gesterf	hy het daar gesterf
239. hy is daar dood	

Die semantiese kompleksiteit in 238 en 239 lê daarin dat

Riemvasmakers 'n betekenisonderskeid maak tussen die tipes het gedood en het gesterf. Behalwe vir een uitsondering, is het gesterf deurgaans in terme van menslike onderwerpe gebruik, en het gedood is sonder uitsondering saam met onbepaalde, nie-spesifieke of nie-menslike onderwerpe gebruik - meestal as sinoniem van vrek. Op dié wyse word die twee vorme deur veralgemening in die sintaktiese struktuur aan mekaar gelyk gestel, maar tog toon die strukture 'n onderling uitsluitende spreiding ten opsigte van hul betekenisverband binne die konteks. As 'n mens dan die sinne bo vergelyk met:

240. slange het met die droogte uitgedood

241. ons diere het opgedood

is daar 'n bepaalde afparing wat soos volg saamgevat kan word:

STANDAARDTAAL	RIEMVASMAAKAFRIKAANS	
<u>Menslik</u>		<u>Styl</u>
1 het gesterf	het gesterf	formeel
2 is dood	is dood (baie seltsame gebruik)	informeel
3 idiomatiese tipes	het gaan lê of het kom geveerorde	meelwende oordrag
<u>Nie-menslik</u>		
1 het gevrek	het gevrek	informeel
2 is dood	het gedood	semi-formeel

In die wisseling tussen het gebore en is gebore is meestal slegs 'n stylverskil te bespeur, want dieselfde informant kan albei vorme gebruik afhangende van die onderwerp waarvoor gepraat word. Dieselfde persoon

sê:

242. hy is gebore, maar later ook

243. ek het gebore

In gevalle soos:

244. die vee is opgedood

245. onse diere is opdood

is is nie 'n koppelwerkwoord nie, maar 'n hulpwerkwoord en dit staaf juis ook Du Plessis (1984:157) se stelling (na aanleiding van andersoortige hulpwerkwoorde + dood) dat sodanige "variante in GA (en dan ook RA) geïnterpreteer word in dié sin dat dood as hoofwerkwoord gebruik word en nie as adjektief nie". In hoe 'n mate dood wel hoofwerkwoord is, blyk ook uit die volgende:

246. later, so-by-so loop dood hulle

247. dit dood (plante)

Die onderstaande toon weer verband met die standaardtaalvorme, bv.

248. hy is nie deur siekte dood nie

249. jy sal gaan as een dood is

250. dié is dood

In die bogenoemde gevalle word dood as adjektief gebruik en is is 'n koppelwerkwoord.

Hoewel variasievorme baie frekvent voorkom, is hierdie vorme in vrye variasie met standaardtaalvorme en is dit moontlik dat geskooldheid kan lei tot groter toepas-

sing van die standaardtaalreëls.

11.0 BYSINNE

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat RA in sommige gevalle meer ooreenkom met SA, maar ook kenmerke van GA vertoon. Dit sou nie daarop neerkom dat RA in dié sin 'n kompleksere taalsisteem weerspieël as GA nie, maar dat daar in sommige subklasse in die sintaksis van RA, meer raakpunte is met betrekking tot die "abstrakte verwysingspunt" (Du Plessis, 1984:174) wat SA veronderstel. Du Plessis (ibid.) wys daarop dat "sintaktiese kompleksiteit (sover dit meetbaar is) in 'n hoë mate 'n registerverskynsel is. Tereg wys hy verder op die verband wat bestaan tussen "gespreksonderwerp, meetbare sosiale status, die graad van formeelheid en so meer" (1984:174).

11.1 Die infinitief

Die infinitief kom in RA ooreen met SA. Voorbeelde wat ooreenkom met die struktuur van die "gemerkte voorbeelde van sintaktiese variasie in GA", het maar 'n FI van 6,72. Hierdie struktuur val dus buite 'n frekwente variasiepatroon in RA.

11.2 Bepalings

Du Plessis (1984:170-171) bespreek in die Griekwaverslag die sintaktiese funksies van nou en toe. Hy sê in sy inleiding dat hierdie twee bepalings "in direkte verhouding staan tot die graad van informaliteit", waarbinne die bepaling optree. In hierdie studie sal volstaan word by wat Du Plessis ten opsigte van dié twee bepalings bewys het aangesien hierdie bepalings struktureel nie van GA verskil nie.

11.3 Bysinsvolgorde

In RA is variasie ten opsigte van inlywingstrategieë geïdentifiseer wat verskil van die SA skryftaal, maar wat soms ooreenkom met variante in die algemene Afrikaanse omgangstaal soos dit deur Steyn (1976) beskryf is en in sommige gevalle ook ooreenkom met GA soos Du Plessis (1984) dit in die Griekwaverslag saamvat.

In die SA skryftaal is bysinne afhanklike sinne - afhanklik van die hoofsin waarby hulle ingelyf is en hulle afhanklikheid, sê Ponelis (1979:435), word "vormlik vergestalt deur strategieë soos die gebruik van afhanklike volgorde en van voegwoorde". Dit impliseer dat die V-tweede-beginsel wat vir hoofsinne geld (Ponelis, 1979:498 en Du Plessis, 1984:176) nie in bysinne van toepassing is nie. In bysinne word die spilwerkwoord wat in hoofsinne in die tweede posisie na die onderwerp voorkom, na die sentrumgrens verskuif, bv.

<u>Kern</u>	<u>Middeldeel</u>	<u>Sentrumgrens</u>
Hoofsin: hy kan	vroeg	kom
Bysin: dat hy	vroeg	kan kom

In teenstelling hiermee het Du Plessis (1984:176) bevind dat as die spilwerkwoord in GA 'n modale hulpwerkwoord is, hierdie volgorde reël nooit toegepas word nie.

Hoewel nie uitsonderingloos nie, is dieselfde verskynsel in RA teenwoordig:

251. lat hy kan 'n bok voorkeer

252. wat moet die bokke gaan oppas

253. toe ons nou wil in die fontein gaan water skep

254. of ek nie kan bietjie druk vir myself nie

255. as hulle kan daar werk

256. dat die meneer moet vir ons 'n myn oopmaak

257. dinge aanhaal wat kan maar gebly het nie

258. wat sal nou skade ly

Maar soms word die SA-reël tog gevolg:

259. lat ek net dan kan sien

260. waar ek met skaap kan boer

261. dat ek elke woord van Damara kan verstaan

262. dat ek aan die Roomse kerk sal bly

263. en dat sy tee kan maak

Du Plessis (1984:179) verwys na vroeë Afrikaans en illustreer aan die hand van spesifieke leemte vraagsinne dat het, maar ook ander hulpwerkwoorde in SA, wel in hierdie tipe sin in 'n tweede sinsposisie kan optree. In SA is hierdie reël beperk tot die spesifieke leemte vraagsinne, maar in GA (en RA) het dit betrekking op meer konstruksies (soos bo) en sluit dit net die betreklike bysinne uit. Soos wat het plek kan verwissel in

- of wat het hy gekyk en
- of wat hy gekyk het

kan die wisselings ook voorkom in die gevalle soos:

- ek weet wat hy moes doen en
- ek weet wat moes hy doen

en hierdie reël word dan ook toegepas op voorbeelde soos:

- dat ek kan elke woord van Damara verstaan en
- dat ek elke woord van Damara kan verstaan

maar nie

264 (Een) wat ons het

264a (Een) wat het ons nie

Hoewel hierdie reël in RA nie in dieselfde mate veralgemeen is as in GA nie, kom die wisseling baie frekvent voor. Dat die reëlverandering nie algemeen is nie, kan moontlik toegeskryf word aan die invloed van die geskrewe taal wat via die onderwys

ook die spreektaal beïnvloed afhange van die gespreksonderwerp. Hoewel 'n mens by Riemvasmakers nie van 'n nadruksfunksie kan praat waar dit met woordordewisseling korreleer nie, korreleer die wisseling tog in 'n mate met geskooltheid en gespreksonderwerp: hoe hoër die kwalifikasie, hoe meer is die wisseling. Daarom kom by geskooldes meer variasievorme voor in gesprekke oor die huwelikseremonie, probleme in en om die boerdery, ensovoorts.

Steyn (1976:48) maak melding van die feit dat dat-sinne in die Afrikaanse omgangstaal baie keer afwyk van die korrekte woordorde deurdat die onderwerp en persoonsvorm deur die onderwerp en bywoordelike bepalinge van mekaar geskei word. Hierdie tipe variasievolgorde is in RA baie skaars omdat dat baie selde as onderskikker gebruik word. Hoewel plattelanders volgens Steyn (Ibid.) ook nie dat baie frekwent gebruik nie, maak hy melding van 'n komplementeerder wat hulle in die plek van dat aanwend, nl. ja. In RA word selfs nie 'n komplementeerder gebruik nie, want waar die werkwoorde sê, vertel of beweer plus dat sou kon voorkom, word die vertelling in die direkte rede vertel:

265 vertel hy van die plaas waar ek met skaap kan boer
Toe't hy maar gesê (ek) moet hierdie plaas vat:
"Hoe's die plaas se naam?"
"Driefontein."
"Waar lê hy?"
"Hy lê daar bo by die berge."
"Toe't ons nou hiernatoe afgekom, (Vgl. ook Bylae IV:F.)

Op dié wyse word enersyds baie onderskikers uitgeskakel en bysinsinlywing in RA tot 'n minimum beperk. Andersyds word die onafhanklike woordorde meermale behou deur 'n frekwenter gebruik van die betreklike wat.

In RA het dit geblyk dat die betreklike wat net soos in GA (Du Plessis, 1984:183) baie "algemener gebruik word as in SA", maar tog kom dit nie neer op 'n absolute korrelasie tussen die twee variasietaalvorme nie.

In RA kom onafhanklike woordorde baie voor en dit kan moontlik nie as sintaktiese variasie as sodanig geïnterpreteer word nie, maar eerder as 'n tipe gesprekstrategie wat verskil van SA.

Die gebruik van die direkte rede (soos bo), is 'n gesprekstrategie wat in die vertelling gebruik word om die benutting van 'n volgorde-veranderende voegwoord onnodig te maak. Steyn (1976:49) maak egter ook melding van pousering na die voegwoord. Hoewel Riemer nie pousering in hierdie sin gebruik nie, maak hulle met behulp van 'n betreklike bysin: wat hulle sê/noem/praat, gebruik van pousering in 'n strategie om 'n "gekamoefleerde direkte rede" te kan lewer wat weer eens soms die voegwoord uitsny en die woordorde beïnvloed; 'n ander woord of woorde vervang; of soms slegs fakultatief ingevoeg is - 'n mens kan maar sê: "vir die effek daarvan". Op dié wyse word bysinne sonder voegwoord by die hoofsin ingelyf, bv.:

1. 266. 'n belofte, wat dit gesê was: as ons nou hier kom,
(afhanklike woordorde)

2. of om 'n gekamoefleerde direkte rede te verkry, soos in:

267. dit was gesê: dit is tuisland (onafhanklike woordorde)

268. 'n plek wat hulle sê: Melkbosrand

269. 'n plek wat hulle sê: Van Rooyvlei

270. 'n plek wat hulle sê: Otjihavera

271. hierdie plek wat u gepraat het: Nildesperando

In GA (Du Plessis, 1984:184) kom wat + se dikwels voor saam met menslike antesedente, maar hierdie gebruik van wat is heel vreemd aan RA.

Verder het Du Plessis (Ibid.) gevind dat die SA toe en waar in baie gevalle in GA met wat vervang word. So is dit ook in RA. Ten opsigte van waar is dit nie 'n algemene variasiekenmerk nie, want afgesien daarvan dat hierdie konstruksie slegs vier keer voorgekom het, is dit al vier die kere by een informant opgeteken. Dit kan moontlik 'n stereotipe veranderlike wees en 'n idiolektiese uniekheid:

272. daar wat die pad loop uitklim

273. dat julle hier kom, wat julle by gewees het

maar laasgenoemde is nie suiwer 'n variasievorm van waar nie, maar van waar + by. Hierdie tipe toon 'n frekwenter patroonmatigheid. As Du Plessis se voorbeeld: die kant wat ek staan effens uitgebrei word tot:

- (staan aan) die kant wat ek staan,

kan dit moontlik ook in die standaardtaal aanvaarbaar wees.

Die voorsetselweeslating (Du Plessis, 1983:184) is frekwenter. Wat wel opgeteken is, is dat wat in die plek van van wie kan voorkom.

274. hy wat u van gepraat het.

In RA kom wat + mee die meeste voor:

275. die wat ons mee gekom trek het (baie)

276. die pad wat ons mee ry

277. wat ons saam met gekom het

278. wat nie aan gepeuter word nie

279. wat jy nou voor sit (en werk)

280. wat hy weet van

Hierdie voorsetselskeiding kom wel nie in die SA skryftaal voor nie, maar volgens Steyn (1976:51 en Du Plessis, 1979) is dit ook 'n kenmerk van die Afrikaanse omgangstaal en daarom nie slegs 'n variasiekenmerk van RA alleen nie.

Ook die SA toe word baie gereeld met wat vervang

281. die tyd wat ons kom trek het

282. maar die tydjie wat ons altyd bymekaar kom

283. omtrent die tyd wat ons mense verskuif is

284. tot in 1980 wat die droogte gekom het

285. kyk, wat die Weermag daar opdaag

286. die dag wat hulle daar gekom het

Soms word toe ook vervang met 'n frase wat uitloop op wat:

287. met die wat ek val

toe ek val

288. met die wat ons nou nie so alleen wil sit nie

toe ons

289. met die wat ons die plek nou gewoon geraak het

toe ons

Hoewel die laaste konstruksie seker nie vreemd aan SA is nie, kom dit minder frekvent in die standaardtaal voor as in RA.

Verder word wat gebruik in 'n vergelykingskonstruksie waardeur dit soos, wat + soos of as + wat (soos dit in SA voorkom) kan vervang.

290. toe't ons nou beginne, wat ons nou gesê het in Riemvasmaak:
vir die Blankes omgee

291. so het ons hom gehou, wat ons hom ken daar

Daar is in RA ook heelwat gevalle opgeteken waar Ross se
"Complex NP constraint" (Du Plessis, 1984:185) oortree word.

292. my ouma bly op Khorixas wat nou nog lewe

293. word die hele tee gekondem en sommer weggegooi op die grond
wat so duur is

294. want hulle het 'n grootuierkoei van ons wat moet oor twee
maande gekalwe het, gevang

295. het ek vir die baas betaal wat hierso gekom het

296. hy wil die naald uitgooi uit die hoed uit wat hy nou
weggegooi het

Dit is merkwaardig dat hierdie variasievorm hoofsaaklik by
die ouer informante voorgekom het, maar ook by jonger informante
wat by die grootouers opgegroeï het. Geskooldheid speel
'n geringer rol. Vergelyk in hierdie verband ook Hoofstuk IV.

12.0 SLOT

Hoewel daar op hierdie stadium nie alles gesê is oor die sintaktiese
variasie in die taal van die Riemvasmakers nie, sal in die diskoers-
hoofstuk weer by enkele sake uitgekome word. 'n Mens moet in gedagte
hou dat die omvang van sintaktiese en morfologiese variasie saamhang
met die linguistiese inhoud en sociolinguistiese faktore (soos
reeds vroeër ook al aangedui) en daarom sal verskeie sintaktiese
aspekte soos jukstaposisie, weglating van referente, links-gedislokali-
seerde sintaktiese strukture waarin die onderwerp deur 'n ko-referen-
siële voornaamwoord gevolg word, frekwente herhaling, losverbonde
klouse, ens. eers later binne die samehang van die diskoerseheid
onder die loep geneem word.

Na aanleiding van die bostaande bespreking ten opsigte waarvan ooreenkomste en verskille tussen RA, GA, die algemene Afrikaanse omgangstaal en die standaardvariasie telkens uitgewys is, blyk dit tog dat die sintaksis (wat sinsbou op sigself betref), nie dieselfde mate van variasie toon as wat in die uitspraak, die woordgebruik en uitdrukkinge van 'n variasietaalvorm te bespeur is nie (Rademeyer, 1938:69). Daarom dat Van Hout (1980:193, soos aangehaal deur Van Schalkwyk, 1984:69) sintaktiese variasie as "een soms nauwelijks neembare hindernis voor een grondig empirisch onderzoek" beskou. Hierdie aanname is waar indien die sintaksis as 'n waterdigte kompartement beskou sou word. Daar moet egter in die beskrywing van die sintaksis rekenskap gegee word van strukturele algemeenhede in die vermoë en gebruik (soos wat dit hierbo gedoen is), sowel as van onderliggende semantiese algemeenhede in die gebruik (soos wat dit in die volgende hoofstuk gedoen sal word); en in dié sin is die sintaksis as variasiemoontlikheid nie los te maak van die semantiek nie en ook nie onmoontlik om te beskryf nie.

Waar die doel van hierdie hoofstuk hoofsaaklik toegespits was op die interne en linguistiese struktuur van die sinsbou in die Riemvasmaakvariasie, sal die volgende hoofstuk hoofsaaklik toegespits wees op die funksie van taalaanwending binne die groter gesprekseenheid.

H O O F S T U K I V

D I S K O E R S

S A M E V A T T I N G

1.0	INLEIDING	133
2.0	DOEL	133
3.0	WAT IS DISKOERS?	134
3.1	Die diskoerseenheid	137
3.2	Diskoers is handeling	138
3.3	Diskoers en kultuur	142
4.0	METODE	145
5.0	DISKOERSORGANISASIE	145
5.1	Diskoers is georganiseerd	145
5.2	Kenmerke van gesproke diskoers	150
6.0	RA VANUIT 'n DISKOERSBENADERING	164
6.1	Morfologiese Aspekte	164
6.1.1	Verkleining	169
6.1.2	Meervoude	167
6.2	Sintaksiese Aspekte	168
6.2.1	Die <u>goed</u> -konstruksie	169
6.2.2	Voorsetsels	171
6.2.3	Skakelwoorde	173
6.3	Die diskoerseenheid	175
7.0	DISKOERSMERKERS	175
7.1	Wat hulle sê/wat ek sê	175
7.2	Ja/Nee	178
7.3	Toe (toet, toe't)/maar/en	179
7.4	Dit en dat/wat en wat/hoe	181
7.5	Ontkenning	184
7.6	Deiktiese Aspekte	186
7.7	Saamgetrokke vorme	189
8.0	LEKSIKON	191
9.0	SLOT	192

1.0 INLEIDING

Tradisioneel is uitgegaan van die standpunt dat die sin die grootste ontleedbare eenheid is. Die Chomskiaanse linguistiek het die moedertaalspreker se taalvermoë omskryf, maar dit was 'n grammatiese beskrywing van geïsoleerde sintaktiese, semantiese of fonologiese manipulasies waarin vloeiendheid geen rol gespeel het nie. Die onderskeid tussen 'n kunsmatige reeks sinne en 'n vloeiende samehangende reeks is oor die hoof gesien. Van dubbelsinnigheid, of hoe een sin 'n uitvloeisel van 'n ander kan wees, is nie aan geraak nie. Met ander woorde: dat taalvermoë ook 'n diskoersvermoë insluit, is buite rekening gelaat.

Taalvaardigheid het juis te doen met die "ability to use language under communicative stress of real time processing" (Stubbs, 1984:36). Om dan ook rekening te hou met die diskoersvermoë van moedertaalsprekers, sal noodwendig ook rekenskap gegee moet word van die struktuur van die metateks: dit is hoe 'n vloeiende aantal taaleenhede samehangend binne 'n groter geheel verbind en dan semanties funksioneer om 'n gespreksdoel te bereik. So 'n samehangende eenheid kan enige lengte hê. Dit kan 'n sin wees of 'n paragraaf, 'n hoofstuk of dit kan selfs boekdele beslaan (Gray, 1977:5).

2.0 DOEL

Die doel met hierdie hoofstuk is om:

1. 'n teoretiese uiteensetting te gee van wat in die algemeen met diskoers bedoel word;
2. die taalgebruik van Riemvasmakers te beoordeel teen die agtergrond van hierdie teoretiese uitgangspunte sodat algemene en universele verskynsels wat in alle spreektaal kan voorkom, ook as kenmerkende eienskappe van RA uitgewys kan word;
3. aan te dui in watter mate sintaktiese en morfologiese strukture deur gespreksgedrag gemanipuleer word om gespreksdoelwitte te bereik;
4. rekenskap te gee van die wyse waarop die metateks strategies funksioneer en

5. aan te toon dat variasieverskil tussen RA en SA moontlik bloot neerkom op die verskillende toepassings van verskillende tipes sosiale doeltreffendhede. Teen die agtergrond van die wesenlike kenmerke in die standaardtaal - die geïstitutionaliseerde sisteem - kan die Riemvasmaakvariasie beoordeel word as 'n gewoonte - "as a vehicle and symbol for the social structure" (Halliday, 1979:162 en Leech, 1984:5).

3.0 WAT IS DISKOERS?

Diskoers is 'n dubbelsinnige term en daarom hou dit ook vir verskillende taalkundiges verskillende interpretasiemoontlikhede in.

Volgens Edmondson (1981:4) kan onderskei word tussen teksanalise en diskoersanalise op grond daarvan dat teks 'n teoretiese benadering veronderstel, terwyl diskoers gerig is op die interpreteerbaarheid van samehangende reekse uitinge. Teks dui op "sentences in combination" en diskoers slaan op "the use of sentences in combination". Om hierdie aanname te illustreer, word die volgende reël deur Edmondson (Ibid.) aangebied:

1	sin	=	[-sinsrykheid]	[-gebruik]
2	teks	=	[+sinsrykheid]	[-gebruik]
3	uiting	=	[-sinsrykheid]	[+gebruik]
4	diskoers	=	[+sinsrykheid]	[+gebruik]

Opsommenderwys kan Edmondson en ander (soos hy verskeie skrywers aanhaal, 1981:4 - 5) se standpunt soos volg opgesom word:

Teks is:

- modelgesentreerd,
- teoreties,
- "competence" data,
- geskrewe taal

Diskoers is:

- datagesentreerd,
- beskrywend,
- "performance" data,
- spreektaal

Andersyds beweer Stubbs (1984:10) dat ook geskrewe taal 'n vorm van taalgebruik eerder as taalvermoë impliseer. Hy maak die aanname op grond daarvan dat daar in die geskrewe taal, net soos in die gesproke taal, wedersydse kommunikasie beoog word en "any devices for presenting the semantic content are interactive, since they

design discourse for its hearers or readers. Such devices include the use of main and subordinate clauses, focus and topicalization, and anaphora. Spoken monologues are therefore similarly interactive" (Stubbs, 1984:212).

Interaksie met betrekking tot die bereiking van gespreksdoelwitte word, in beide die spreektaal as die skryftaal, deur die gebruik van dieselfde basiese strukturele taalmiddele nagestreef, maar daarmee kan 'n normatiewe verskil tussen die twee aanwendingsterreine nie ontken word nie. Hierdie verskil spreek duidelik uit die uitspraak van 'n hoëklasspreker van RA wanneer hy die taal- en kultuurverskil tussen die Riemvasmakers en Damaras beskryf. Hy sê:

297. Ek het nou gevoel of ervaar dat: mense, ek is mos nou met mense te doen wat 'n hêëltemal 'n aparte kulturele agtergrond het, ek wat taal aanbetref, kultuur enne die hele opset in geheel.

As dieselfde spreker dit moes neerskryf, sou dieselfde sin moontlik so kon gelyk het:

297a. Ek het nou gevoel of ervaar dat ek mos nou met mense te doen het wat 'n heeltemal aparte kulturele agtergrond het (vir sover) dit die taal, kultuur en die opset in die geheel aanbetref.

Hieruit is dit baie duidelik dat die gebruik van hoofsinne en onderskikkende klouse in die spreek- en skryftaal nie heeltemal ooreenstem nie. Die styl is in albei gevalle formeel, maar in sin 297 word selfs op hierdie formele vlak gehou aan die variante inlywingsstrategie van bysinne soos Riemvasmakers dit gewoonlik in die spreektaal gebruik. Hy gebruik dat, maar daarmee saam volg nie 'n afhanklike woordorde nie, maar 'n gekamoefleerde direkte rede.

In 'n informele gesprek vertel 'n ongeskoolde spreker van bogenoemde taal- en kultuurprobleem wat aanpassing vir die groep bemoeilik. Hy sê:

298. Sy taal en hierie taal, en Riemvasmakers se taal ... is

Hulle paar 'ie. Hulle paar 'ie met die Damaras 'ie. Hulle paar 'ie. So is dit. Hulle paar 'ie. Ek verstaan ook 'ie. Ek verstaan nie. Die taal is een, maar jy verstaan nie.

In die spreektaalvoorbeelde bo, is telkens van strategieë gebruik gemaak om die fokus op die taal- en kultuurprobleem te laat val. 'n Soort direkte rede wat begin met mense, is in die formele voorbeeld gebruik en in die informele vertelling is hulle paar nie, herhaal. Indien dieselfde mate van fokus in die skryftaalvoorbeelde verlang sou word, sou die sin heeltemal omgestel moet word om dieselfde sterk trefkrag te kon hê. Dit sou moontlik met taal en kultuur moes begin. Die skryftaal hou gewoonlik binne die norm en paar en mense val in hierdie geval buite hierdie norm. Die mense sou in 'n skriftelike weergawe weggelaat kon word en paar kan moontlik "vertaal" word met kom nie klaar nie. Die indirekte handelingsfunksie van paar en mense sal dus van die skryftaal 'n ander strategie vereis om dieselfde semantiese inhoud binne 'n normatiewe uitgangspunt te stel.

Die skryf- en spreektaal maak dus van dieselfde strukturele middele gebruik om die gespreksdoel te bereik, maar die wyse waarop hierdie middele aangewend word, verskil. Hierdie verskil kan impliseer dat die aanwending van 'n skriftelike, normatiewe en meer abstrakte taalgebruik (bv. SA) gestel kan word teenoor die gesproke en werklike aanwending van taal in werklike tyd (bv. RA). Dan is Edmondson (en ander) se standpunt wel van toepassing ten opsigte van die onderskeid tussen teks en diskoers. Geskrewe taal kan wel as 'n vorm van diskoers geïnterpreteer word, maar die normatiewe grondslag waarop gesproke en geskrewe diskoers berus, sal verskil. In gevalle waar geskrewe diskoers verskil van die "voorskriftelike" geskrewe norm (bv. prosa in die vorm van variasietaal), behoort daar ook geen verskil in die handelingstrategieë van die gesproke en geskrewe vorme te wees nie, maar normaalweg word in geskrewe diskoers ander strategieë gevolg as in 'n gesproke weergawe om dieselfde gespreksdoelwit te kan bereik. Die proses van begrip bly egter in albei gevalle steeds dieselfde - of dit nou monoloog, dialoog of geskrewe taal is - en daarom is dit moontlik om RA en SA in die ondersoek te betrek, want albei variasies val steeds binne die raamwerk wat die term diskoers omlyn.

3.1 Die diskoerseenheid

In hierdie studie slaan diskoers op taal soos dit in alledaagse gespreksituasies deur werklike sprekers gebruik is. Dit is gesproke taal soos dit binne die struktuur van 'n sin of klous voorkom, of soos dit deur 'n groter geheel gekommunikeer word.

Taal is 'n deel van kultuur en daarom is dit eintlik so dat die verband tussen 'n taal en die gemeenskap die duidelikste spreek uit verbale interaksie. Taalkenmerke kan in verband gebring word met sosio-ekonomiese veranderlikes en kulturele norme wanneer taal binne 'n verskeidenheid van situasies gebruik word. Op die wyse is taal, kennis, situasie en handeling 'n eenheid en hierdie "different factors all interact to determine the acceptability or appropriateness of utterances in different social contexts" (Stubbs, 1984:3). Met ander woorde: diskoers dui op 'n stuk taal wat struktureel, semanties, funksioneel en sosiaal 'n eenheid is. Dit kan geïllustreer word aan die hand van die volgende voorbeeld uit RA:

Vraesteller (V): En die westewind hierso?

Respondent (R): Atatatatatata! Hier drie-uur, vieruur se kant, dan is hy darem nou. Dan moet jy sommer baadjie soek of jersie.

V : Ehe?

R : Dié moet jy nou loop haal en aansit.

Die situasie waarin die gesprek gevoer word, is informeel. Albei gespreksgenote sit op die grond langs die huis. In so 'n situasie is die taal voorspelbaar in dié sin dat die inhoudelike taalkennis variasiekenmerke kan weerspieël. Omdat die versoek vir inligting verband hou met 'n eie ervaring wat 'n daaglikse leefwyse raak, behoort die respons op die versoek, dieselfde variante handelingskenmerke te vertoon. Kortom: die R sal in so 'n bekende situasie reageer met taal en handeling wat vir hom net so bekend is.

In die onderstreepte sin is is die hoofwerkwoord. Struktureel is daar dus sprake van sintaktiese variasie aangesien is in

SA gewoonlik as koppelwerkwoord of as omskrywingswerkwoord gebruik word. Semanties sou is met die sinoniem waai verklaar kon word en funksioneel begin die respons met Atatatatatata - 'n vreemde soort aanvangsuiting. Gesien teen die agtergrond van SA, is hierdie diskoerseenheid sosiaal, struktureel, semanties en funksioneel 'n eenheid want taal, kennis, situasie en handeling is 'n geheel en daarom is die variante uiting geskik binne hierdie situasionele konteks. Die effek wat die V se versoek op die R gehad het, kan uit die geheel van die uiting afgelei word: die wind waai elke dag baie erg en dit irriteer die mense wat hier bly.

3.2 Diskoers is handeling

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die sosiale verband tussen twee sprekers 'n geskikte soort taalgebruik veronderstel; dat sulke taalgebruik 'n bepaalde struktuur kan blootlê en dat 'n bepaalde metode aangewend sal word om die gespreksdoel te bereik. By implikasie beteken dit dat daar by die funksie van taalgebeure begin moet word en daarvan- daan behoort teruggewerk te word na die struktuur wat die taalgebruik weerspieël (vgl. Bell, 1976:210).

Taalgebruik moet dus vanuit 'n taalhandelingsoogpunt benader word. In hierdie geval is die Riemvasmakers se Afrikaans die eenheid wat ondersoek en geanaliseer gaan word ten einde te kan uitwys hoe daar gedurende interaksie binne hierdie eenheid 'n wedersydse betrekking tussen situasionele en linguistiese veranderlikes kan wees. Taalteorie moet in hierdie geval dan nie net met eksplisiete feite werk nie, maar ook met die wesenlike feite van die taalgebruik.

Taalhandelingskategorieë is 'n deel van die interaksionele struktuur van gesprekke of vertellings as dit die spreker se houding, geloof, sienswyse of gevoelens weerspieël (Edmondson, 1981:140). So 'n standpunt verskil van die algemene opvatting oor illokusionêre taalhandelinge.

Volgens die taalhandelingsteorieë van Austin en Searle hou 'n lokusionêre taalhandeling verband met die voortbring van klanke, met betekenis soos dit in die algemeen tradisioneel

bekend is. 'n Illokusionêre handeling het uitingskrag, want deur middel van performatiewe werkwoorde word met die taal gehandel. Daarteenoor dui perlokusionêre handeling op die effek wat die lokusionêre handeling op die hoorder het en performatiewe is handeling wat net deur taalgebruik kan plaasvind of tot stand kom (vgl. ook De Bruyn, 1982:12).

Hierdie teorie werk nie altyd met taal wat natuurlik voorkom nie. Die diepte in die indirektheid van baie taalgebruikshandeling in RA is soms "highly ritualized, such that it does not make sense to refer to the semantic meaning of the verbal token its total meaning may be said via conventionalization to be pragmatic" (Edmondson, 1981:139). Die spreker sê dus heeltemal iets anders as waarna dit op die oppervlak lyk. (vgl. ook Stubbs, 1984:148). Vergelyk die volgende voorbeeld:

299. En 'ie wind! Hy wai nie!

(Hier van namiddag af kan ons nie eers sien mekaar 'ie, so's ons blind gewai.)

In isolasie is die sinne bo nie eksplisiete taalhandelinge nie. Dis twee uitroepsinne waar nie direk of indirek deur performatiewe werkwoorde gehandel word om 'n illokusionêre handeling met uitingskrag te bewerkstellig nie. Tog is dit binne die konteks 'n perlokusiehandeling deurdat die lokusionêre handeling 'n bepaalde effek (misnoë) by die hoorder laat posvat. Dit gee 'n houding weer. In die oppervlakte is Hy wai nie in die ontkenningvorm, terwyl dit by implikasie juis die illokusie van 'n nie-ontkennende sin stel: Die wind waai erg! en dit is die indirektheid waarmee hierdie illokusie gestel word, dat die pragmatiese konvensie 'n handelingsfunksie veronderstel. Handeling sal dus afhang daarvan of dit eksplisiet verband hou met performatiewe werkwoorde wat verwys na die illokusionêre krag van uitinge en of dit slegs berus op handelingstrategieë waar konvensie nodig is vir die interpretasie daarvan.

Die taalhandelingsteorie het in hoë mate die pragmatiese en indirekte betekenis geïgnoreer want in RA kan 'n stelling soos:

300. Die mense kry honger.

'n vraag wees. Dit beteken in die konteks van 'n bepaalde situasie (trouseremonie): Wanneer slag julle? Andersyds kan 'n sin soos:

301. Oupa Gert het siek geword.

beteken dat die oupa gesterf het. Dit is net taboe dat 'n kind die boodskap direk mag oordra. Vir so 'n interpretasie is dus kulturele kennis nodig.

Verder is in die teoretiese taalhandelingsbenadering nie rekenskap gegee van "leë" invoegings soos mense (op bl.135), ja, nou, ens. nie. Dit is 'n te breë teorie en te beperk sodat gesproke diskoers wat natuurlike taalgebruik veronderstel, nie op so 'n wyse ontleed kan word nie (vgl. Edmondson, 1981:22). 'n Taalhandelingssteorie behoort voorsiening te maak vir vrae, opdragte, stopwoorde, beloftes, teenstellings of enige uitinge wat moontlike gelowe of intensies uitdruk (Stubbs, 1984:4), want illokusionêre krag is strategies onbepaald. Daarom behoort die sosiale konteks waarbinne taal gebruik word, beoordeel te word in terme van wat aan die gang is (met ander woorde die sosiale proses), wie met mekaar praat, en die wyse (hoe) waarop betekenis oorgedra word (Halliday, 1979:189), want daar is konvensies (reëls) wat binne 'n kommunikatiewe gemeenskap geldend is en hierdie konvensies bepaal die vorm, betekenis en funksies wat met 'n taaluiting beoog word (Walraven, 1975:55).

Volgens Edmondson (1981:200) kan vertellings, beskrywings, ens. wat neerkom op monoloë voordrag, nie vanuit 'n taalhandelings-oogpunt beoordeel te word nie, want in "speech act theory this is reflected in the felicity condition said to hold for an 'informative' act, namely that S believe the content of the informative act be unknown to it. In other words, an 'assertive' act in discourse is pointless unless the speaker believes there is a 'doubt' or 'interest' which that act removes or satisfies."

Stubbs (1984:212) meen dat monoloë gesprek ook slaan op 'n vorm van interaksie en daarom wel as 'n vorm van diskoers wat taalhan-

delinge kan insluit, beskou kan word. In hierdie verband is dit nodig om te wys op die wisselwerking van funksionele intensie van die spreker en die werklike effek wat die kommunikatiewe gebeure op die hoorder het. In die proses waardeur die spreker die hoorder probeer bereik, maak hy van gesprekstategieë (in die vorm van interaksionele strukture) gebruik. Die hoorder maak weer van konvensionele strategieë gebruik om op die spreker se "strategiese" gedrag te reageer - al is die gevolg ook net perlokusionêre of sosiale handeling.

Vgl. die volgende mededeling:

302. V: Nou watse taal praat julle?

R: Ons praat Namataal. Nou hierdie is die regte Damara wat die mense praat. Ons en die mense verstaan nie met die taal mekaar nie. Ja. Daar is sekere woordjies wat ons kan verstaan, wat seker is. Dan vat hulle die taal te diep, dan kan ons nie die taal daar verstaan nie.

'n Mens het hier te make met 'n diskoerseenhed wat op 'n laer vlak as die blote lokusionêre handeling funksioneer. Ofskoon performatiewe werkwoorde nie voorkom nie, weerspieël die vertelling nogtans 'n implisiete illokusionêre uitingskrag juis omdat dié gedeelte die spreker se houding, sienswyse en gevoelens oor die gevoelige taalkwessie oordra.

Volgens Gray (1977:5) is foneme, morfeme en woorde "recognizable and characterizable as such only because they appear arranged and combined in discourse". Daar is 'n doel in die keuse van bepaalde woorde en sinne, en dié keuse berus op wat geskik is en onmiddellike begrip kan bewerkstellig. As die spreekster dan na die baie wat hulle van die diep taal nie kan verstaan nie, verwys as sekere woordjies, bereik sy daarmee die effek wat sy beoog het. Woordkeuse is die strategie waarmee die perlokusionêre handeling voltrek word, maar daar is tog ook sprake van indirekte taalhandeling, want sy kommunikeer ook die boodskap van:

- ons en die mense kan nie gesels nie;
- ons verstaan mekaar nie;
- daar's 'n gaping;
- ons kom nie oor die weg nie.

Dit is 'n soort indirekte taalhandeling waar interpretasie afhang van die konvensies (Stubbs, 1984:158).

3.3 Diskoers en kultuur

In die praktyk sal gesprekstategieë daarom gaan dat sprekers dinge met taal doen. Hierdie handeling veronderstel 'n soort sosiale taalgebruiksvermoë - 'n veranderlike wat alle individue binne die gemeenskap beheers. Individue pas nie altyd dië reëls konsekwent toe nie, want daar is aspekte soos kulturele verlies of normverskuiwing wat moontlik hiermee kan inmeng. Tog is dit so dat taalgebruik 'n vorm van gespreksgedrag is omdat sprekers deur hulle taalgebruik altyd sal poog om aan die aanvaarbare taalnorme te hou ten einde bepaalde doelwitte te bereik.

Vergelyk die volgende mededeling van 'n informant wat by 'n werkgewer werk van wie nie sleg gepraat mag word nie. Daarom sê hy niks verkeerd nie, maar deur die liggaamstaal (ontwykende oë, doellose armbewegings, ens.) in samehang met die verbale oordrag, lê implisiete evaluasie opgesluit:

Die R vertel van hoe hy werk en hoe dit gekom het dat hy nou vir dië werkgewer werk en dan kom iemand anders in sig en die gesprek neem 'n vreemde wending:

R: Dis eintlik waar ek bietjie ingeval en gewerk het. Ek het bietjie hard gewerk in elk geval. Daar kom hulle ook nou. Nou ja goed, nee wat, ek het nou nie eintlik probleme gehad met die mense nie (dis nou ander Riemvasmakers). Ek het nou lekker gebly, maar ek ken hulle almal.

Wat hy eintlik sê, is:

Nou ja, nie goed nie, ja wat, ek het probleme met die mense. Ek het lekker gebly toe ek hulle almal nog mag geken het.

Die spreker het binne die gestelde norme gehou en nie sy werkgewer openlik aangeval nie, maar onbewustelik juis die waarheid gekommunikeer.

Andersyds kan normatiewe taalgebruik direk verband hou met die variasietaalgebruik binne die gemeenskap. Volgens Bell (1976 : 215) en Romaine (1982 : 154) behoort grammatikaliteit met betrekking tot die komplekser en sosiaal dominante aspekte van aanvaarbaarheid beoordeel te word. Romaine (Ibid.) het selfs kulturele omgangstaalindekse opgestel ten opsigte van onderwerpe wat van sentrale belang binne die gemeenskap is. Hieruit kon sy die gevolgtrekking maak dat daar 'n korrelasie bestaan tussen variasietaal en onderwerpe wat frekwent in die omgangstaal ter sprake kom. In RA is nie indekse opgestel nie, maar gesprekke oor die huwelikseremonie en die verhuising het beslis hierdie tendens vertoon. Dit is dan so dat kulturele gebruike ook ten opsigte van taalgebruik 'n normatiewe taalgedrag kan vertoon (Cheshire, 1982:155).

Seker die duidelikste vorm van sintaktiese normatiewe taalgebruik by die Riemvasmakers, is die hy/sy wisseling ten opsigte van die vroulike voornaamwoord. Dit is nie 'n willekeurige wisseling nie, maar hy word vir sy gebruik in bepaalde gevalle waar toegenendheid 'n rol speel, maar normatief beperk sodat 'n jong kind nie ten opsigte van ouer persone hierdie omruiling sal gebruik nie (vgl. Hoofstuk III).

Stylwisseling kan ook na aanleiding van bepaalde norme wissel om die gespreksdoel te bereik. 'n Spreker kan sy styl wissel om normatief aan te pas by 'n veranderde situasie. In RA is wisseling in voornaamwoordgebruik die opvallendste merker van informele styl en hoe informeler die styl, hoe frekwenter die goed-konstruksie. Ofskoon enige variasie, ook SA, hierdie normatiewe stylwisseling vertoon ten opsigte van voornaamwoordgebruik, lê die diskoersverskil daarin dat verskillende strategieë aangewend word "for the exploitation of the same meanings, rather than of a difference in meaning" (Fasold en Shy, 1974:73).

Aan die begin van 'n gesprek word meneer of mevrou as aanspreekvorm gebruik om met die vraesteller te praat. Soos wat die gesprek vlot, raak die situasie ook meer ontspanne sodat uiteindelik

op gemeensame wyse die vraag gestel word:

303. Hoekom het jy dan nie vir ons lappers saamgebring nie?

'n Ander informant begin met professor (hoëklasspreker). Die gesprek verloop gesellig en as hy groet, wil hy weet of ugood nou terug gaan Windhoek toe en die tweede informant ('n laeklasspreker) vra: het meneergoed daar gebore? In hierdie gevalle is die goed-konstruksie as strategie aangewend om 'n solidariteitsbetekenis oor te dra. Dit sê as't ware: ons het lekker gekuier en julle kan maar weer kom.

Aan die begin was die vraesteller 'n vreemdeling en het die gesprek formeel begin, maar die aard van die onderwerpe waarvoor gesels is, het tot gevolg gehad dat die situasie geherdefinieer is. Die wisseling van aanspreekvorm is dan 'n herstellingstrategie ten opsigte van die aanvanklike styl. Op dié wyse is stylwisseling 'n verbale strategie om die kommunikatiewe taalvermoë doeltreffend te maak (vgl. ook Saville-Troike, 1982:60).

Die gespreksinhoud bepaal die styl en kode wat gebruik word. Daarom sal 'n vloeiende en lewendig-opgewekte wyse van gespreksvoering altyd gekenmerk word deur 'n persoonlike en variante styl wat 'n verskeidenheid kenmerkende strategieë kan weerspieël. Daar is dus 'n dinamiese verband tussen taalkode, doel van die spreker en deelnemerstruktuur ten opsigte van bepaalde situasies (vgl. ook Saville-Troike, 1982:52). In dié opsig kan metaforiese kodewisseling as 'n strategie aangewend word om in vreemde geselskap 'n uitsluitingsfunksie te vervul of om groepidentifikasie te bewerkstellig. Riemvasmakers sal na die Namavariasie oorslaan as hulle onseker voel oor hoe om in 'n bepaalde situasie op te tree, of as hulle nie wil hê ander Afrikaansprekendes moet hoor wat hulle sê nie, dan isoleer hulle hulself deur middel van die Namavariasie. Volgens Warren (1979:199) vind kodewisseling plaas "when the participants identify themselves as members of a particular ethnic group.....".

'n Mens kan dus aanvaar dat die taal van volwassenes multifunksioneel is in dié opsig dat dit vir taalgebruikers moontlik is om op grond van 'n onderliggende reëlsisteem taalelemente

te gebruik en te manipuleer "to make him capable of producing speech acts appropriate to the speech events he is involved in, i.e. to propose the rules of speaking by means of which man participates in social life as an active member of a human community" (Bell, 1976:208).

4.0 METODE

Vir die navorsing van RA is gebruik gemaak van vertellings, beskrywings, tegniese verduidelings en uitsprake oor taalprobleme om navorsingsgegevens te verkry. Hierdie materiaal is versamel in 'n situasie van informele gesprekvoering. Hoewel sulke versamelde materiaal ter illustrasie en as uitgangspunt ter staving van standpunte aangevoersal word, is dit ook soms nodig om na data buite die variasie te verwys. Volgens Stubbs (1984:28) sal dit 'n fout wees "to restrict study to actual occurrences, without using other data: intuitive and experimental, and participants' as well as analysts' accounts in order to converge on a well corroborated descriptive statement".

Die navorsingsmetode het daarom 'n tweeledige doel nagestreef: eerstens om te bepaal in watter mate RA algemene diskoerskenmerke vertoon, maar daar is ook gewys op spesifieke diskoerskenmerke met betrekking tot die Riemvasmakers se eie variasie.

Dit word gedoen deur te wys op die verskille tussen uitinge en handeling en die wyse waarop moontlike handeling tot stand kom. Taalgebruik word beoordeel in terme van doeltreffendheid - met ander woorde: wie gebruik watter vorm as hy met wie praat; waaroor; in watter omstandighede praat hulle; en in watter verband met betrekking tot ander kommunikatiewe handeling of gebeure (vgl. ook Saville-Troike, 1982:56).

5.0 DISKOERSORGANISASIE

5.1 Diskoers is georganiseer

Gesproke taalgebruik lyk snaaks in transkripsie omdat dit bedoel was om gehoor te word. Noggans is dit georganiseer anders sou begrip van die inhoud nie moontlik gewees het nie (vgl. ook Stubbs, 1984:19). Anders as geskrewe tekste, is gesproke diskoers polisistemies in dié sin dat samehang verkry word deur die herhaling van woorde of frases die gebruik van

struktuurmerkers, fyn tydsinchronisering en hiërargiese reekse van diskoershandeling (Ibid.).

Om te herhaal wat die spreker sê, is 'n formele merker van gesamentlike produksie. Die herhaling onderstreep die standpunt en deur wedersydse deelname kom 'n gestruktureerde diskoerseenhed tot stand. Vergelyk:

304. V: Die mense is kwaad vir mekaar, maar dan's hulle nooit kwaad vir mekaar nie. Dis nou maar so 'n onderhandeling.

R: Ja, onderhandeling, onderhandeling.

V: Die manne maak mekaar so bietjie sag?

R: Sag-sag-sag.

V: Ehe?

R: Mm, van-ou-die meisiekind se ouers af.

V: Ehe?

R: Sien, dit voel vir jou die mense wil nie haar dogter gee nie.

In die voorafgaande diskoerseenhed het die herhaling ook die funksie soos Van Jaarsveld (1984:202) dit ten opsigte van GA gee, nl. " 'n retoriese maneuvre waarby die verteller die inisiatief behou en sy hoorder geïntereeserd hou" en sodoende die gesprek laat vlot.

Ook die gedeelde woordeskatkennis is 'n faktor wat samehang bevorder (Labov, 1972:28) en met die gebruik van sien teen die einde, word al die sinne verbind tot 'n eenheid deurdat sien as 'n struktuurmerker die toepaslike verbande funksioneel aandui.

Hierdie tipe taalitems, bv. wel, ja, nou, nouja, ens. word gewoonlik aan die begin van uitings gebruik. Hulle word normaalweg as leë items beskou "since they make no syntactic predictions" (Stubbs, 1984:68) en semanties het hulle nie enige proposisionele

inhoud nie. Hulle is direkte performatiewe en gewoonlik beperk tot die spreektaal. Tot watter mate hierdie soort partikels funksioneel bydra tot die samehang van 'n diskoerseenhed kan moontlik aan die hand van die volgende voorbeelde verduidelik word:

305. Nou, skielik kom die ding nou so, dan moet jy nou gaan - dan moet jy - dan skroef jy jou ouers op. Jou ouers (is nou die man se ouers) moet nou gaan. Nou ja, nou moet jy houtjies saamvat, ketel, beker, alles moet hy saamvat.

Volgens Ponelis (1979:316) is nou en nou ja verbindingsadjunkte wat 'n wending in die gesprek markeer. By implikasie sê Stubbs (1984:68) dieselfde as hy beweer dat hierdie items waarmee uitings begin, gebruik word "to mark a boundary in discourse. Some (e.g. now, anyway) may be used to mark initial boundaries of units of written or spoken language, and they are therefore immediate indicators that continuous discourse is analysable into units larger than the sentence". Dit het dus 'n inleidende funksie of dit kan 'n disjunksiemerker wees om 'n breuk met wat voorafgegaan het, aan te dui. Na 'n vraag kan dit 'n indirekte antwoord impliseer.

Hierbo het nou en nou ja so 'n strukturele funksie, nl. om die geheel te laat saamhang. Nou is 'n openingsuiting en nou ja is 'n aanvangsuiting om die verandering in die gespreksonderwerp aan te dui - die breuk in die diskoers te hervat.

Van der Riet (1984:65) noem hierdie soort strukturele merkers formules of gambiete. Sulke formules is "semanties leë taalbousels wat stereotipies in gesprekke voorkom ter wille van hoflikheid en sosiale solidariteit".

Vergelyk ook:

306. Kyk, by die trou is dit nou so

307. V: Hier ruk hulle (die kinders) so 'n bietjie hand-uit?

R: Hand-uit. Regtigwaar. Hier ruk hulle hand-uit.

As die onderstreepte woorde ("leë" elemente) uit die sinne bo verwyder word, is daar wel nog sintaktiese eenhede wat oorbly, maar die gesprek is minder soepel en vloeiend en boet wel in aan betekenis. In die geval van nou word die woord gebruik om die onderliggende betekenis van moontlike hoflikheid en solidariteit uit te druk, of in hierdie geval miskien eerder om relevansie aan algemene gebeurlikhede te gee. Nou ja kan moontlik 'n merker van beleefdheid wees, kyk kommunikeer 'n sekerheid in terme van die informasie wat gaan volg, terwyl regtigwaar die gespreksinhoud intensiveer of kleur (Ponelis, 1979:297). Deur hierdie onderliggende semantiese funksies, het die sogenaamde leë elemente 'n strukturele handelingsfunksie wat samehang bewerkstellig en 'n indirekte betekenis kommunikeer. Hulle is houdingsadjunkte.

Soms lewer die metateks van buite af kommentaar op die teks. Volgens Stubbs (1984:16) is sinne van hierdie tipe, selfreferensieel want in sulke sinne word performatiewe werkwoorde in 'n ander handelingsfunksie gebruik as die wyse waarop normaalweg deur performatiewe gehandel word. Vergelyk:

308. Darie baas het baie mooi met ons gewerk. Ek moet regtig ook sê: Hy's onse vriend, al is hy nie meer hier nie.

309. V: Hoe kom dit dat jy Afrikaans as eerste taal praat?

R1: Nou, ek sal vir Baas so sê: ek Ek het mos eintlik op 'n erf van 'n Blanke grootgeword

V: En jy?

R2: Baas ja. Baas, om die waarheid te sê, dit was nou die eerste taal.

Die onderstreepte sinne lê op 'n hoër vlak en lewer kommentaar op die laer vlak. Van hierdie tipe sinne sê Stubbs (Ibid.): "such comments from conversationalists give interesting access to the way they themselves understand the conversation, and therefore should have privileged status as data".

Diskoers het struktuur in dië sin dat dit 'n hiërargiese eenheid is waarin een uiting 'n uitvloeiing van 'n ander is en willekeurige omruiling van sinne binne die samehangende geheel, nie moontlik is nie. Omdat daar so 'n beperking is, kan daar struktuur wees en daarom is dit nie moontlik om bv. die uitingsvolgorde in die onderstaande voorbeeld om te ruil nie. Vergelyk:

310: V: Maak asseblief die deur toe.

R: Goed.

Hierdie struktuurvolgorde is vas omdat enige gesprek (ook met jouself) 'n spreker en 'n hoorder impliseer. Die spreker is die belangrikste want hy beklee die handelende rol. Voordat die spreker (informasiebron) nie die boodskap voorsien het nie, kan die hoorder dit nie interpreteer of daarop reageer nie (vgl. Van der Riet, 1984:16).

Daar is ook beperkings op gesprekshandelinge, want 'n mens sal jouself bv. eers aan 'n vreemdeling voorstel voordat jy 'n gesprek kan aanknoop, maar jy sal nie op 'n ongelukstoneel jouself eers aan almal voorstel voordat jy met vreemdelinge begin praat nie. Die wyse waarop 'n gesprekshandeling sal verloop, hang dus baie nou saam met die situasie en gespreksgenote. Verskillende strategieë sal aangewend moet word om byvoorbeeld dieselfde inligting van 'n vriend of 'n vreemdeling te bekom.

Die struktuur van 'n diskoerseenhede beperk ook die leksikale keuse in soverre die gebruik van 'n bepaalde lekseem verband moet hou met die aard van die gesprek en die situasionele konteks waarbinne dit plaasvind. 'n Baie informele situasie of gespreksonderwerp sal gevolglik meer variante taalvorme lewer as die formele situasie of 'n vreemde milieu. Vergelyk uiting 311 hieronder.

Alle diskoerseenhede (veral met betrekking tot vertellings) het 'n begin, 'n middel en 'n end. Die vertelling begin gewoonlik met 'n inleidingsvorm soos: weet jy wat, het jy gehoor, raai wat, dit herinner my aan, ensovoorts, en verhale begin gewoonlik met eendag was daar 'n Vertelling eindig ook nie sommer nie, maar word afgesluit met 'n "clichè-cum-proverb with little informational content of the type: still, that's life; well, that's

the way it goes," ens. (Stubbs, 1984:24). Vergelyk storie van 'n Riemvasmaker in Bylae IV. Hy begin met: Daar was 'n bok gewees en sluit die verhaal af met: Jy moet net een vat, net een, net een. Op die oppervlakte lyk dit asof hierdie verhaal afwyk van hierdie patroon wat Stubbs voorhou. Tog is dit nie so nie.

Binne die konteks van die geheel, beteken die laaste sin eintlik: so is die lewe vir diē wat te gierig is. As jy gierig is, sal jy niks ontvang nie en daarom moet jy net neem wat jy nodig het - vat net een. Die "ou" stories van Riemvasmakers (Michael Booyen) is gewoonlik vertel om die kinders iets te leer, en daarom kan die einde van bovermelde voorbeeld waarskynlik as tiperend van hierdie groep se verhaalafsluitings beskou word.

Alle vertellings en verhale word dus afgegrens deur 'n aanloop en 'n afsluiting in die vorm van 'n clichésin om die geheel so in te sluit (vgl. Bylae IV: A en B).

Dit gaan in die spontane vertelling ook nie net om die linguistiese kenmerke van die taalgebruik nie, maar ook die "paralinguistiese en nie-verbale kanale" (Du Plessis, 1984:641) dra by om samehang in die narratiewe teks tot stand te bring. Gesproke diskoers slaan in hierdie studie op geselsvertellings en sulke vertellings is in 'n hoë mate konteksgebonde. Wat met die linguistiese item(s) gedoen word, sal telkens afhang van die konteks waarin dit geuiter word, want so 'n diskoers word "sterk beperk deur die werklike-wêreld-oorwegings" (Ibid.). Teen hierdie agtergrond behoort die kenmerkende eienskappe van gesproke diskoers, soos dit hieronder behandel word, geïnterpreteer te word.

5.2 Kenmerke van gesproke diskoers

Alle gesproke taal lyk snaaks en deurmekaar as dit skriftelik aangebied word, maar dit is tog samehangend deur interpretasie en dit kan fyn gespreksdetail op verskillende vlakke openbaar. 'n Mens moet in gedagte hou dat alle gesproke data nie op dieselfde wyse relevant is as in die skryftaal nie en daarom behoort transkripsies van gesproke taal nie te fyn gedoen te word nie. 'n te getroue weergawe kan juis perseptueel onwerklik voorkom. Die doel moet wees om gesproke taal te skryf sodat dit vir die

oog lyk soos dit vir die oor sou klink, want vertellings is bedoel om ingeordende reekse gehoor te word. Die "skynbaar onsamehangende" vertelling hieronder, is 'n goeie voorbeeld van so 'n samehangende diskoerseenheid:

311. Daar lê My oupa en my ouma lê daar en tanniese van my lê daar en twee oompiese die lê ook daar in daai distrik. So davenaaf het my pa hier in '34 hier opgegaan, teen die sekma op en tot op Diepklip, 'nanner ... 'n baas Jan - ag, Hennerik Hennerik wat? daar loop skaap opgepas '34 eerste reën na die droogte... Hennerik Liemberg, Diepklip. En davenaaf het hulle maar net so uit en in, en uit en weer in Grootrivier toe. Werk moet Pa maar net daar geleer 'et: erwe en so aan. So het hulle grootgeraak.

Die vertelling lyk deurmekaar, maar as dit gehoor word, is dit samehangend deur interpretasie. Terwyl die spreker in sy geheue soek na die werkgewer se naam, brei hy uit op reeds gegewe informasie om die vertelling aan die gang te hou. 'n Stilte sou die gemeensame atmosfeer kon benadeel en daarom is die uitbreidende invoegings juis funksioneel omdat dit informasie-eenhede bind en vloeiendheid verseker.

Gesproke taal vertoon op dié wyse verskillende kenmerkende eienskappe wat soos volg uiteengesit kan word (vgl. Stubbs, 1984:16 - 17 en 35):

5.2.1 Regstelling na aanleiding van 'n verkeerde begin ("false starts"), bv:

312. Toe moes ons in '74 In '74 het ons mos gekom trek '74 weer hiernatoe geverplaas

Dit is 'n baie algemene verskynsel in die spreektaal. Die fokus word verplaas om doeltreffender kommunikasie te verseker. Volgens Ponelis (1979:540) is adjunkte, voorwerpe en kopula-predikate enkele voorbeelde van die verskeidenheid elemente wat die aanloop in 'n sin kan

vorm. Deur hierdie beginrelevering word elemente wat nie normaalweg in die aanvangsposisie in die sin sou voorkom nie, na voor verskuif en op so 'n wyse word tematiese prominensie daaraan verleen.

Du Plessis (1984:647) maak in sy ontleding van 'n Griekwaver-telling melding van die tendens dat die onderwerp van sinne in vertellings dikwels weggelaat word of tot na die werkwoord verskuif. In uiting 311 word hierdie vertel-strategie ook toegepas, bv. daar loop skaap opgepas en werk moet Pa maar net daar geleer het. Hierdeur verkry die handeling tematiese prominensie en dit is funksioneel omdat dit "die dramatiese karakter van die vertelling verhoog. Gebeure dra in die kommunikatiewe struktuur van die boodskap die hoogste kommunikatiewe dinamiek." In die tweede sin bo staan die voorwerp in die aanvangsposisie. Werk (om te werk) is 'n verkorte infinitiefsin wat deur voorplasing sterker nadruk verkry en daardeur die kommunikatiewe struktuur versterk. (Kyk ook by paragraaf 5.2.10.)

5.2.2 Herhaling

Soms kan twyfel die rede wees vir herhaling en onvoltooide sinne, bv.:

313. Toe is my pa terug. Ek weet nou nie daai jaargetalle - wanneer is dit nie - vrede is nie.

314. Die grootmense, my oupa en ouma het gevlug met Boeroorlog - he-eh - Duitoorlog - of so iets - het hulle gevlug daar.

Dit het dus die funksie van selfkontrolering (Van Jaarsveld, 1984:203).

Herhaling kan ook verband hou met beklemtoning ter wille van dramatiese effek (Ibid.):

315. Kyk, hulle't mos 'n vreeslike ruik - 'n sleg ruik wat'le het.

Soms lyk herhaling doelloos, soos in

316. Hulle's slim kinders dis natierlik die-die-die-die-die manier lat hulle soontoe - mar nie goed gedoen nie.

maar sy is onseker en dit is hierdie indirekte betekenis wat die herhaling oordra. Die teenstelling van 'n slim kind wat druipe, is ook 'n indirekte handeling wat sê: dis nie sy skuld as hy gedruip het nie.

Herhalings kan ook by implikasie 'n ongelukkigheid beklemtoon soos in:

317. Ek wil mos'ie hier wees 'ie. Ek vat ok 'ie rêrag, ek wil 'ie hier wees 'ie. Nee rêrag, ek wil'ie hier wees 'ie. Ek sê vir hulle elke dag: "Mense, ek wil'ie hier wees 'ie." Ekke - wil 'ie in my graf tot hier sit 'ie.

Herhaling kom ook baie in RA voor waar dit die funksie het om tydsverloop aan te dui, bv.:

318. Toe's dit nou so dat hy elke oggend, elke oggend, elke oggend (toemis gewees het).

Met ander woorde, vir 'n lang tydperk het die mis elke oggend dik gelê. Dieselfde beginsel geld ten opsigte van:

319. (Hulle gesels) eers ondermekaar, ondermekaar, ondermekaar.

Dit dui 'n lang proses van onderhandeling aan.

Die wyse waarop herhalings gebruik word om die gespreksdoel te bereik, verskil in hierdie opsig van SA, want hoewel

herhaling ook in SA moontlik 'n langdurige proses kan aandui soos in:

320. Hulle het gesoek en gesoek.

word die woorde wat herhaal word telkens met en verbind. In RA sou dit wees:

321. Hulle het gesoek-soek-soek-soek.

Die beginsel bly dieselfde, maar die wyse waarop dit toegepas word, verskil afhangende van wat die sosiale gespreksdoel beoog. Vergelyk ook Bylae IV:E hoe die herhaling van miskien 'n moontlikheid stel.

5.2.3 Ongrammatiese en halfklaar sinne is algemeen in vertellings wat hul loop geneem het, bv.:

322. Nou ja, toe is hier mos darem 'n ou werkie en ek is so agter dat ek nou ook nie kan die werk los oor 'n bouery nie. Ek moet maar net naweke... As Vrydag gekom het, dan moet ek maar my bouery aangaan.

Die woord naweke waarmee die een sin stop en Vrydag waarmee die volgende sin begin, is woorde wat binne dieselfde semantiese veld kan val, want as 'n mens sou sê:

Dank Vader dis Vrydag, sê jy by implikasie ook: ek is bly dit is naweek. Ofskoon sinne halfklaar stop, word die samehang behou deurdat die sinsinhoud wat volg, gewoonlik aangrensende betekenis het (vgl. ook Stubbs, 1984:28).

5.2.4 Soms oorvleuel sinne mekaar inhoudelik, soos in:

323. Aan die linkerkant, as jy nou opgaan, linkerkant, draai sommer hier kort uit Nou ja, maar hy's sommer hier, net so uit 'n knik uitry,

dan ry jy so 'n entjie, dan kan jy sien hier gaan hy uit aan die linkerkant

Dit kan moontlik die indirekte doel hê om te beklemtoon, maar in die voorbeeld bo, het dit die indirekte handelingsfunksie van onwilligheid om die kuiergaste te laat vertrek.

- 5.2.5 In 'n diskoerseenhed kan die spreker ook sy aanvanklike uitspraak deur heroriëntasie omstel sodat hy die gespreksdoelwit kan bereik, byvoorbeeld:

324. Kyk, dis nou so (Sy vertel van plekke wat die vraesteller nie reg kan plaas nie en dan reoriënteer sy haarself om deur middel van die bekende te verduidelik.) Ek sal maar vir Baas so sê: Soos hierdie plek nou-nou Tsourob soos hulle hom nou noem, is dit mos nou. Die dorp, sal ek maar sê, is mos nou Khorixas. So was Riemvasmaak ook by ons.

- 5.2.6 Die spreektaal kan onlogies wees, byvoorbeeld:

325. Ek werk, maar ek werk nie.

en dan is dit tog logies, want die aanvaarbaarheid van uitinge hang in 'n interaksionele situasie ten nouste saam met die retoriese funksie binne die gesprek en ook met faktore buite die sinstruktuur (Stubbs, 1984:3). Vergelyk in dié verband ook die uiting soos dit aangehaal word by 5.2.7. Dit kom daarop neer dat sy sê: ons moes almal kom, maar die wat wou bly, kon bly.

- 5.2.7 Ook vaagheid (vgl. Bylae IV:D) kan in baie gevalle die werklike doel van die gesprek verbloem soos in:

326. Hulle't nie gesê wie moet kom. Ons is almal davenaaf gelat loop, maar die feit is dit: die wat 'ie wou gegaan 'et 'ie, het gebly.

Sy beantwoord nie die vraag direk of logies nie en daardeur kommunikeer sy juis dit wat sy moontlik nie wil nie, naamlik: ons het hierdie swaarkry aan onself te danke.

5.2.8 In 'n geval waar twee sprekers gesels, kan die een oor die ander se kommentaar heen sy rede voltooi, byvoorbeeld:

327. V: Vertel van die Damara en die leeu.

R1: Nee, ek het ook maar gehoor, nie gesien nie, maar ek het darem die koerant gesien.

R2: Die kinders het vir jou gelieg!

R1: Die Damara het gelê, gelê, hy en sy vrou

Op hierdie wyse bly die vertelling steeds 'n samehangende geheel.

5.2.9 In vertellings verbind reekse eerder in aaneenskakelende klouse as met onderskikkende klouse. Vergelyk die los gekoördineerde klouskomplekse in die volgende uiting:

328. Die laaste slag wat 'le vir ons gesê het: "los hom!", toe's 'ie - toe's 'ie man so naby hom dat toe hy hier omgaan, toe kom staan kyk die leeu hom so. Die man het gesê: "O God!" Los hy ok als. Staat en kyk mekaar net so. Leeu staan en hier staan hy en die honne blaf diekant.

(Vergelyk ook met par. 5.2.1: Die handeling kry tematiese prominensie met die verskuiwing van die werkwoord of weglating van die onderwerp.)

In RA word die direkte rede baie frekwent in vertellings gebruik om onderskikkende klouse of selfs aaneenskakelende klouse uit te skakel, byvoorbeeld:

329. Toe't hy maar gesê - moet ek maar hierdie plaas vat.

"Hoe's die plaas se naam?"

"Driefontein."

"Waar lê hy?"

"Hy lê daar bo by die berge."

(Vergelyk ook Bylae IV:F.)

Sulke soort klouse, en veral die direkte rede, funksioneer as strategie om die luisteraar direk midde in die gebeure te plaas; om na aanleiding van bepaalde gebeure in die werklikheid, die luisteraar te oortuig van gebeure en gevoelens wat hy beleef het. Dit is 'n middel om mee te oortuig en te laat meelewe en op dié wyse die gespreksdoel te bereik, naamlik om die werklikheid te laat ervaar.

5.2.10 In RA is dit algemeen (maar dit is ook 'n kenmerk van alle spreektaal) dat argumente en hul predikate nie direk skakel nie. Die beginsel van die "NP constraint" (vgl. Hoofstuk III) word oortree, byvoorbeeld:

330. want hulle't 'n grootuierkoei van ons wat moet oor twee maande gekalwe het, in daai kraal (gevang).

331. my ouma bly nou op Khorixas nê, wat nou nog lewe.

In geskrewe vorm lyk die bostaande uitinge onsamehangend, maar 'n mens moet in gedagte hou dat dit gesproke taal is. Onnodige herhaling word ellipties weggelaat en dan skuif twee grammatiese strukture teenmekaar.

Eintlik lyk die volledige struktuur so:

330a. want hulle't 'n grootuierkoei van ons -
('n grootuierkoei) wat moet

331a. my ouma bly nou op Khorixas nê, (my ouma)
wat nou nog lewe.

Hierdie voorbeelde kan net beoordeel word in samehang met die klanklike weergawe en dan is dit duidelik dat pousering en intonasie bydraende faktore is om interpretatiewe samehang in hierdie gevalle te verseker.

Daarom is strukture soos hierdie juis effektief in 'n gesproke weergawe want die redundante aspekte word weggelaat - die luisteraar word nie daarmee verveel nie en op dié wyse vorm dit 'n effektiewe wyse om die bereiking van die gespreksdoel te verseker en tog samehang te behou.

5.2.11 Deiktiese modifieerders word eerder gebruik as spesifieke lidwoorde (Stubbs, 1984:21), byvoorbeeld:

332. Ek het nou hierso, nou Krismis, jys da my swaer
s'n hier gekom met sy bakkie.

333. Da gaat hierie - hieriegoed-mense word vanaand
- vandag word hier geslag.

334. Hierdie Khorixasgoed

335. Hieries (Damaras)

336. Toe sê ons: hier vertoef ons nie langer in daai
plek nie.

Baie tiperend van RA is die gebruik van hievenaaf om rigting vanuit die deiktiese sentrum aan te gee, (kyk ook by 7.6):

337. Ons het hom hievenaf gaan begrawe.

Op hierdie wyse word die vertelling in die hede geplaas; verkry die oordrag groter direktheid in dié opsig dat van 'n algemene gebruik vertel word asof dit 'n spesifieke gebeurtenis is (333); mense wat 120 km ver bly, deel word van die vertelling, terwyl hieries (335) 'n negatiewe konnotasie het en ook die indirekte betekenis van hierdie probleem wat ons het, oordra.

5.2.12 Linksgedislokaliseerde sintaktiese strukture waarin die onderwerp, selfstandige naamwoord of frase gevolg word deur 'n ko-referensiële voornaamwoord, kom baie dikwels voor in die spreektaal. Voorbeelde hiervan is:

338. die huis, dit was leeg

339. die hoofman, hy het gesê

340. De Rietgoed, hulle

Van hierdie tipe konstruksie sê Rademeyer (1938:84), dat dit aangewend word wanneer die spreker spesiale klem wil lê op die saak wat as't ware die uitgangspunt vorm van sy verhaal. Die fokus op die onderwerp word op dié wyse versterk.

5.2.13 Ook bo-segmentele kenmerke soos toon, toonhoogte, stemkwaliteit, hardheid, spoed en tydsverloop met betrekking tot ander uitinge, sowel as linguistiese kenmerke (soos die keuse van leksikale items en sintaktiese en morfologiese aspekte) kan ten opsigte van spreektaalkenmerke varieer om bepaalde gespreksdoelwitte te bereik. Wat die linguistiese variasiekenmerke betref, sal in par. 7.0 verder uitgebrei word.

5.2.14 'n Sosiale klas se spreektaal kan ook besondere kenmerke vertoon waar dit verband hou met status (a.g.v. rykdom, afkoms of opvoeding), beroep, ouderdom of geslag en telkens aangepas word om binne 'n bepaalde situasie besondere kenmerke te vertoon ten einde die gespreksdoel te bereik (Saville-Troike, 1922:20). Merkers wat aan 'n sosiale klas gekoppel kan word, het meer waarde aangesien sulke merkers taalpatrone binne die gemeenskap sterk beïnvloed.

Die volgende twee uitinge word deur dieselfde persoon gekommunikeer. Hy praat met twee persone wat albei in dieselfde geselskap teenwoordig is. In 341 en 342 praat hy met 'n professor en in 343 met 'n boer. In albei gevalle praat hy oor sake wat redelik ernstig van aard is, maar sy taalgebruik weerspieël twee stelle kenmerke. Vergelyk:

341. Ja, uit die aard van die saak, Professor, sou ek nou sê dat twee dinge wat nou in my tyd baie heilig was, was die gebruik van die huwelik en 'n begrafnis. En as jy nou enigsins probleme wou optel met 'n Riemvasmaker, dan moes jy nou inmeng in hulle gebruike van die huwelik, die begrafnisritueel en so aan.

Op 'n later stadium en in 'n informeler situasie waarin albei gespreksgenote steeds teenwoordig is, vertel hy vir dieselfde luisteraar:

342. Hulle, hulle is nou onse oomse hieries. Hulle't nou in die sending skoolgegaan en daar was nou oû priesters wat vir hulle skoolgehou het - daar uit Frankryk uit gekom het - vader Wolfgoed en ek weet nie

en dan vra hy aan die Riemvasmaker (boer) in die geselskap:

343. Watter taal het julle daai tyd geleer in die Bybel en die Hollands?

(onduidelike wedervraag)

Ja, kategismisse en Bybelse goed en so namiddae - waaroor die kategismes gaan, en so. Watter taal?

Hierdie wisseling in die spreker se kode hou verband met 'n wisseling in die sosiale omstandighede waarin die gesprek plaasvind (Du Plessis, 1983:52-54). Aanvanklik is die gesprek formeel (341) aangesien die gespreksgenoot 'n onbekende hoëklasspreker is en die spreker wil by die hoorder 'n sekere indruk skep. Gaandeweg raak die spreker gewoond aan die situasie en die wisseling in die sosiale omstandighede het die gevolg dat ook sy taalgebruik hierdie wisseling vertoon (342). Die spreker pas sy kode 'n derde keer aan as hy iemand uit sy eie kontrei aanspreek. Die gespreksgenoot het dus ook 'n invloed op die wisseling wat in die taal weerspieël word.

Alle sprekers is dus multidialektologies (vgl. die bespreking van standaardtaal in Hoofstuk I) en multistilisties en afhangende van die situasie, gespreksgenoot, die onderwerp en die veronderstelde taalkennis, word die taalhandeling aangepas om op 'n gegewe moment interaksioneel effektief te wees.

5.2.15 Ook die onderwerpskeuse kan deelname aan 'n gesprek beïnvloed. Riemvasmakers vertel eintlik nie ou stories in die dag nie en daarom kan die antwoord op 'n versoek om so 'n storie te vertel, 'n verskeidenheid reaksies uitlok wat bepaalde kulturele kenmerke in hul taal weerspieël. Vergelyk die volgende:

344. Die soort stories vertel jy nie in die dag nie.

345. sommer so van Jakkals en Wolfie en so aan. Hoe hulle die wêreld deurgegaan het en so aan, maar eintlik onthou ek meer niks.

Die weiering in 344 is 'n indirekte handeling omdat dit 'n geloof of sienswyse openbaar (vgl. ook Stubbs, 1984:4 ; Edmondson, 1981:140) en in 345 is en so aan merkers van 'n vermydingshandeling. Taalhandeling is dus multifunksioneel (vgl. Bell, 1976:217).

5.2.16 'n Handelingsgeoriënteerde stylverskil kan ten opsigte van ouer mense ter sake wees, want werkwoorddominering is kenmerkend van hulle styl (Saville-Troike, 1982:101). Jong mense pouseer ook langer as ouer sprekers en in formele taal is die tempo stadiger.

Op die band is hierdie kenmerke duidelik waarneembaar. Die werkwoorddominering in die onderstaande uiting is opvallend. Die verteller is 99 jaar oud.

346.

V Hoe was die trouery en die dans?

R Mar ons dans. Ons dans. En die trou word gehou soos-e- soos 'ie mense trou. Julle gan mos-e ... (lag). Julle gan mos sale toe en ons het mos 'ie in 'ie sale gedans 'ie. Nie gewoon 'ie. Ons bly by die hys en ons dans. Dit word gedans, man. Dit word gedans. Dit word gedans. (Nie soos hierie besigheid 'ie.) Dit word gedans. So dans ons ... As ons gebegin het, dan beginne ons. En as ons vanaand dans, dan dans ons tot annerdag. Dan moet die mieskante speel! Hooeee! En julle moet leer van Riemvasmaak af. Riemvasmaak se mense kan speel. Sowaar ok : oud en jonk. En die jongetjieskinders net so.

Soms lyk baie van die bogenoemde kenmerke oorbodig en verwarrend wanneer 'n mens dit op skrif sien, maar volgens Birdwhistell (1970:107) is "redundancy often ... an agent of reinforcement which serves ... to tie together stretches of discourse ... behaviour which appears merely repetitive at one level of analysis but always seems to be of special social and cultural significance at other levels".

Al hierdie skynbaar onnodige elemente in die gesproke diskoers is nodig om kommunikatiewe handeling te laat slaag. Sulke eksterne kenmerke het nie proposisionele inhoud nie, maar veral 'n performatiewe funksie. Hierdie aspekte sal later vollediger ten opsigte van RA bespreek word (vgl. ook Stubbs, 1984:68).

Volgens Edmondson (1981:81) kom dit daarop neer dat in "conversational behaviour, speakers employ strategies, based in large part on their interpretative ability to anticipate hearer's response and further make selected use of fumbles and other 'gambits' to lubricate the ongoing conversation, and directly or indirectly support their conversational purposes". Diskoers kan dus ook afhanklik wees van "foutiewe" reekse taal - en ook wat die volgorde van reekse aanbetref. In Bylae IV:D beduie die man die pad verkeerd, maar met 'n doel. Hy is onwillig om die besoekers te laat gaan en rek die verduideliking uit om daarmee te sê:

- moenie nou al ry nie;
- ons het so lekker gesels;
- julle is welkom hier.

5.2.17 In die gesproke taal kan 'n mens ook etniese merkers uitsonder as 'n kenmerk van 'n spesifieke groep se spreektaal. So sal Riemvasmakers se gesprekstyl verskil

van SA en moontlik in sommige opsigte ook van GA en ander variasies. Variante kan aangewend word om 'n besondere doelwit te bereik en op dié wyse sal nie die doelwit in die variasies op 'n verskil dui nie, maar die manier waarop die doel bereik is. Dit kom neer op 'n verskillende toepassing van sosiale doeltreffendhede in gespreksituasies, want die spreektaalkenmerke bly steeds dieselfde in alle variasies.

Hieronder word die funksies van morfologiese en sintaktiese veranderlikes ondersoek ten einde te kan bepaal in watter mate die strategieë in RA wisseling toon ten opsigte van SA en/of moontlik ander variasies van Afrikaans.

6.0 RA VANUIT 'N DISKOERSBENADERING

In Hoofstuk III is vaagweg verwys na die onderliggende betekenis wat soms in morfologiese en sintaktiese variasiestrukture van RA aanwesig is. Hoewel 'n mens redes kan verskaf vir die moontlike keuse van 'n struktuur, "there will never be proof that the way chosen is the right one" (Gray, 1977:230).

6.1 Morfologiese aspekte in RA

Morfologiese aspekte is in hierdie geval nie studie-objek op sigself nie. Hulle is die "operational units and patterns for signalling meanings and purposes during communication" (De Beaugrande en Dressler, 1981:33). Dit gaan dus nie om die "korrektheid" of variasievorm van 'n morfeem op sigself nje, maar of vorm in die situasie waarin dit gebruik is, wel geloofwaardig en relevant is vir die deelnemers se uitkyk met betrekking tot die situasie. 'n Hoëklasspreker se taal sal in formele situasies oor formele onderwerpe min of geen morfeemvariasie toon nie, maar in 'n informele situasie met laerklasgespreksgenote, kan variante vorme frekwent voorkom.

Ten opsigte van die doel en gebruiksbetekenis van morfologiese strukture in RA, sal net verkleinings en meervoudsvorme ondersoek word.

6.1.1 Verkleining:

In SA word die verkleinwoord gewoonlik gebruik om verkleining uit te druk, maar ook om affektief of pejoratief te verwys (vgl. Jenkinson, 1984:21). Verkleinings het hierdie selfde betekenisfunksies in GA en RA, maar die vorm van verkleining vertoon in RA (en GA) 'n variasiepatroon wat verband hou met 'n uitgebreider kommunikatiewe funksie soos in die volgende voorbeelde:

347. Ja, en dan bly daar so 'n degietjie ook oor wat ek maar oondkoekietjies maak vir 'ie kinders.

348. Met vleis kan jy ook insuur. 'n Rou stukketjie sit jy in lou water

349. Dis nou sommer so 'n stokketjie.
(waarmee hy heuning uithaal)

Die volgende twee informante vertel hoe hulle tuinmaak:

350. Maar ons het nou darie mielies afbreek en dan klein koppietjies en so aan, die kry ons mos nou ... Groentetjies het ons so vir ons sommer so 'n klein tyntjie vir ons gemaak, dan maak ons tamatetjies self.

351. want die son is te warm en die water kry nie geleentheid nie, want ons kan nie die goeters natmaak en ander se goeters dood nie. Dies wat nou nie traak 'ie se goeters sal af, maar ons wat dan nou bang is, maar praat, die loop maar en die wat bang is se goeters is af.

Volgens Rademeyer (1938:60) word tautologiese verkleiningsvorme in GA gebruik om die begrip van kleinheid beter te laat uitkom en sodoende groter effek te behaal. Uit die aangehaalde voorbeelde is dit egter duidelik dat effek nie die gespreksdoel was nie, maar eerder het die gebruik van die dubbele verkleining (350) 'n bepaalde positiewe gevoel of houding gekommunikeer, nl.: dit was lekker om tuin te maak langs die Oranjerivier (dit was die konteks waarin dit voorgekom het). In 351 word van tuinmaak in Damaraland gepraat. Geen verkleinings kom voor nie en goeters is 'n negatiewe term om in die betekenis van groente te funksioneer. Die twee uitings is in beide gevalle nie bloot gemik op die oordra van primêre inligting nie, maar het ook indirekte handeling daarin opgesluit en die verkleining of nie-verkleining is die strategie waardeur die onderliggende sosiale inligting gekommunikeer word.

Ook die teenstelling (vgl. ook Stubbs, 1984:4) waarmee 351 afsluit, is 'n strategie om onderliggende betekenis oor te dra. Sy sê by implikasie ook dat sommige mense wel tuinmaak en beter aanpas as syself.

Tautologiese verkleinings soos in 347, 348 en 349 het 'n positiewe konnotasie. Die informante hou van die dinge waarvan hulle vertel en hierdie houding word funksioneel gekommunikeer deur die gebruik van hierdie variante verkleiningsvorme. Dubbele verkleinings is die middel (die strategie) om die hou van-gevoel ten opsigte van die gespreksdoel te bereik. Interresantheidshalwe kan daarop gewys word dat daar 'n korrelasie is tussen die keuse van beroepe (vgl. Vraelys: Afdeling B) en uiting van die informant in 347. Hierdie informant sou, uit die gegewe beroepe, die graagste 'n skoenmaker wou wees - met ander woorde sy sou graag 'n praktiese beroep wou beoefen. In die lig hiervan is dit selfs nog waarskynliker dat broodbak vir haar 'n aangename werk is wat positiewe taal kan uitlok.

In 351 kies die informant 'n term wat veralgemeen en op diē wyse distansieer sy haar van die situasie, tyd en plek. Daarteenoor handel die informant in 350 presies teenoorgesteld. Sy noem spesifieke dinge en verwys na alles deur middel van dubbele verkleining (vgl. die sintaktiese uitleg hiervan in Hoofstuk III) en daarmee assosieer sy haar met 'n spesifieke plek, tyd en situasie.

Uit die voorafgaande bespreking van verkleinings is dit in 'n meer algemene sin duidelik dat daar in taalgebruik 'n samehang is wat betref die konteks, die wyse waarop deur die taal gehandel word en die onderwerp wat in 'n bepaalde situasie gestel word.

Tuinmaak is in twee kontekste beskryf, maar telkens is ander veranderlike merkers gebruik om die handelingsreël aan die gang te sit. Die struktuur van die uitings het basies dieselfde gebly, maar die wyse waarop die onderwerp in die kontekste gestel word, wissel as gevolg van menslike ervaring wat by sprekers verskillende sienswyses of houdings ten opsigte van hierdie kontekste laat ontwikkel het en hierdie houdings word deur die taalgebruik gekommunikeer.

Dit gaan dus nie bloot daaroor om grammatikale sinne te onderskei nie, maar om die doelmatigheid van die gespreksverloop te bepaal. Die doeltreffendheid van mededelings soos diē hierbo, hang nou saam in diē opsig dat die diepteverloop 'n samehangende geheel met die oppervlakte-aanbieding vorm (De Beaugrande en Dressler, 1981:34).

6.1.2 Meervoude:

Variante meervoudsvorming is in RA nie so 'n frekwente verskynsel as in GA nie, maar dit toon tog variasiekenmerke in vergelyking met SA. Ten opsigte van massanaamwoorde met meervoudsvorme in GA sê Du Plessis (1984:120)

dat die frekwensie daarvan ignoreerbaar laag is en hoogstens 'n curiositeitswaarde het (bv. koringse, twakke, waters). In RA is dit 'n uiters seldsame verskynsel sodat van so 'n variante vorm nie 'n algemene kommunikatiewe funksie afgelei kan word nie.

Ander hiperkorrekte meervoude, bv. maens en paens, soos dit na aanleiding van die kodevermoëtoets deur Rieme self geïdentifiseer is as vorme wat frekvent in die spreektaal voorkom, is hoogstens merkers van die informele spreektaal wat 'n solidariteitsfunksie kommunikeer.

6.2 Sintaktiese aspekte

In taalgebruik is die sintaktiese konstruksie die gevolg van 'n sintaktiese proses. Hierdie proses word medebepaal deur 'n verskeidenheid nie-sintaktiese en nie-linguistiese faktore, bv. funksionele sinsperspektiewe, persepsie, sosiale kennis, ensovoorts.

Dit kom daarop neer dat 'n bepaalde sintaktiese konstruksie ook kennis van nie-sintaktiese of nie-linguistiese faktore veronderstel ten einde die spreker se bedoeling met die uiting korrek te kan interpreteer. 'n Sintaktiese konstruksie is met ander woorde 'n manifestasie van verskeie nie-sintaktiese faktore.

Buite die konteks kan 'n sin verskillende betekeniswaardes hê, maar binne die situasionele konteks is slegs 'n bepaalde betekenis moontlik, bv.:

352. Hy speel met die tronk deur se sleutels.

353. Hy hardloop in die gras.

Buite die konteks het 352 en 353 vir enige SA spreker 'n bekende betekenis, maar binne die konteks van RA is die betekenis

van hierdie sinne nie slegs die som van die sintaktiese en semantiese oppervlaktebetekenis nie, maar nie-linguistiese en nie-sintaktiese kennis is ook noodsaaklik ten einde die konteksbetekenis te kan interpreteer.

In SA sou 352 "vertaal" kon word met: hy is een van die dae in die tronk en 353 beteken dat hy 'n weilisensie het om sy vee in die spergebied te laat wei.

Net soos morfeme 'n indirekte handelingsfunksie het, kan lekseme en sinne in die geheel, ook as indirekte handelinge gebruik word om sosiale betekenis te manipuleer (vgl. ook Stubbs, 1984:3). Die funksionele en strukturele aspekte korreleer en word gesamentlik betrek om die semantiese inhoud van 'n uiting te bepaal.

Daarom is dit moontlik nie sinvol om na woord- of sinsbetekenis te verwys nie, maar eerder na hul funksiebetekenis ten opsigte van die konteks as geheel.

In Hoofstuk III is enkele sintaktiese veranderlikes ten opsigte van die Riemvasmaakvariasie geïdentifiseer. Dit is 'n groep veranderlikes wat moontlike etniese kenmerke van die variasie kan weerspieël en daarom sal voorts na enkele sintaktiese veranderlikes verwys word ten einde hul funksionele benutting binne die variasie beter te omskryf.

6.2.1 Die goed-konstruksie:

Na aanleiding van die bespreking by verkleining, kan dit by implikasie voorkom asof die goed-konstruksie slegs funksioneel is in terme daarvan dat dit 'n negatiewe houding kommunikeer. Daar kan egter nie veralgemeen word om goed of goeters ten opsigte van alle gebruiksgeselle in terme van 'n negatiewe konnotasie te vertolk nie. Daar is 'n normatiewe patroon waarvolgens variante aangewend word, maar dit hou ook verband met die

intuïtiewe oordeel van die sprekers binne 'n bepaalde situasie. Sosiaal korrekte taal kan gevolglik nie altyd na aanleiding van een bepaalde gebruiksfunksie as reëlmaat beskou word nie. Die goed of goeters kan dus ook as strategie funksioneer om ander doelwitte te bereik (vgl. ook Labov, 1970:37).

In 'n uiting soos:

354. Maar die Duitsers se goed het hulle mos mak
gemaak.

word die se goed gebruik om die gesprek te laat vlot,
terwyl -dinges in die onderstaande uiting,

355. Hierdie Jakob Klimdinges (bly daar).

moontlik die indirekte handeling van vriendskapsafstand
ten doel het, aangesien die spreker en die persoon
na wie verwys is, in twee "wêrelde" leef. In 'n uiting
soos:

356. Dis die Dawidses, die dingese Friese,
Bezuidenhouts (wat daar bly).

kan dit wees dat dingese aangewend word om 'n solidari-
teitsgevoel te bereik, maar dit kan ook wees dat dit
bloot gebruik word om tyd te win sodat die name in
herinnering geroep kan word. Labov (1970:39) se uitspraak,
nl. dat "it is evident that the search for homo-
geneity in intuitive judgements is a failure", is
wel ook ten opsigte van die bogenoemde voorbeelde
van toepassing. Gedagtes word nie volgens reëls
geproduseer nie, maar "human discourse is something
highly structured and something highly unpredictable"
(Stubbs, 1984:87). Die enigste reël wat moontlik gestel
kan word, is dat die inhoud en situasie ook die styl
waarin gepraat word, kan beïnvloed.

6.2.2 Voorsetsels:

In RA word voorsetsels soms gebruik op plekke waar SA nie 'n voorsetse1 sou hê nie, of andersom. Dan het die gebruik of nie-gebruik die funksie om die geheel-betekenis te ondersteun. Vergelyk:

357. Hulle't later vir my tog jammer gekry.

of

358. Ek is nie 'n ding so bang as wat ek 'n olifant bang is nie.

In die geval van 357 is die ingevoegde vir 'n merker van sosiale en stilistiese stratifikasie (vgl. ook Labov, 1977:240-251). Dit het die funksie om dankbaarheid te kommunikeer.

Ten opsigte van 358 is vir in SA verplig saam met bang. Die weglating is funksioneel omdat dit die spreker se gevoel oor die gespreksonderwerp beklemtoon en op so 'n wyse dra die stylverskil by tot die betekenis en indirekte handeling wat die uiting se onderbou inhou. Vergelyk ook:

359. Ek hoor as hulle () my skinder.

Die weglating hou hier 'n ondertoon van spot in, want die spreker kan nie Nama/Damara praat nie en die uiting is in daardie konteks gebruik.

In gebruiksgevalle soos:

360. ons vervoer af die spoorweë ...

361. ons oes af die land ...

word die van weggelaat. Hierdie weglating is 'n etniese kenmerk en het 'n solidariteitsfunksie.

In die informele en alledaagse omgangstaal, kom die met saam-konstruksie ook baie frekwent voor. Dit tree vervangend op ten opsigte van 'n verskeidenheid voorsetsels van SA. Vergelyk:

362. Hy slaan met die sweep saam. (met)

363. Al met die rivier saam (met af/langs)

364. Met die droogte saam (tydens)

365. Met hom saam (saam met)

366. Sy is kwaad met hierdie man saam. (vir)

367. Dit herinner my nou met die ouman saam. (aan/
saam ... met)

'n Mens moet egter in gedagte hou dat voorsetselgebruik in RA (net soos in die ander Afrikaanse variasies) groot wisseling toon. Die reëls vir voorsetselgebruik kan daarom nie rigied toegepas word nie.

'n Poging om handelingsfunksies van die bogenoemde voorsetselgebruik te bepaal, kan daarom nie as algemene en onveranderlike reëls toegepas word nie.

Net soos die ander variante voorsetselgebruik, is ook met ... saam 'n stilistiese verskynsel. Dit is 'n merker van beweging. Selfs 366 het die indirekte betekenis van beweging of verloop van tyd. Die uiting is gebruik as kommentaar op 'n prent waar 'n man en vrou skynbaar rusie maak. Dit omvat 'n meer gespesifiseerde betekenis as wat die SA weergawe sou kommunikeer, want as jy net kwaad is vir iemand, hou dit nie noodwendig liggaamsbewegings in nie en dit was wat die prent by implikasie voorgestel het. Dieselfde geld vir 367. In SA sou dieselfde sin omgestel kan word tot:

367a. Dit herinner my aan die ouman.

367b. Dit herinner my aan (die tyd wat ek) saam met die ouman (deurgebring het).

Hierdie twee sinne het nie dieselfde semantiese waardes nie, terwyl 367 in terme van SA albei betekenis kan impliseer afhangende van die konteks waarin dit gebruik word. Dit kommunikeer dus ook soms nie-linguistiese kenmerke. Die eenvormiger sintaktiese struktuur, het by implikasie 'n komplekser betekeniswaarde wat kan wissel afhangende van die gespreksdoel wat beoog word.

Die vervanging, invoeging of weglating van voorsetsels ten opsigte van gebruiksgevalle waar dit in SA verpligte elemente is, is funksioneel omdat dit in RA aangewend word om sosiale en stilistiese stratifikasie uit te wys, maar ook om 'n indirekte handelingsfunksie te kommunikeer wat nou saamhang met die gespreksdoel in 'n bepaalde situasie.

6.2.3 Skakelwerkwoorde:

Volgens Du Plessis (1984:146) word kom en loop in GA gebruik om (in diskoerseenhede) "sinskleur uit te dra", of soos staan (Van Jaarsveld, 1984:64), word hierdie woord moontlik "by uitstek gebruik om sprekershouding uit te druk".

Net soos in GA word die skakelwerkwoorde kom en loop baie frekvent in RA gebruik (vgl. Hoofstuk III) en hierdie gebruik verskil op grootskaal van SA.

Afhangende van die konteks en die sprekershouding, wissel ook die indirekte betekenis (sinskleur) wat gekommunikeer word. Die gebruik van kom en loop het

'n stilistiese funksie wat verband hou met die situasie waarin hierdie skakelwerkwoorde aangewend word om die spreker se houding omtrent bepaalde sosiale omstandighede deur middel van taalgebruik te kommunikeer (vgl. ook Van der Riet, 1984:22).

In die onderstaande sinne is loop en kom gesprekstategieë om 'n indirekte handeling (die houding of gevoel van die spreker) te kommunikeer, bv.:

368. En die donkies loop en vrek wanneer hulle wil.
(frustasie)
369. Hulle moet so ver van ons af loop skoolgaan.
(misnoë)
370. Daar loop dingese ons. (onsekerheid)
371. Maar later so-by-so loop dood hulle.
(ontevredenheid)
372. Wat ons nou hier voor kom gegooi is. (ongelukkigheid)
373. Jy kan mos nie by hom (hoofman) kom verbygaan nie. (magteloosheid)
374. Elkeen het 'n verskillende iets kom gepraat.
(verwardheid)

Dit wil voorkom asof kom en loop as gesprekstategie uitdrukking gee aan soveel houdings of gevoelens as wat moontlik die gespreksdoel in 'n diskoerseenheid kan wees. Verder is hierdie twee skakelwerkwoorde ook merkers wat 'n sosiale funksie vervul in dié sin dat dit verband hou met groepsidentiteit. In informele gesprekke is die gebruik van loop en kom in vele kontekste so te sê 'n moet ten einde geslaagde kommunikasie moontlik te maak.

6.3 Die diskoerseenheid

Die studie van taal as 'n vorm van kommunikatiewe gedrag behoort die uitgangspunt van enige soort taalstudie te vorm. Daarmee hoef die formele taalstrukture as studie-objek nie ontken te word nie, maar funksie-omskrywing van taalgebruik behoort by 'n strukturele ontleding geïntegreer te word (Stubbs, 1984:17). Daarom sal voorts gepoog word om na aanleiding van die bogenoemde aanname, die strukturele vorm en die gebruiksfunksie van taalgebruik soos dit in groter diskoerseenhede van Riemvasmaak-afrikaans voorgekom het, gesamentlik te beskryf. Die ontleding sal daarop toegespits word om moontlike gesprekstrategieë uit te sonder wat die taalgebruik van die Riemvasmaakvariasie kenmerk. Om in enige taal of variasie suksesvol te kan kommunikeer, word van tiperende vorme gebruik gemaak om uitdrukking te gee aan gemoedelikheid of aan wantroue of om afstand te skep (Van Rensburg, 1984:xiii). Die verskillende houdings, gevoelens, gesindhede, sienswyses, gelowe of intensies word in 'n bepaalde taal of variasie deur die aanwending van bepaalde tegnieke aan 'n luisteraar gekommunikeer (Stubbs, 1984:4). Dit is hierdie wyses van kommunikatiewe handeling wat RA moontlik as verskillend van SA kan tipeer.

7.0 DISKOERSMERKERS

7.1 Wat hulle sê/wat ek sê

In die spreektaal word verskeie sintaktiese eenhede gebruik wat in die skryftaal weggelaat word. Sulke elemente is beperk tot gesproke diskoers en daarom kan dit bestempel word as diskoersmerkers. Stubbs (1984:70) meld in hierdie verband die opsionele gebruik van sinsbywoorde soos verderaan, ten slotte, eerstens; inleidende frases soos in die eerste plek; infinitiewe frases soos om mee af te sluit en klouse soos 'n mens kan byvoeg. Dit is weglaatbaar en daarom diskoersbeperk.

Die aangehaalde voorbeelde is eie aan SA, maar word baie selde in RA gebruik. 'n Voorbeeld van hierdie tipe uit RA

wat met die gebruik in SA ooreenkom, is:

375. uit die aard van die saak, Professor, sou ek sê

Dit het voorgekom in 'n formele gesprek en die spreker is die hoogste geskoolde informant wat ondervra is.

Uitings soos hierdie het die funksie dat "they make meta-references to the discourse itself, and indicate its structure to hearers or readers" (Ibid.). Vanuit 'n sintaktiese oogpunt is die struktuur nie duidelik te verklaar nie, want dit is aanvangsuiting waarna daar 'n pouse volg.

In RA word betreklike klouse gebruik wat 'n soort sinsbywoordelike funksie het, want dit is ook weglaatbaar. In die spreidingspatroon verskil hierdie klouse egter ten opsigte van die voorbeelde bo, want hulle kan aan die begin, in die middel of aan die einde van reekse optree, bv.:

376. Ons het kinders hierie kant : op Bergsig wat hulle noem.

377. Hierdie Namataal wat ek sê, wat ons hier praat

378. Hierdie dinges, Boomplaas wat hulle sê

379. V: Waar kry die Riemvasmakers hulle naam vandaan?

R: Volgens hulle gepraat het, sê hulle dit was Boesmans wat gevlug het. Toe het die oupa Dawid wat hulle sê, die Boesmans gevang en vasgemaak aan hulle wa om hulle mak te kry. Hulle was vyf en twee het weggehardloop en drie het hulle gevang. Hulle het die drie vasgemaak en later by die bokke gebring om vee oppas en bees melk. Toe noem hulle nou die plek Riemvasmaak oor hulle die Boesmans aan die wa vasgemaak het.

In die voorbeelde bo is die betreklike klouse eerder 'n soort randsin te oordeel aan hulle spreidingspatroon. Die struktuur is verskillend van sinsbywoorde in dié opsig dat dit 'n sin is en dat dit op verskillende plekke in die sin kan optree, maar die funksie kom ooreen met sinsbywoorde aangesien hulle weglaatbaar is, diskoersbeperk is en omdat hulle metareferensieel in die struktuur optree.

In 379 lei 'n voegwoord die uiting in, en die wat kan weggelaat word. Hierdie klous het dan dieselfde sintaktiese struktuurmoontlikhede as die sinsbywoord. Soos gewone betreklike bysinne in SA, kan hierdie betreklike sinne ook voor of na die antesedent staan waarop hulle betrekking het en is hulle op dié wyse nie uniek nie. Die verskil lê eerder daarin dat gewone betreklike bysinne soos dit in SA voorkom, te doen het met die inlywing van bykomende inligting, terwyl hierdie soort sinne van RA nie addisionele inligting meedeel nie, maar addisionele kommentaar lewer op dit wat reeds gesê is. Die funksie van hierdie sinne is dan om as merkers van solidariteit of etnisiteit 'n algemene betekenisinhoud (wat hulle sê) of 'n spesifieke betekenis (wat ek sê) te kommunikeer.

In voorbeelde soos:

380. Hierdie plek wat u tog vandag gepraat het: Nil Desperandum.

381. 'n Plek wat hulle sê: Concordia.

of selfs

382. Soos () ons nou sê: mission.

en soms ook

383. Maar daar was 'n belofte wat dit gesê was: as ons nou hier kom

is die wat-sin verpligtend. In 381 en 382 kan die uiting in SA omgestel word tot: wat hulle Concordia, ens. noem.

Uiting 380 kan moontlik omgestel word tot: Hierdie plek waarvan u vandag gepraat het: Nil Desperandum en 383 sou kon lui: maar daar was 'n belofte waarvolgens ons nou

In RA soos in GA word die betreklike wat baie meer verbreed gebruik as in SA (vgl. Hoofstuk III) en die wat tree in 'n verskeidenheid verbindings op om vervangend te funksioneer in die plek van soos, wat en soos, waarop, ens. Die wat is dus ook in hierdie laaste groep sinne bloot 'n sosiale merker wat doeltreffende taalgebruik in informele situasies simboliseer en die identiteit van die groep weerspieël (vgl. ook Trudgill, 1979:16). Die wat en sê kan moontlik 'n performatiewe funksie van gemeenskapheid hê.

7.2 Ja/Nee

Bywoorde is ook opsionele momente in die klous, maar baie algemeen in die spreektaal. Bywoorde soos ja en nee het grootliks te doen met die "organization of connected discourse, and with the interpretation of functional categories of speech acts" (Stubbs, 1984:77). In hierdie ondersoek word slegs die diskoersfunksies van ja en nee van nader bekyk. Vergelyk:

384. V: Sal die naamgeetradisie van vroeër in Damaraland in gebruik bly?

R: Ja, ja-ja, nee, dit is nou ongelukkig so Professor dat hierdie - eh - kom trek hierso van die mense het nou die mense hêêêltemal 'n bietjie uitmekaar verskuif, nê, sodat Oupa diëëkant bly en Ouma diëëkant en so an. Ek - ek-ek dink dit skep nogal 'n probleem

385. Ja kyk, in ons tradisie was dit dat die eerste kind wat gewoonlik - ja, die eerste kind word by Oupa-hulle gelaat enne eh word jy ook daar gedoop.

386. R: Hulle (sy kinders) leef nog almal, maar hulle is nou onnerwysters. Daar is wat ek nou ... Enne, die droëpram gaan hier onner skool.

V: Is dit?

R: Ja, droëpram wat ek gevang het, self, met my hanne.

V: Is dit?

R: Ja, rêrag ok. Nee, ek het hom rêrag Ek het hom sy nael gesny.

In 384 word die ja gebruik om die taalhandeling van versoek te verbind met die antwoord wat gaan volg. Dit is nie 'n bevestiging as antwoord op die vraag nie. Dit is bloot 'n skakel tussen die versoek en die antwoord wat later kom. Die ja-ja het die betekenis van: ek verstaan wat u bedoel en nee is ook nie 'n direkte ontkenningshandeling nie, maar eerder 'n verbindingslement wat die handeling van versoek met die antwoord van twyfel verbind. Op dié wyse word hiërargiese reekse van diskoershandeling verbind tot 'n samehangende geheel. Die ja kyk waarmee die uiting in 385 begin, word gebruik om as aanvangselement die diskoers te hervat en die geheel te laat saamhang (vgl. par. 5.0). Die ja wat volg, het 'n herstellingsfunksie van 'n stopwoord, want direk daarna word die semantiese inhoud feitlik volledig herhaal. In 386 word 'n reeks "leë" elemente ingeryg: Ja, rêrag ok, nee en dan weer rêrag. Die spreker wil oortuig met die herhaling van rêrag, maar kan nie hierdie uitings direk na mekaar herhaal nie en die nee bind die sintaktiese eenhede tot 'n geheel.

7.3 Toe (toe't of toet) / maar / en

Ander bindingsmiddele is voegwoorde. Hulle is baie maal "a simple token of courtesy to help make reception of a text efficient. They can assist the text producer during the organization and presentation of a textual world" (De Beaugrande en Dressler, 1981:75).

By Riemvasmakers word veral toe, maar en en/enne in hierdie funksie gebruik.

387. Ons het 'n verskriklike noue ontkoming in darie gat gehad. Toe't ons gesê ons kan nie daar bestaan nie. Toe't 'le 'n paar van onse manne gevat en moet hulle so rondgery om vir ons 'n plekkie te kry. Toe't 'le vir ons hierie plekkie gekom kry dat ons nou nog hier sit.

388. Maar kyk, onse voorouers se grootjies, moet ek sê, het hievenaaf met die oorlog, Riemvasmaak toe gevlug. Maar jy sal maar altyd hoor

389. Maar wat, die tyd was darem so gewees lat ons tog klaargekom het.

390. Dan moes jy gesê het: maar ek is Dawid wat by Dawids werk, nê. En-en-en so het die ding later nie meer Dawid van Dawids geword nie, maar Dawid Dawids (). En so aan. Ja, en-en-en-en dié moes ook 'n ander van oorspronklik gehad het, die oukêrel, enne ook maar soos die beweging in daardie tyd was

Hierdie tegniek is nie vreemd aan ander variasies nie.

Die toe't en toet is saamgetrokke vorme. Albei vorme word dikwels in RA gebruik. Du Plessis (1984:173) onderskei in die Griekwaverslag toe't en toet as verskillende sintaktiese strukture, maar dit is wesenlik dieselfde struktuur. Vergelyk:

391. Toet ek hier nuut kom, was dit so.

392. Toet ek hier in die halfnag sien, sien ek die oumens slaap.

393. Toet ek klaar skoongemaak het, toe't hy die (ding gebring).

Sin 393 bevat albei tipes: toet en toe't. Die sin sou in SA soos volg omgestel kan word:

393a. Toe ek klaar skoongemaak het, toe het hy die ding gebring.

Die toe't is so 'n algemene vertelstrategie dat toe ... het na die analogie daarvan posisioneel saamgetrek word (toet) om samehang in 'n verteltrant te bewerkstellig. Dit is 'n verbindings-element wat in alle vertellings gebruik word om vloeiendheid van die vertelling te verseker.

Twee verspreidingspatrone van toe en het (toe het en toe ... het) word saamgetrek tot een (toet), met dieselfde handelingsfunksie.

7.4 Dit en dat / wat en wat / hoe

Om 'n bepaalde sin se betekeniswaarde te kan interpreteer, is dit soms noodsaaklik om die voorafgaande en daaropvolgende uitinge daarmee in verband te bring. Betekenisoordrag kan 'n sosiale handeling wees en so 'n handeling word beperk deur die sosiale struktuur, met ander woorde: "A person is what he means" (Halliday, 1979:160). Op hierdie wyse weerspieël die onderstaande voorbeelde so 'n sosiale struktuur:

394. Nou ja, da-da sê ... kom dit miskien ... dan word dit gesê ja ... mōre-oormōre da sien julle ... die kind nou nie meer kans om my dogter te dit en dat nie. Nou ja nou los hy of hy ja hom huis toe en dit is 'ie dinge wat darie kind nie ken nie. Hy ken niks. Hy ken niks. Hy kan eens nie vir my wat en wat doen nie. So word gesê. Maar wat, jy hou aan.

Die taalgebruik weerspieël in hierdie geval 'n hele langdurige tradisionele gebeure waarin tyd nie 'n faktor is nie. Gewoonlik word die trouseremonie, soos dit hier beskryf word, voorafgegaan deur 'n lang tydperk van onderhandeling (enigiets tussen 'n

week en nege jaar!) en taal "is only one of the ways in which people represent the meanings that are inherent in the social system" (Halliday, 1979:162).

Die gebruik van dit en dat en wat en wat hierbo is geskikte taalgebruik binne die konteks, nie omdat dit 'n ander betekenis oordra as wat 'n SA vorm moontlik sou doen nie, maar juis omdat dit op 'n ander wyse funksioneer om taal, kennis en situasie stilisties te merk. Die infinitiefsin, om te dit en ook om te dat is onbepaalde spesifieke verwysings met deiktiese eienskappe. Hy verwys onbepaald en lei die spreker om 'n bepaalde/spesifieke interpretasie te maak.

Sosiale kennis word ook veronderstel op grond van talle ander taalgebruiksvorme in die uiting, bv. deur middel van herhalings, die wisseling van geslagstoepassing by die derdepersoonsvoornaamwoord, uitspraak, ens., maar ook deur middel van die gebruik van wat en wat. In hierdie konteks slaan wat op die betekenisinhoud van niks. Hoewel dit en dat ook op hierdie plek in die sinsverband sou kon inpas, is wat 'n anaforiese verwysing met 'n sterker onbepaalde funksie.

In watter mate die herhaling van dit, dat en wat 'n verskeidenheid van handeling in die praktyk simboliseer, is die gebruik van hierdie lekseme moontlik die beste te illustreer aan die hand van die volgende:

395. en met dié saam probeer ons maar dit-en-dat-en-dit-en-dat-en-dit.

396. Lyk jy of ek kan wat of wat of hoe?

In 395 sê die spreker: en met die riete probeer ons maar met die loop van tyd verskillende dinge doen, maar binne die situasionele konteks sê hy ook: ek is 'n Riemvasmaker en ek het baie tyd. Taal is met ander woorde, in hierdie geval, die tussenganger tussen die natuurlike omgewing en die sosiale omgewing (Halliday, 1979:162). Dit het die gespreks-

funksie om binne die natuurlike omgewing die sosiale aard van die spreker te weerspieël.

Die uiting in 396 is na aanleiding van die prent van die meisie en die man (Bylae I) gebesig. Dit het die betekeniswaarde van: lyk jy of ek vir jou kan lief word? Die man lyk verslons en met die variante uiting word sosiale kommentaar gelewer op die slordige voorkoms van die man. Die Riemvasmakers is netjiese mense en hierdie uiting kommunikeer die afkeur wat die spreker aan so 'n voorkoms het.

Vergelyk ook die volgende retoriese vrae:

397. Om te wat?

398. Die mense het probleme, maar hoe dan nou? Hulle moet die kinders nou gelerentheid gee.

399. Om te wat - hoe en wat?

Die bostaande vrae is kleuradjunkte in retoriese vraagvorm (vgl. Ponelis, 1979:295). Parafrases van hierdie vrae sou neerkom op ontkeningsvorme soos:

397a. Hy/ons weet nie wat om te doen nie.

398a. Die mense het probleme, maar weet nie hoe om dit op te los nie.

399a. (Ons) weet nie wat om te doen nie - hoe om dit te doen nie en wat om te doen nie.

Die wat of hoe vervul in hierdie verband dieselfde funksie as versterkers of versagters soos bv. glad nie, hoegenaamd nie, eintlik nie (vgl. Ponelis, 1979:296). Die gereduseerde inlyfsin "kleur" die uiting om die funksie van aanvaarding (398a) van die situasie, as doelwitbetekenis van die gesprek te kommunikeer.

7.5 Ontkenningsvorme

In SA kan ontkenningsvorme gebruik word om 'n verskeidenheid semantiese funksies uit te druk. Hierop sal nie breedvoerig uitgebrei word nie, maar in kort kom dit daarop neer dat ontkenningsvorme soms 'n affektiewe funksie kan hê (Ponelis, 1979:368).

Die ontkenningsvorm het in SA gewoonlik 'n dubbele ontkenningstruktuur, nl. nie nie waarin twee ontkenningswoorde voorkom of 'n negatief-geassosieerde vorm kan in die dubbele ontkenning saam met die eind-nie gebruik word, bv.:

400. Sy is nie tevrede nie .

of

401. Sy is nêrens tevrede nie .

In die standaardtaal kan negatiewe adjunkte soos negatiewe bywoord (nooit, nêrens), graadwoorde (niks), ontkenningsadjunkte (geensins) of negatiewe vorme in die substantiefstuk (niemand, geeneen, geen) in die plek van die eerste nie optree.

Dit kom daarop neer dat wanneer 'n negatiewe adjunk in die ontkenningstruktuur voorkom, dit in die plek van die eerste nie inskuif en nie bloot addisioneel bygevoeg word nie. Die sinstruktuur word dus aangepas om die ontkenningsadjunkte te akkommodeer. Daarom sal 'n sin soos hy sal nie kom nie met die invoeging van die ontkenningsadjunk nie soos volg kan versterk word nie: * hy sal (glad nie) nie kom nie.

In RA is dit wel moontlik, dat ontkenningsadjunkte soos nooit, slegs in die basissin ingevoeg word, bv.:

402. Ek weet nooit nie wat het aangegaan nie.

403. kan hulle nooit nie vir ons daar toelaat nie.

Die ontkeningsadjunk vervang nie die eerste nie nie, maar word slegs ingevoeg en op dié wyse ontstaan 'n sinstruktuur met driedubbele ontkenning.

Hierdie wisseling kan moontlik aan die invloed van Nama toegeskryf word. In Nama bly die onderliggende sin ongeaffekteerd wanneer 'n negatiewe adjunk ingevoeg word (persoonlike mededeling deur W. Haacke : Departementshoof Afrikatale by die Akademie). Vergelyk:

404. Positiewe sin:

Īb	ge	()	nī	hā
-	hy			pos. toekoms	kom
-	Hy	sal	kom		

405. Negatiewe sin:

a) Neutrale ontkenning:

Īb	ge	()	hā	tide
-	Hy			kom	neg. toekoms
-	Hy	sal	nie	kom	nie

b) Versterkte ontkenning:

Īb	ge	tātsē		hā	tide
-	Hy	nooit geen dag		kom	neg. toekoms
-	Hy	sal	nooit kom	nie	
-	Hy	sal	glad nie kom	nie	

c) Baie sterk benadrukte ontkenning:

Ib	ge	(tātsēs tsīna)	go	<u>hā tama hāi</u>
-	hy	het geen + dag + ook	vl. tyd	neg. hlpw.groep
-	Hy	het hoegenaamd nie ooit	gekom	nie
-	Hy	het glad nie nie	gekom	nie

Ten opsigte van hierdie struktuur maak Riemvasmakers moontlik van 'n Nama-inlywingspatroon gebruik om in Afrikaans 'n sterker handelingsfunksie in die gespreksdoel te bereik.

In RA kom dus drie ontkenningstipes voor:

* gewone en neutrale ontkenning (met die dubbele nie soos in SA), bv.:

406. Ons weet nie wat om te doen nie;

* versterkte ontkenning (met kleuroperateurs soos in SA), bv.:

407. Ons weet hoegenaamd nie wat om te doen nie; en

* funksionele affektiewe ontkenning wat negatiewe vorme (soos nooit) en twee ontkenningsvorme bevat, bv.:

408. Hulle kan ons nooit nie daar toelaat nie.

In SA kan wel ander versterkers saam met die aanvangs-nie optree, maar nie ander negatiewe adjunkte nie.

Die ontkenningsvorm in 408 ontken die saak dus nog sterker as wat nie en 'n kleuroperateur dit sou doen. Binne die diskoers-geheel is dit uit die konteks ook duidelik dat die nooit + nie + nie 'n funksionele gebruik van ontkenning is om die handeling van magteloosheid of verontwaardiging te kommunikeer. Hierdie gebruik van ontkenningsvorme verskil van SA - struktureel en funksioneel.

7.6 Deiktiese aspekte:

Ten opsigte van vertellings onderskei Du Plessis (1984:643) twee deiktiese sentrums: die vertelde deiktiese sentrum en die werklike deiktiese sentrum. Die deiktiese sentrum dui op die sprekersposisie - met ander woorde: die plek waar die spreker is, was of sal wees op die tyd waarna 'n uiting

verwys (Combrink, 1981:93). By implikasie kan 'n spreker dus enige tyd of ruimte tot die deiktiese sentrum verklaar: die vertelde deiktiese sentrum of die werklike deiktiese sentrum.

In Afrikaans word die werklike deiktiese sentrum gewoonlik met ek en hier gestig en nou is die vernaamste woord vir die temporele deiktiese sentrum. Deur middel van voornaamwoorde, bywoorde, werkwoordtye (vgl. Du Plessis, 1984:643-644) of werkwoorde soos neem, bring, stuur, gaan en kom word 'n uiting aan 'n buitetalige werklikheid veranker (Combrink, 1981:91) en gevolglik kan die deiktiese sentrum wat die spreker bedoel, 'n invloed hê op die spreker se keuse van linguistiese prosesse.

In die Riemvasmaakvariasie kom hievenaaf, gaan en hienatoe kom baie frekwent voor en dit dui beweging na of vanuit die deiktiese sentrum aan, bv.:

409. Ons het hom hievenaaf gaan begrawe.

410. Wat het julle gesoek () hienatoe?

Indien die bogenoemde voorbeelde met die betekenis-elemente van kom en gaan (Combrink, 1981:99) in SA vergelyk word, verskil die betekeniswaarde en handelingsfunksie van hierdie uitings van die gebruik in SA.

In die standaardtaal sou die bostaande sinne (409 en 410) moontlik omgestel kan word tot:

409a. Ons het hom daar gaan begrawe.

of

409b. Ons het hiervandaan gegaan om hom daar te (gaan) begrawe.

Ook 410 kan in SA twee interpretasiemoontlikhede stel:

410a. Wat het julle hier kom soek?

of

410b. Wat het julle hierheen gebring? Om wat te kom soek?

Indien sinne 409 en 410 met hulle SA teenhangers vergelyk word, is dit duidelik dat 409b en 410b die volle betekenisimplikasies van 409 en 410 omvat. Twee SA sinne word gereduseer tot 'n enkelvoudige sin in RA. Dit is 'n sintaktiese vereenvoudiging wat 'n kompleksere semantiese funksie veronderstel: die werklike en vertelde deiktiese sentrums skuif as't ware oormekaar sodat hienatoe kom en hievenaaf gaan 'n ander handelingsfunksie kommunikeer as wat die geval in SA is.

Wanneer na die deiktiese sentrum toe beweeg word soos bv. met kom, hou bewegingswerkwoorde in SA gewoonlik 'n betekeniswaarde van positiewe evaluering in. Dit weerspieël die betrokkenheid van die spreker (Combrink, 1981:99). Beweging uit die deiktiese sentrum uit hou darenteën die betekeniswaarde van 'n onbetrokke gevoel in en 'n nie-positiewe evaluering van die spreker.

Vir Riemvasmakers is die bywoning van 'n begrafnis baie belangrik. Met die keuse van 'n struktuur soos hievenaaf gaan, word die twee deiktiese sentrums - die sentrum wat was en die sentrum wat is - as't ware gesamentlik aangebied. Die hievenaaf stel die werklike ruimtelike deiktiese sentrum en gaan dui beweging uit hierdie deiktiese sentrum aan. In SA sou slegs van die vertelde deiktiese sentrum sprake wees met daar gaan begrawe, want die kern van die handeling val telkens binne een sin en hiervandaan is deel van 'n ander sin wat die werklike deiktiese sentrum stel.

By implikasie is hievenaaf gaan dan juis 'n positiewe bewegingsstruktuur wat 'n gewenste toestand van verandering aandui. Dit spreek verder van positiewe evaluering en betrokkenheid van die spreker by die situasie.

In 410 vind die omgekeerde handeling plaas. Die Riemvasmakers vertrou nie sommer vreemdelinge nie. Die keuse van 'n struktuur soos hienatoe (kom) ... soek, is dan juis 'n nie-positiewe evaluering van die situasie. Die bewegingsstruktuur dui 'n

ongewenste toestand van verandering aan en spreek van 'n onbetrokkendheid en nie-positiewe evaluering van die situasie. Dit het die handelingsfunksie om afstand te skep en indirek hul wantroue teenoor die besoekers uit te spreek.

Weer eens val hierheen gebring en kom soek in die SA sinne, in twee aparte sinseenhede, terwyl die hienatoe kom in RA in 'n enkele sinseenheid aangebied word. Die beweging word andersom aangebied, want hiernatoe kom dui beweging na die werklike deiktiese sentrum aan met kom soek (wat) hienatoe.

Sodra hievenaaf en hienatoe in RA saam met gaan en kom gebruik word, om beweging na of vanuit die deiktiese sentrum aan te dui, het hierdie deiktiese bewegingswerkwoorde in RA dus 'n handelingsfunksie wat verskillend van SA is. Wat Combrink (1981:98) bevind het van kom en gaan in SA, is gedeeltelik van toepassing op RA want hievenaaf gaan het 'n sosiale handelingsfunksie van solidariteit en simpatie en hienatoe kom kommunikeer 'n objektiwiteit, 'n gedistansieerdheid en 'n nie-solidariteit. Hierdie deiktiese bewegingswerkwoorde het betrekking op die hier en die nou van Riemvasmakers.

7.7 Saamgetrokke vorme: dies / hieries / partys

In RA kom die gebruik van saamgetrokke vorme soos dies, hieries en partys baie algemeen voor. Maar hieries en selfs dies word in SA ook frekwent gebruik. Dies word in SA referensieel anafories gebruik in die plek van hulle, en hieries is 'n voornaamwoord in selfstandige gebruik. Dies en hieries is dan voornaamwoorde soos dit ook blyk uit die volgende RA voorbeelde (Ponelis, 1979:91):

411. Dies wat nie wou gegaan het nie, het gebly.

412. Hieries en ons verstaan nie met die taal mekaar nie.

Hierdie twee sinne sou ook omgestel kon word tot:

411a. Die mense wat nie wou gegaan het nie, dié het gebly
(vgl. Ponelis, 1979:93).

412a. Die mense en ons, dié verstaan nie met die taal mekaar
nie .

In hierdie omstellings (411a en 412a) het die dié die funksie van temaverswaring deurdat die aangehaakte sin na die gerele-
veerde stuk terugverwys.

Die Riemvasmakers gebruik die proses omgekeerd juis as die onderwerp vir hulle onbelangrik is. Die spesifieke aanwysende funksie van dié en die spesifieke onderwerp die mense word weggelaat om sodoende met 'n voornaamwoord, nie-spesifiek of vaagweg te verwys na die onderwerp wat onbelangrik is. Die gebruik van dies en hieries het in RA die funksie om afstand te skep. Uit die konteks van die bostaande sinne (411 en 412) is die strategie selfs eerder gebruik om afkeur te kenne te gee deur middel van 'n implisiete betekenis soos die volgende:

411b. Die mense wat nie Damaraland toe gekom het nie, het
nie aan die reëls gehou nie en nou kry ons wat die
reëls gehoorsaam het, swaar.

412b. Hierdie Damarataal verstaan ons nie, en as gevolg
daarvan sal ons ook nie hierdie mense kan verstaan
nie.
Onversoenbaarheid word gekommunikeer.

Dieselfde beginsel word toegepas in die tipiese gebruik van partys soos dit gebruik word in:

413. Partys vat hierdie droëgis

of

414. Ons kom so klaar: partys goed, partys 'ie.

In SA kan die sinne (413 en 414) met 'n aangehaakte sin so lyk:

413a. Party mense vat die droëgis, party mense, dié doen dit.

414a. Ons kom maar so klaar met party mense, met dié kom ons goed klaar, met ander mense, met dié kom ons nie klaar nie.

Die gebruik van partys plaas dan swakker fokus op die onderwerp (soos ook met die gebruik van dies en hieries) om in bepaalde situasies as selfstandige onderwerpe 'n sosiale funksie van afstand of afkeur te kommunikeer.

In Bylae IV:F is 'n verhaal gegee waarvan die tweede paragraaf begin met:

415. Dit loop vanmôre veld toe.

Ponelis (1979:73) noem hierdie dit " 'n swaar geaksentueerde dit" wat direkte appél maak op die situasie en daarom spesifiseer hy dit as handelingsgesentreerd.

Hoewel dies, hieries en partys nie 'n deiktiese funksie vervul nie, is dit vereenvoudigde sintaktiese vorme met die doel om die fokus te verswak en daarom 'n komplekser handelingsfunksie te stel as wat in SA moontlik die geval is. Hierdie woorde is in hulle gebruik en met betrekking tot die konteks ook handelingsgesentreerd in RA.

8.0 LEKSIKON

Kommunikasie kan slaag of misluk afhangende van wat ten opsigte van 'n bepaalde gespreksituasie geskikte of minder geskikte woordkeuse sou wees.

Indien Riemvasmakers in 'n gesprek dan 'n sosiale solidariteitsfunksie as gespreksdoel sou beoog, kan dit ook net gepas wees dat sulke taalgebruik, variante lekseme as diskoersmerkers sal insluit. Enkele voorbeelde van sulke merkers is:

416. dan word die hele tee gekondem

417. hulle gebłom ook vir geheel nie

418. dan lewe ons hoëkop

419. ons gooi opmekaar (sit geld bymekaar)

420. dit moet 'n bekwame man wees (sterk)

421. en die onbekwaamheid (armoede) is ook so dat jy eintlik nie kan Krismis hou nie

422. toe lê die ding peul darem (daar lê baie peule)

423. hulle het op anderdinges/anderding/anderdinge gebly

424. die oom is so handvas met sy goed (suinig)

Daar is nog heelwat van hierdie woorde wat so 'n solidariteitsfunksie vervul.

9.0 SLOT

Diskoers het te make met die funksie van taal in gebruik. Volgens Stubbs (1984:17) is die "functions of language (to) provide the primary dimension for characterizing and organising communicative processes and products in society; without understanding why a language is being used as it is". Implisiet het taalgebruik die funksie om interpretasie van uitings in 'n bepaalde rigting te manipuleer. Die spreker is moontlik nie eers altyd self bewus van hoe hy dit doen nie, maar die sosiale omgewing waaruit hy praat, laat hom in bepaalde situasies, 'n bepaalde soort taal gebruik.

Die wyse waarop taal gebruik word om 'n onderliggende handelingsfunksie te kommunikeer of te manipuleer, sal wissel soos wat die sosiale omgewing wissel. Verskillende variasievorme van 'n taal sal dus by implikasie ook verskillende wyses van gebruik impliseer, want dialektiese variasie simboliseer ook 'n verskeidenheid in die sosiale kennis (vgl. Halliday, 1979:191).

Taalgebruik is manipulasie en die mens is die betekenis wat hy kommunikeer. Die interpretasie wat 'n hoorder aan uitinge heg, hou verband met sy sosiale kennis. 'n Spreker kan die aangesprokene onbewustelik deur sy taalgebruik beïnvloed sodat hy oortuig raak van 'n bepaalde houding of sienswyse en op so 'n wyse is oortuiging die gevolg van interaksie deur middel van geskikte taalgebruik.

Teen hierdie agtergrond is die Riemvasmakers se Afrikaans bespreek.

H O O F S T U K V

S I N O P S I S

Die Riemvasmakers is 'n Afrikaanse gemeenskap wat uit verskeie bevolkingsgroepe ontstaan het. Hulle het vroeër in 'n reservaat langs die Oranjerivier gewoon en is in 1973/74 in Damaraland in Suidwes-Afrika/Namibië hervestig. Hulle ontstaansgeskiedenis toon verband met die vestigingsgeskiedenis van Oorlamsgroepe aan die Oranjerivier en in Suidwes-Afrika/Namibië. Gedurende die Oorlamsoorloë wat na 1830 die hele verspreidingsstruktuur van inheemse volke in Suidwes-Afrika/Namibië beïnvloed het, het heelwat Damara- en Herero-inwoners uit SWA/Namibië gevlug en hulle buite die grense gaan vestig. Hierdie vlugtelinge en ander herbergloses uit die omgewing, het later in die Riemvasmaakreservaat saamgetrek, ondertrou en so het 'n nuwe kulturele eenheid ontwikkel - die Riemvasmakers.

Omdat (Afrikaanssprekende) Oorlams uit die omgewing ook by die groep ingeskakel het en omdat die leefwyse 'n hegte verbondenheid met die plaaslike Blankes laat ontwikkel het, het Afrikaans die huis- en eerste taal van die groep geword. Hulle praat ook 'n gebroke Nama-variasie, maar dit is nie die huistaal of die onderlinge omgangstaal binne die gemeenskap nie.

Die taalondersoek met betrekking tot die Afrikaans van die Riemvasmakers, is gedoen aan die hand van 'n vraelys en met behulp van bandopnames. Hierdie vraelys is ontwerp om geskikte opnames van geskoolde sowel as ongeskoolde informante te verkry. Die doel met die opnames was deurgaans toegespits op die verkryging van spontane taalgebruik wat geskik sou wees om morfologiese, sintaktiese en diskoersverskynsels te ondersoek. In 'n kodevermoëtoets kon die variasietaalgebruikers hulle uitspreek oor hulle eie taalgebruik en hierdie uitsprake is gekorreleer met taalinligting wat die navorser uit die bandopnames verkry het.

'n Multidialektologiese benadering is gevolg en op die wyse is die Riemvasmakers se Afrikaans in verband gebring met die Afrikaans van die Griekwas en die omgangstaal van blanke Afrikaanssprekendes. Daaruit het dit

geblyk dat die Riemvasmakers en die Griekwas se variasies baie raakpunte in die sintaksis en morfologie het. Riemvasmakers se Afrikaans weerspieël egter tog 'n individualisme. Dit kom in meer opsigte met die standaardtaal ooreen as GA.

In hierdie studie is die navorsing toegespits op die interne linguistiese struktuur van die sintaktiese en morfologiese aspekte van die variasie, maar daar is ook gewys op die funksionele gebruikspatrone in die taal van Riemvasmakers. Algemeenhede is in die struktuur beoordeel in terme van hul algemene funksie binne 'n bepaalde gebruikssituasie. Die sintaksis en morfologie is nie slegs in waterdigte kompartemente beoordeel nie, maar taalgebruik is ook in diskoerseenhede groter as die sin ondersoek.

Die studie van eenhede bo die struktuur van die sin, het uitgewys dat taalgebruik in die eerste plek funksioneer om die interpretasie van 'n bepaalde uiting in 'n bepaalde rigting te manipuleer. Hierdie handelingsfunksie hou weer verband met verskeie sosiale en kulturele faktore. Dit kom daarop neer dat die gebruik van verskillende variasietaalvorme dui op verskillende wyses van gebruik in verskillende situasies, afhangende van wat die gespreksdoel is.

Net soos enige ander variasie geskik is vir die mense wat dit praat, is die Rieme se variasie geskik vir sy sprekers. Die verskil tussen hierdie variasie en ander variasies van Afrikaans lê daarin dat variasiegebruik neergekom op die toepassing van verskillende doeltreffendhede om binne die taalgemeenskap sinvol te kan kommunikeer.

AFDELING A

KODEVERMOËTOETS:

Sê hoe goed u die onderstaande sinne ken deur telkens een van die volgende vyf antwoorde te kies.

Antwoorde:

1. Ek ken dit en gebruik dit self.
2. Ek ken dit, maar gebruik dit nie self nie.
3. Ek het dit al gehoor, maar weet nie wat dit beteken nie.
4. Ek het dit nog nooit gehoor nie, maar dit kan Afrikaans wees.
5. Dit is nie Afrikaans nie.

Sinne:

1. het meneergoed daar gebore
2. as ons rou is, gaan ons skel kry
3. dit is in landsbelang dat landbou daar beoefen word
4. dis moeilik om te daar wegkom
5. ons is hier ver kom ingegooi
6. dis 'n noodsaaklike voorwaarde vir fisieke oorlewing
7. ons het hom hiervandaan loop begrawe
8. hy steek die vuur brand
9. darie predikant van ons het vir hulle daar ontmoet
10. sy's te sleg om te werk
11. die Bassonse, Dawidses en die Klimse bly daar
12. om te die plek te kry, is moeilik
13. die vee is opgedood
14. getalle is verhoudelik nie so groot dat dit 'n ommekeer kan teweeg bring nie
15. die begrip word dikwels ontoereikend verklaar

16. dis meer beter om daar te bly
17. dis hom syne
18. vroeërs is dit met waense gelaai
19. toe ons klaar sing, het die skool uitgekom
20. ek het in Kakamas gebore
21. die opvoedingstaak van die skool is nie eenduidig kwalifiseerbaar nie
22. ek sal poog om sake van universele betekenis uit te lig
23. die poliese het die stop gemaak
24. hulle was hier grootgeword
25. en dan is daar 'n plekketjie wat ons die peule insit
26. daar word die demokratiese beginsel van selfbeskikking gehandhaaf
27. ek was nog nie eers mens gewas nie
28. dat ons nie kan verstaan mekaar nie
29. hulle wend moderne tegnologiese hulpmiddels aan om tale te doseer
30. kom ugoedhulle van Windhoek af
31. dis wat julle se kinders moet doen
32. sy beskuldiging is heeltemal ongegrond
33. toe kom die kinders met hulle se paens en maens daar aan
34. ek slaan hom met 'n sambok saam
35. toet ek moes skoolgegaan het, wou ek nie
36. die gehoorgestremde verkies visuele take bo ouditiewe take
37. ons het amper gedoodbrand hier
38. die profesie het in Israel tot vervulling gekom
39. die voorstelle is net 'n propaganda-oefening
40. ek boer met bok en skaap
41. die staat beweer dat hy skuldig moet pleit
42. hulle het deur dekades heen nie tot hulle reg gekom nie
43. ek weet eens nie wie so gesê het nie

44. hy's ietwat oorbluf met die skielike meevaller so kort voor Kersfees
45. hy't hier met die leer ge-op
46. wat lê slaap jy so?
47. die suksesvolle aansoeker sal beslis die nodige ervaring moet hê
48. hy huldig 'n sterk standpunt
49. ons hoor die Nama lê hier
50. ek het gevergeet om te vra, maar gelukkig het jy geonthou

AFDELING A : ANTWOORDBLAD

OUERDOM:

GESLAG:

KWALIFIKASIE:

Vraag:

Antwoord:

	1	2	3	4	5
1.					
2.					
3.					
4.					
5.					
6.					
7.					
8.					
9.					
10.					
11.					
12.					
13.					
14.					
15.					
16.					
17.					
18.					
19.					
20.					
21.					

AFDELING 3


KASSETOPNAMES:

1. U van is Dawids/Klim/..... en u sê u voorouers was Damaras/Herero's/..... (Gebruik die van van elke persoon wat ondervra word.) Dit is nie 'n Damara/Hererovan nie. Hoe werk dit?
2. Hoe kry kinders name? (M.a.w. wie word vernoem en in watter volgorde?)
3. Waar kom die naam Riemvasmaak vandaan?
4. Bly u lekker hier in Damaraland? Waarom/waarom nie?
Die vraesteller moet informante lei om te praat oor:
werksomstandighede,
die skool,
die kerk.
5. Wat is die hoofrede(s) vir die swak menslike verhoudinge tussen die Damaras en die Riemvasmakers in die algemeen?
Die vraesteller moet informante lei om te praat oor:
die taal,
die wedersydse bedreiging van werksgeleenthede,
en die andersoortige kultuur.
6. Vertel hoe jy?
Vra elkeen om te beskryf wat hy goed kan doen - net een ding:
Byvoorbeeld:
om brood te bak,
suurdeeg te maak,
donkies in te span of
te skilder.
7. Volksverhale: Vertel enige ou verhaal wat u as kind by die grootmense gehoor het (nie wat u in die skool gehoor het nie).
Is daar enige gebruike rondom die vertel van 'n ou storie?
Word kinders soms betig deur vir hulle 'n storie te vertel? (M.a.w. het die vertel van stories opvoedkundige waarde?)
Hoekom vertel ons vir kinders stories?

8. Wat is die ergste manier waarop iemand u kan beledig?
9. Praat u 'n ander soort Afrikaans as u byvoorbeeld met Blankes praat of met Damaras?
Verduidelik.
10. Prente:
Vergelyk die prentepare en verduidelik telkens
 - a) In watter opsigte kom hulle ooreen of
 - b) in watter opsig verskil hulle?
 - c) Van watter een hou u die meeste? Hoekom?Laat hulle hul tyd gebruik en eers deurkyk.
11. Hoe verloop die trousereemonie?
12. Wat doen jy/u as iemand in die huis te sterwe kom?
13. Was u al ooit amper dood? Vertel daarvan.
14. Watter Riemvasmaakfamilies wat in Khorixas woon, ken u die beste?

A

1




2



B

1




2




C


1



2




3



D



1




2



E



F



G

1



2



H

1



2



I

1



2



J

1



2



3




4



5



6



PERSOONLIKE INLIGTING

OUDERDOM:

GESLAG:

WOONGEBIED:

ETNIESE GROEP: Oupa: Vader:
Ouma: Moeder:
Tot watter etniese groep behoort u?

BEROEP: Voorheen:
Nou:

TAAL: Eerste taal:
(m.a.w. die taal wat in die huis gepraat is)
Tweede taal:
Derde taal:
Watter taal het u ouers die beste gepraat?
.....
Watter taal praat u die beste?

HUIDIGE INKOMSTE: Onder R100 p.m.
Onder R200 p.m.
Onder R500 p.m.
Bo R500 p.m.
Bo R1000 p.m.

OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES: (hoogste skoolopleiding)
.....

HOE GEREELD LUISTER U NA DIE RADIO?

HOE GEREELD LEES U DIE KOERANT?

LEES U ENIGE ANDER TYDSKRIFTE OF BOEKE?

AFDELING C

VERKLEININGS EN MEERVOUDE:

Toets die verkleinings en meervoede van die onderstaande woorde deur telkens aan die informant te vra om die sin te voltooi, bv.:

Hierdie is 'n groot KAS, maar daar is 'n klein ?

Hier staan een KAS, maar daar staan twee ?

Doen eers 'n paar voorbeelde ter illustrasie om seker te maak dat hy/sy goed begryp wat van hom/haar verwag word.

Die vraesteller trek slegs 'n kruis deur die antwoord wat die informant gee.

		<u>VERKLEININGS</u>		<u>MEERVOUDE</u>	
<u>-ie:</u>					
1	bok	bokkie	bokkietjie		
2	klok	klokkie	klokketjie		
3	plek	plekkie	plekkietjie		
4	klip	klippie	klippietjie	klippe	klippers
5	sink	sinkie	sinkietjie	sinkplate	sinke
6	berg	bergie	bergietjie		
7	deeg	degie	degietjie		
8	graf	graffie	graffietjie	grafte	grawwe
9	stoof	stofie	stofietjie		
10	bees	besie	besietjie	beeste	bees
11	oes	oesie	oesietjie	oeste	oese
12	pos	possie	possietjie	poste	posse
13	kombers	kombersie	kombersietjie		
14	huis	huisie	huisietjie		
15	kruis	kruisie	kruisietjie		
16	sloop	slopie	slopietjie		
<u>-jie:</u>					
17	hout	houtjie	houtjietjie		
18	kind	kindjie	kindjietjie	kinders	kinderse
19	soldaat	soldaadjie	soldadietjie	soldate	soldade
20	maat	maatjie		maats	maters
21	put	putjie	puttietjie	putte	putse
22	veld	veldjie		velde	velte
23	trompet	trompetjie	trompettietjie		

	<u>VERKLEININGS</u>		<u>MEERVOUDE</u>	
	<u>-etjie</u>			
24	lam	lammetjie	lampie	
25	pan	pannetjie		
26	kar	karretjie		
27	polisie= man	polisie= mannetjie	polisietjie	polisiemanne poliese
	<u>-ng</u>			
28	ding	dingetjie		
29	dinges	dingesetjie		
	<u>-tjie</u>			
30	tuin	tuintjie	tuinietjie	
31	lorrie	lorrietjie		lorries lorriese
32	dier	diertjie	dierietjie	
33	suster	sustertjie	sussie	susters susterse
34	kitaar	kitaartjie	kitarietjie	
35	tannie	tannietjie		tannies tanniese
36	stoel	stoeltjie	stoelietjie	
37	vrou	vrouetjie		vrouens vrouense
38	onderwyser	onderwyser= tjie		onderwysers onderwyserse
39	winkel	winkeltjie		winkels winkelse
	<u>-pie</u>			
40	oom	oompie	omie	ooms oomse
41	probleem	probleempie		probleme probleme

TRAPPE VAN VERGELYKING:

Kies een van die antwoorde wat verstrek word:

1. Hierdie hemp pas goed; daardie gele pas (meer goed, beter, meer beter)
en
die rooie pas die (beterste, beste, goedste).

2. Willem is 'n gehoorsame kind; Piet is (meer gehoorsaam, gehoorsamer)
en
Jan is die (meeste gehoorsaam, gehoorsaamste).
3. Hierdie jas kos die minste; daar een kos die (meeste, veelste).
4. Op die stoep lê 'n klomp spykers, maar in die paiersak is die (meeste
klomp, grootste klomp, meeste).

OUDERDOM:

KWALIFIKASIES:

PLEK:

BEROEP:

BYLAE II

RESULTAAT VAN DIE KODEVERMOËLTOETS

AANTAL INFORMANTE WAT ONDERSKEIDELIK ELKE VRAAG GEANTWOORD HET


Table with columns for Age Group (OUERDOM), Gender (MANLIK / VROULIK), Answer Count (ANTWOORDDNUMMERS), and Qualification (Kwalifikasies). Rows 1-50 show individual informant responses across various questions. Summary rows at the bottom show total counts for age groups and qualification levels.

KAART 1

SUIDWES-AFRIKA/NAMIBIË




DAMARALAND



- 1. Palmwag
- 2. Otjihavera
- 3. Palm
- 4. Spaarwater
- 5. Bergsig
- 6. Nil Desperandum
- 7. Twyfelfontein
- 8. Fonteine
- 9. Vrede/Tsourob
- 10. Die Riet

KAART 3

RIEMVASMAAKRESERVAAT



B Y L A E IV

DISKOERSEENHEDE

A. 'n BESKULDIGING: 'n INFORMANT VERTEL

Soos eendag weet ek, ek Ons was vier meisiekinnars bymekaar gewees. My twee susters en nog 'n anner meisiekind, enne, ons het bokkraal toe gegaan. En so loop klim - ek meen klim my een - een sustertjie in die klein kraletjie in en sy haal 'n lammetjie yt. Sy goi die lammetjie so orie - orie - orie kraal - orie kraaldraad en so loop val 'ie lammetjie en soos hy geval 'et, toe breek sy voorbeentjie en hardloop my een sustertjie en sy loop sê vir my ma: "Die kinnars het die lammetjie e-e-e-e- breek gegooi." Toe sê die een sustertjie vir my ek meen vir my ma: "Dis 'ie daai kind 'ie" Dis 'ie daai sustertjie van my nie, dis ek - ek. Toe sê ek: "Dis 'ie ek 'ie. Ek was nooit in 'ie kraal gewees 'ie. Dis die ander sustertjie wat dit gedoen 'et." So beskuldig hulle mos mar ok vir 'n mens 'n ding wat jy nie gedoen 'et 'ie. Toet ek darem vrygeraak daai dag van 'ie pak slae af. So weet ek dan nou nie.

B. 'n BYENES WORD UITGEHAAL : 'n INFORMANT BESKRYF

Dit herinner my aan iets, want my pa het mos ook graag heuningneste ytgehaal, en soos ek, wat so nuuskierig was As dit naby die hys is, dan het ek altyd gesê: "Pa, ek gan sam." Dan vat hy vir my saam. En hulle't mos 'n lang stokkies gehad. Nie Soos nou Ek weet 'ie wat hulle nou die heuning Met die - net handskoene insteek en die heuning loop uithaal en afsny nie, maar daai tyd het hulle 'n lang stokkie gemaak wat So 'n twee mikkies het hy gehad word nou an daai lang stok vasgemaak, soos 'n vurk. Dan word die vuurtjie eers gemaak, da op 'ie grond en daar word dan nou die lang stok brand gemaak en dan word dit daar voor 'ie bek van die nes, word dit gehou. En as 'ie rook so intrek, dan kom vlie die bye yt en dan kom vat Pa nou daai kie - daai stok en dan hak hy nou al die heuning yt en dan word dit nou daar in 'ie emmertjie gesit, daar in 'ie emmertjie gesit totlat die emmertjie vol is, en dan mak hy weer daai plekketjie toe. Ek weet 'ie hoe word hy toegemaak 'ie - bek van 'ie gat. Mm, mar hy word 'ie heeltemaal - toegemaak 'ie. Hy word nou net so 'n openinkie gegee wat die bytjie kan ingaan en dan gaan ons hys toe. Dit her-inner my nou daaraan met die ou man saam.

C. 'n VERTELLING VAN EIE ERVARING

Toe's ons terug na 'n plaas wat 'le sê: Otjihavera. Daar was dit nou die leeus se neste - daar. Jou diere, jou beeste, bokke, moet jy bedags nou oppas. Saans moet jy hulle in die kraal hê. Sê hulle: "Nee, daar is nie leeus nie, olifante nie." Ons het hulle in hierdie wêreld daai goete eers kom sien - olifante. Ons het nóóit gesien nie. Ons het maar net in die boeke gesien, gehoor. Olifante, renoster, op Otjihavera. Daar het ons hulle gesien. Een aand, ons lê, toe hoor ons hoe die leeus oormekaar hardloop. Toe's dit nou een wat gevang is van die leeu. Namirrag toe gaan Die annerdag opgestaan, toe kyk ons. Nee wragtag, dit is. En Jordaan en Erik, die twee Boere,

V: Is sy van Eric of sy naam?

R: Sy naam. Dis twee Boere maar ons ken nie die Boere se vanne, maar ons was net gesê: baas Jordaan en baas Eric. So't ons hulle maar genoem. Kom hulle die annerdagmôre. Toe vra ons: "Baas is dit nou vanmôre nog - nog 'n lekker lewe hierie? Hier is die leeus het gisteraand 'n bok gevang." Toe gaan kyk hulle. "Nee, dis maar klein goedjies." Yster gestel, en wragtag Daai aand toe smaak die hys wat ons in bly (Daar was 'n ou Boer wat daar voorheen gebly het. Ons het mos gehoor hulle't die - die plase die Boere so uitgesit, en die plase so gekoop vir ons wat aankom. Toe't ons nou withuis - in 'n withuis gebly.) Daai ent toe smaak dit daai hys dryf so van die leeus omdat die Boere vir hule geskiet en toe sê ons: "Hier vertoef ons nie langer in daai plek nie, want jy kan nie onner hulle rus 'ie. Toe trek ons 1ste Desember van Otjihavera af De Riet toe, hier onner (.....) 'n plek, De Riet. Daar was dit nou Daar het ons nou Nou, daar het ons nou leeus gesien, daar by De Riet. Bees word gevang, bokke word doodgeklap. As ons nou klagte doen, sal hulle kom, en kom jag, so paar dae jag. Dan's weer stil. Ek het van die Rietpos af, het ek gesien: daar vertoef ek nie meer langer nie. Toe trek ek van De Rietpos af.

D. VERDUIDELIKING VAN DIE PAD

V: Hendrik Roman. Waar is hy nou?

R: Hy bly Hy bly in Meneer moet nog met die pad aanry en mens sal sommer sien as jy daarso by die groot - so daai - hierie groot kop - dour wat annerkant hierie een sit - hierse - daar wat die pad loop ytklim - sommer hier af - net so af - daar staan 'ie hyse.

V: Net so van die pad af?

R: Sommer van 'ie pad af sien. /Ehe/ En hier - en nou die einlike paditjie wat ons nou mee uitdraai, is nou semmer net soos 'n mens nou hier ytgan lat jy nou sien da gan die pat yt, dour-daaï.

V: Daaï hoogte uit?

R: Daaï hoogte yt, dan kan jy sommer sien hier draai 'n pad yt. Hy's nou maklik. Is nou einlik die wat ons mee gan da na die plaas toe. Aan 'ie lingerskant as jy nou opgan, draai sommer hier kort uit. Ek weet ok 'ie waarvoor daai man Gesê hy moet da 'n bord opsit lat ek net dam kan sien. Nou ja, mar hy's sommer hier net so yt 'n knik yt ry, dan ry jy so 'n entjie, dan kan jy sien hier gat hy uit an 'ie lingerskant. As jy nou daar so ry, dan kan jy sien dour sit twee grawe. Kan jy sommer sien daar is Steenkop - ek meen kopstene. Nou ja, sommer heel ent duskant die grawe, da draai jy yt. (-----) Aan 'ie linkerkant van 'ie grawe gaan jy verby. So loop gaat hy nou daar in 'ie leegte af. leegte deur is, da staan 'ie hys.

V: Mens sal hom van die pad af kan sien, die huis?

R: Ja, as jy nou - as jy nou so aanhou ry, dan moet jy nou nog Ry 'n ent en dan loop draai jy nou so af. Da gan 'n pad so af.

V: So, ek gaan die eerste een wat ek kan afdraai?

R: Ja, meneer kan nou hierie ene gaan vat. Hy's nou die veiligste. Daaï een gaan nou darem bietjie lelik da af. Hierie enetjie is nou eintlik die pad wat 'le - ons mee ry.

V: Hoe ver is dit nou van jou uitdraaipad af soentoe?

R: Nee, hy's allesware nader as aan hierie plaas hienatoe.

V: Nader?

R: Hy's nader. Ek loop hom elke mōre, loop ek hom mos mar met die voet sam soentoe - werk toe.

E. 'n BESKRYWING VAN 'n MOONTLIKE VALSBESKULDIGING

Baie keer vermoed jy mos maar die - daai iemand - dit moet net daai iemand wees wat dit gedoen 'et en dan is dit 'ie so nie - partykeer. () In baie gevalle - as jy miskien - soos miskien het ek vandag miskien bokke opgepas en daar word miskien as ons miskien mooi nou - Miskien twee, my buurvrou en ek, miskien onse bokke saam en ek het vandag die bokke opgepas en daar word 'n lam van haar ges gevang van die jakkals, dan gee sy presies net so: dit is my skuld, want waar was ek gewees vir 'ie bokke. Dan was ek miskien daar, maar dan het die bokke miskien - dan was daar 'n klomp wat agter loop en dan's dit in die voorste span wat die jakkals gevang het, waar ek 'ie kon gesien 'et 'ie. Nou sê sy: hoekom moet dit dan nou juis haar bok, haar lam wees wat gevang word? En ek is tog wettig onskuldig, want ek het mos 'ie gesien nie. Ek kom ok net op 'ie geraamte af. In sukke gevalle (word jy vals beskuldig).

F. 'n VERHAAL

Daar was 'n dors bok gewees. As die bok net staan Die bok mag 'ie aan geraak word nie. Die bok is 'n bok, net so 'n stuk uier en dan't Hy't melk.

Dit loop vanmôre veld toe en loop soek donkies, en as ek begin honger en hulle kom by die bok, dan nog net die speen vat en (tsst) Dan net so een trek, twee trekke van hom gee in my mond en maar weer loop. So is die bok se storie aan.

Dan 'n jakkals Jakkals wou eendag gaan jag. Die môre toe hy hiervenaan loop, van die huis af loop, dan loop vat hy ook 'n trek, net een trek by die speen. Nee, hy jag, jag, jag, jag, heeldag jag. Nee, hy maak niks. Terugkom, toe kom vat hy weer 'n trek by die bok. Toe vra hy vir die bok: "Maar waffer bok is jy nou wat nie kan geslag raak nie, wat so bly?" Die bok sê: "Nee, ek mag nie geslag word nie. Bly maar net so. Jy sal dors ly. As jy vir my slag, sal jy dors ly." Nou ja, "Dis 'ie waar 'ie."

Jakkals vat die bok en hy slag die bok en hy steek die bok in sy sak in. Hy braai en eet. Wat hy wou geëet het, het hy geëet en die ander vat hy huis toe. Maar dan's hy nou dors - hy wat Jakkals is. Ek meen hy't vet geëet, hy's dors. Hy moet water drink. Dan kom hy daar by 'n gat wat hy ok ken het, 'n ou gorra. Daar kom, die gorra is droog.

Nou ja, hy loop nou weer so, dour met sy ooglede. Daar's weer 'n (.....) gat by 'n plek wat hy so Weet vanmôre het hy water gehad en hy sal hom daar Die (.....) gat is kurkdroog, kurkdroog. Daar's niks. Hy loop en hy wag. Kyk, Grootrivier loop (.....) Hoor daar raas hy. Hy moet water hê. Grootrivier. Daar gekom, die Grootrivier is kurkdroog. Daar's niks. Hy't ook Sy vleis in die sak is lig. Hy het hom, maar hy's gelowig. Hy sê: "Nee wag, by die huis móët water wees." Daar't hy 'n vrou. Die ou gekom: Nou: "Gee daar water!" Die vrou skep die water met die beker en vir hom net die beker gekom gee. Die beker is kurkdroog.

Nog 'n rukkie later toe gaan vra hy weer. Die vrou vra: "Wat is dit dan dat jy so baie water drink?" Toe sê hy: nee, hy kry nie water nie.

Die beker is (.....) met die bietjie. Dié vra vir hom: "Ou man, was jy nie vandag by die dors bok nie?" Hy sê: "Ja." "Wat het jy gemaak?" "Nee," hy sê: "ek het net daar twee trekke getrek." "Het jy nie dalk die bok geslag nie?" "Ja."

"Nou waar's die bok se vleis?" Hy sê: "Hierso in die sak." Sy sê: "Ou man, vat daai bok se vleis net soos hy daar is en gaan terug en loop sit hom aanmekaar net daar waar jy hom gekry het. Vat hom en gaan terug!" "Ja."

Jakkals was ook gehoorsamig en het ook net so gemaak. Net mooi loop aanmekaar gesit en terugkom. Die eerste gorratjie wa hy ook geken het, wat hy weet van water, toe hy daar kom, toe is daar water. Toe drink hy.

By die huis gekom, toe gee die vrou water. Toe drink hy ook. So, dis nie 'n bok nie. Elke mens wat daar kom, of enige dier moet net 'n een trek trek. Hy mag ook nie twee trek nie, hy moet net een trek. As (hy) loop, moet hy net een trek. As hy terugkom, altemit kan hy maar weer trek. Jy moet net een vat, net een, net een.

BELL, R.T. 1976. Sociolinguistics: goals, approaches and problems. London : B.T. Batsford.

BIRDWHISTLE, R.L. 1972. Paralanguage twenty-five years after Sapir. (In Laver, J. & Hutcheson, S. eds. Face-to-face communication. Harmondsworth : Penguin.)

BOËSEKEN, A.J. 1977. Slaves and free blacks at the Cape. 1658-1700. Kaapstad : Tafelberg.

BOTHA, J.P. 1980. Indirekte voorwerp/medevoorwerp versus pro-adjunk. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 20(3).

BRUNER, JEROME S. 1971. The relevance of education. London : George Allen & Unwin.

BRUWER, J.P. 1965. Die Khoisan- en Bantoebevolking van Suidwes-Afrika. Windhoek : SWA Wetenskaplike Vereniging.

BURLING, R. 1970. Man's many voices. Language in its cultural context. New York : Holt, Rinehardt & Winston.

CHAMBERS, J.K. & TRUDGILL, PETER. 1980. Dialectology. London : Cambridge Univ. Press.

CHESHIRE, JENNY. 1982a. Variation in an English dialect. A sociolinguistic study. London : Cambridge Univ. Press.

CHESHIRE, JENNY. 1982b. Linguistic variation and social function. (In Romaine, S. ed. Sociolinguistic variation in speech communities. Suffolk : Richard Clay.)

COMBRINK, JOHAN. 1981. Kom en gaan. (In Sinclair, A.J.L. red. Kongres-referate : Linguistevereniging van Suider-Afrika.)

COMBRINK, JOHAN. 1983. Uniek Afrikaanse familienam. (In Sinclair, A.J.L. red. G.S. Nienaber - 'n huldeblyk. Bellville : UWK Drukkery.)

DE BEAUGRANDE, R. & DRESSLER, WOLFGANG. 1981. Introduction to text linguistics. London : Longman.

DE BRUYN, P.S. 1982. Betekenis en gebruik. Literator, 3(3): PU vir CHO.

DE KLERK, W.J. 1972. Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans. (In Van der Merwe, H.J.J.M. red. Afrikaans, sy aard en ontwikkeling. Pretoria: Van Schaik.)

DE WET, A.S. 1984. Vir-konstruksies in Griekwa-afrikaans. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Pretoria : RGN.)

DU PLESSIS, C. 1984. Die mededinging tussen die manlike en vroulike voornaamwoord in Afrikaans. (Verhandeling (MA) - UOVS.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. reds. Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria: Academica.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1984a. Die handhawing van Afrikaans. (In Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. reds. Stand, taak, toekoms. Pretoria : Opvoedkundige Uitgewery.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1984b. Die analise van 'n Griekwa-vertelling. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Pretoria : RGN.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1984c. Sintaksis. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Pretoria : RGN.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1984d. Afrikaans en sy moontlikhede in SWA/Namibië. (Ongepubliseerde lesing gelewer by die Akademie in Windhoek.)

DU PLESSIS, L.T. 1984. Implikasies van morfologiese prosesse in die Afrikaans van die Griekwas. (In Van Rensburg, M.C.J. red. 1984. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Pretoria : RGN.)

EDMONDSON, WILLIS. 1981. Spoken discourse. A model for analysis. London: Longman.

ELPHICK, R. 1977. Kraal and castle. London : Yale Univ. Press.

ELPHICK, R. & GILOMEE, H. eds. 1979. The shaping of a South African society. Cape Town : Longman.

FASOLD, R.W. & SHY, R.W. eds. 1974. Studies in language variation: semantics, syntax, phonology, pragmatics, social situations, ethnographic approaches. New York : Mouton Publishers.

FISHMAN, J.A. ed. 1977. Readings in the sociology of language. New York : Mouton Publishers.

FISHMAN, JOSUA; COOPER, R.L. & MA, ROXANA. 1971. Bilingualism in the Barrio. The Hague : Indiana Univ. Press.

FREEDLE, ROY O. ed. 1979. New directions in discourse processes. New Jersey : ABLEX Publishing Corporation.

GRAY, BENNISON. 1977. The grammatical foundations of rhetoric discourse analysis. New York : Mouton Publishers.

HALLIDAY, M.A.K. 1979. Language as social semiotic. The social interpretation of language and meaning. London : Edward Arnold.

HATTING, J.L. 1983. Naamgewing aan slawe en ander gekleurdes. Kronos, 6 : UWK.

HEESE, C.P. 1982. Sendingonderwys in S.W.A. 1806-1870. 'n Kritiese beskouing van bepaalde aspekte. (Plek en uitgewer onbekend.)

HORREL, MURIEL. 1967. South West Africa. Johannesburg : S.A. Institute of Race Relations.

HUDSON, R.A. 1982. Sociolinguistics. London : Cambridge Univ. Press.

JENKINSON, A.G. 1984. Morfologie. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Pretoria : RGN.)

KEENAN, ELINOR O. 1974. The universality of conversational implicatures. (In Fasold, R.W. & Shy, R.W. Studies in language variation: semantics, syntax, phonology, pragmatics, social situations, ethnographic approaches. New York : Mouton Publishers.)

KEMPEN, W. 1940. Die verkleinwoord in Afrikaans. Kaapstad : Nasau.

KEMPSON, RUTH. 1979. Semantic theory. London : Cambridge Univ. Press.

KLOPPER, R.M. 1983. Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. reds. Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria: Academica.)

LABOV, W. 1966. The social stratification of English in New York City. Part 2. New York : Univ. Microfilms international.

LABOV, W. 1970. The study of language in its social context. Stadium Generale, 23.

LABOV, W. 1972. On the mechanism of linguistic change. (In Gumperz, J.J. & Hymes, D. eds. Directions in sociolinguistics. The ethnography of communication. New York : Holt, Rinehardt & Winston.)

LABOV, W. 1977. The reflection of social processes in linguistic structures. (In Fishman, J.A. ed. Readings in the sociology of language. New York : Mouton Publishers.)

LAU, BRIGITTE. 1982. The emerge of kommando politics in Namaland, Southern Namibia 1800-1870. (Verhandeling (MA) - Kaapstad.)

LEECH, GEOFFREY. 1983. Principles of pragmatics. London : Longman.

LINKS, T.H. 1984. Die Afrikaans van die Kharkams. (Proefskrif (D.Phil.)- Stellenbosch.)

MC ENTEGART, DAMAIN & LEPAGE, R.B. 1982. An appraisal of the statistical techniques used in the sociolinguistic survey of multilingual communities. (In Romaine, Suzanne. ed. Sociolinguistic variation in speech communities. Suffolk : Richard Clay.)

MERRIT, MARILYN. 1974. The playback: An instance of variation in discourse. (In Fasold, R.W. & Shy, R.W. eds. Studies in language variation: semantics, syntax, phonology, pragmatics, social situations, ethnographic approaches. New York : Mouton Publishers.)

ODENDAL, F.F. 1983. Aspekte van taal. Goodwood : Nasionale Boekdrukkery.

PETYT, K.M. 1980. The study of dialect: An introduction to dialectology. Worcester : The Trinity Press.

PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria : Van Schaik.

PRINSLOO, S.M.C. 1984. Anaforiek. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Pretoria : RGN.)

RADEMEYER, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en die Rehoboth-Basters. Amsterdam : NV Swets & Zeitlinger.

RAIDT, E.H. 1969. Afrikaans en sy Europese verlede. Johannesburg: Nasau.

RAIDT, E.H. 1969. Die gebruik van vir in objekkonstruksies. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 9(1).

REINHARD, WOLFGANG. 1982. Hendrik Witbooi. Afrika den Afrikanern! Aufzeichnungen eines Nama-Häuptlings aus der Zeit der deutschen Eroberung Südwestafrikas 1884 bis 1894. Bonn : J.H.W. Dietz.

REINHART, TANYA. 1983. Anaphora and semantic interpretation. London: Croom Helm.

ROMAINE, SUZANNE. 1982. Sociolinguistic variation in speech communities. Suffolk : Richard Clay.

SAVILLE-TROIKE, MURIEL. 1982. The ethnography of communication. An introduction. Oxford : Basil Blackwell.

SCHOLTZ, J. du P. 1965. Die Afrikaner en sy taal. Johannesburg : Nasau.

SCHOLTZ, J. du P. 1981. Taalhistoriese opstelle. Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans. Kaapstad : Tafelberg.

SEARLE, J.R. 1969. Speech acts. An essay in the philosophy of language. London : Cambridge Univ. Press.

SHERER, KLAUS R. & GILES, HOWARD. 1979. Social markers in speech. London : Cambridge Univ. Press.

SINCLAIR, A.J.L. red. 1983. G.S. Nienaber - 'n huldeblyk. Bellville: UWK Drukkery.

STEYN, J.C. 1976. 'n Paar sintaktiese onvastighede in Afrikaans. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 20(3).

STEYN, J.C. 1980. Tuiste in eie taal. Kaapstad : Tafelberg.

STUBBS, M. 1984. Discourse analysis. The sociolinguistic analysis of natural language. London : Basil Blackwell.

TRUDGILL, P. 1979. Standard and non-standard dialects of English in the United Kingdom: problems and politics. International Journal of the Sociology of Language, 21.

VAN JAARVELD, G.J. red. 1982. Wat sê jy? Johannesburg : McGraw-Hill Boekmaatskappy.

VAN JAARVELD, G.J. 1984a. Van sit en staan en lê ... Aspekte van die semantiek van staan, sit en lê in Afrikaans. S.A. Tydskrif vir Taalkunde, 2(1).

VAN JAARVELD, G.J. 1984b. Gesprekspatrone. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Pretoria : RGN.)

VAN RENSBURG, M.C.J. 1983a. Inleiding: die bestudering van taalvariante. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. reds. Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria: Academica.)

VAN RENSBURG, M.C.J. 1983b. Taalhandelinge en vertaling. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 23.

VAN RENSBURG, M.C.J. 1984a. Oorsig. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Pretoria : RGN.)

VAN RENSBURG, M.C.J. 1984b. Inleiding. (In Van Jaarsveld, G.J. red. Wat sê jy? Johannesburg : McGraw-Hill Boekmaatskappy.)

VAN SCHALKWYK, D.J. 1984. Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-Basters. (Proefskrif (D.Phil.) - RAU.)

VEDDER, H. 1981. Das alte Südwestafrika. Windhoek : SWA Wetenskaplike Vereniging.

WALRAVEN, THEO. 1975. Taalgebruik en taalwetenskap. Amsterdam: Van Gorcum.

WARREN, WILLIAM. 1979. Event chains and inferences in understanding narratives. (In Freedle, Roy O. ed. New directions in discourse processes. New Jersey : ALEX Publishing Corporation.)

WEBB, W.N. & DE VILLIERS, A. 1985. Standaardafrikaans: Chomskities of Laboviaans? (In Van Rensburg, M.C.J. red. Kongresreferate: Linguistevereniging van Suider-Afrika.)

ZABY, A. 1982. Die Riemvasmaker. Windhoek : SWA Wetenskaplike Vereniging.

KOERANTE:

CAPE TIMES: 12/10/1973; 28/01/1974, Kaapstad.

DIE REPUBLIKEIN: 1974 - 1982, Windhoek.

DIE SUIDWESTER: 18/10/1985, Windhoek.

BRIEWE:

BURO VIR SAMEWERKING EN ONTWIKKELING: Verskuiwing Riemvasmakers. (M.K. Mentz - J.J. Fourie, Januarie 1985.)